’n Ondersoek na die benutting van ’n ontwikkelingsbatesraamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening

Viola Jo-Anne Fransman

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes

vir die graad Magister in Praktiese Teologie (Jeugwerk)

aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr. A. Cloete

Medestudieleier: Dr. J. Grobbelaar

Fakulteit Teologie

Departement van PraktieseTeologie en Misiologie

Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek, die ondergetenkende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ’n graad voorgelê het nie.

Handtekening .....

Datum .....

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die studie poog om mee te werk in die soeke na ‘n meer praktykgerigte raamwerk vir kinderbediening wat meer holisties en volhoubaar is. Die studie stel ondersoek in na die benutting van die 40 Batesraamwerk van die Search Instituut vir ’n meer volhoubare kinderbediening.

Na aanleiding van die navorsingsprobleem word die navorsingsvraag soos volg geformuleer: Kan die 40 Batesraamwerk bydra tot ’n meer volhoubare kinderbediening?

Die doel van die studie is om:

- Eerstens te probeer vasstel watter bydrae die Veertig Ontwikkelingsbates tot ’n meer volhoubare kinderbediening kan maak;.
- Tweedens kinderwerkers meer bewus te maak van ander goeie bedieningspraktyke buite hulle eie konteks en denkraamwerk, en ook riglyne te bied oor die gebruik van so ’n raamwerk;
- Derdens mee te help tot akademiese nadenke oor kinderbediening binne die Suid Afrikaanse konteks.

In hoofstuk een is die navorsingsprobleem en metodiek van die navorsing bespreek. Ten einde die navorsingsvraag te probeer beantwoord, word daar in hoofstuk twee heel eerste aandag gegee aan die bespreking van enkele uitdagings met betrekking tot kinderbediening in Suid-Afrika, ‘n bespreking oor invloede op kinderbediening volg waarna moontlike modelle en metafore vir kinderbediening in ’n Suid-Afrikaanse konteks verken word. Die konklusie van die verkenning is dat die bedienningsmodelle kinders meestal slegs binne die konteks van die kerk “ontvang” maar dat die res van die kontekste waarin kinders leef byvoorbeeld die huis, skool, vriende en die gemeenskap baie min of glad nie kinders holisties en volhoubaar akkomodeer nie. In hoofstuk drie word die 40 Batesraamwerk meer breedvoerig bespreek en die redes waarom dit as raamwerk vir meer volhoubare kinderbediening oorweeg behoort word, verken. Hierdie tydsgewrig vereis dat die kerk deur kinderbediening misionaal behoort op te tree teenoor ander kinders wat nie deel is van die gemeente nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk vier beskryf die navorsingsmetodologie wat gevolg is in die studie en bespreek temas wat geïdentifiseer is tydens die interpretering van die data verkry uit die ondersoek. In hoofstuk vyf word gevolgtrekkings en konklusies gemaak uit die studie in geheel.

Die vernaamste bevindinge is dat:

- Meer akademiese navorsing oor kinderbediening nodig is;
- Kinderbediening ‘n inklusiewe bediening is;
- Langtermynoplossings vir kinderbediening nodig is;
- Kontekstualisering van die 40 Batesraamwerk moontlik is;
- Die verantwoordelikheid om bates te bou, by almal berus;

’n Meer waarderende houding teenoor kinders nodig is.Die konklusie van die studie is dus dat die 40 Batesraamwerk wel oorweeg behoort te word as raamwerk vir meer volhoubare kinderbediening aangesien dit al die kontekste waarin kinders leef, aanspreek en dus meer inklusiewe bedieningsbenadering ten opsigte van konteks maar ook menswees kan bevorder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

This study attempts to contribute to search for a more ministry appropriate framework that will cause children's ministry to be more holistic and sustainable. It explores the 40 Developmental Asset framework of the Search Institute for more sustainable children's ministry.

The research question has been formulated as follows: Can the 40 Developmental Asset framework contribute to a more sustainable Children's ministry.?

The purpose of the study is to:

- Firstly try and determine what contribution this framework can make to sustainable children's minsitry.
- Secondly make children's workers more aware of the good ministry practices outside their context and paradigm and to give guidelines of the use of such pracitce.
- Thirdly to contribute to more academic thought and discussion about children's ministry in a South African context.

In chapter one the research problem is defined and the research methodology discussed. Chapter two pays attention to certain challenges for children's ministry in a South African context after which discussions about factors that influences children's ministry, follows. A discussion about current ministry models and metaphors for children's ministry is also done. The conclusion of this exploration is that these ministry models mainly accommodate children in one context, namely the church and largely ignores the other contexts of children's lives. These contexts include their home, school, friends and the larger community of which they are part of and therefore does not accommodate children's ministry in a holistic sustainable manner. In chapter three a more detailed discussion of the asset framework and its potential for sustainable ministry follows. The current age we live in urges the church to return to her missional calling by attempting to reach out to children that is not part of the church, meaning it should attempt to be more inclusive in its ministry efforts to children.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Chapter four describes the research methodology followed in this study and discusses the themes identified in the interpretation of the data derived from the research. In chapter five conclusions based on the research are made.

These conclusions include that

- More academic research about children's minsitry is needed;
- Children's ministry is and inclusive ministry;
- Contextualization of the asset framework is possible;
- The responsibillities to build assets in children is everyone's responsibillity;
- That a more appreciative attitude towards children should be cultvated and practiced;

The conclusion of the study is that the 40 Developmental Asset framework should be considered as a possible framework for more sustainable ministry. The reason being that it accomodates all the contexts of children's lives and is thus more inclusive of contexts and the addresses the whole being of children.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Baie dankie aan my studieleier dr Cloete vir al die geduld en ondersteuning tydens my studies. Dr Grobbelaar, my hulp studieleier, baie dankie vir die motivering en raad. Baie dankie aan al die personeel van Petra Kollege vir die ruimte wat julle my gegee het om student te kon wees, dankie vir die verstaan en die gebede. Baie dankie aan my ma Joyce Adams, dat jy nooit opgehou het om in my te glo en vir my te bid nie. Laastens, dankie Jesus vir so ‘n groot geleentheid om te kon studeer en die studies te kon voltooi.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Aard en omvang van die studie 13

1.1 Inleiding 13
1.2 Agtergrond van die navorsing 13
1.3 Motivering vir die navorsing 14
1.4 Navorsingsprobleem 15
1.4.1 Navorsingsvraag 18
1.5 Doel van die studie 19
1.6 Navorsingmetodologie 19
1.6.1 Literatuuroorsig 19
1.6.2 Empiriese Ondersoek 19
1.6.2.1 Dataversamelingstegnieke 20
1.6.2.2 Steekproef 20
1.6.2.3 Voortoetsing 21
1.7 Waarde van die studie en bydrae tot praktiese teologie 21
1.8 Beperkinge van die navorsing 23
1.9 Sleutelkonsepte 24
1.9.1 Kinders 24
1.9.2 Kinderbediening 24
1.9.3 Volhoubaarheid 25
1.9.4 Holisties 25
1.9.5 Gemeenskapstransformerend 26
1.9.6 Ontwikkelingsbatesraamwerk 27
1.9.7 Missionaal 27
1.10 Hoofstukindeling 27

Hoofstuk 2: ’n Oorsig van kinderbediening in Suid-Afrika 28

2.1 Inleiding 28
2.2 Uitdagings met betrekking tot kinderbediening
2.2.1 Wat is Kinderbediening? 28
2.2.2 Die uitdaging van komponente van ’n meer volhoubare kinderbediening 29
2.3 Faktore wat kinderbediening beïnvloed 30
2.3.1 Die familie as faktor 33
2.3.2 Sosio-ekonomiese faktore 33
2.3.2.1 Die sosiale uitsluiting van kinders 36
2.3.2.2 Armoede 36
2.3.2.3 Opvoeding 37
2.3.2.4 Inligtingsera 39
2.4 Verskillende modelle vir kinderbediening 41
2.4.1 Bedieningsmodelle 44
2.4.1.1 Bedieningsmodel 1: Ignorering en miskenning 45
2.4.1.2 Bedieningsmodel 2: Fragmentasie en isolasie 45

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.1.3 Bedieningsmodel 3: Akkommodasie 46
2.4.1.4 Bedieningsmodel 4: Integrasie 47
2.4.2 Metafore vir kinderbediening en gepaardgaan modelle 47
2.4.2.1 Skool-model 48
2.4.2.2 Wen-'n-prys-model 48
2.4.2.3 Karnaval-model 49
2.4.2.4 Pegrimsreis-model 49
2.4.2.5 Dans-met-God-model 50
2.4.3 Geloofsvorming en Kinderbedieningsmodelle 51
2.4.3.1 Kwadrant 1: "Contemplative Reflective Models" 51
2.4.3.2 Kwadrant 2: "Instructional Analytical Models" 52
2.4.3.3 Kwadrant 3: "Pragmatic Participatory Models" 52
2.4.3.4 Kwadrant 4: "Media Driven Active Engagement" 52
2.5 Samevatting 53

Hoofstuk 3: Die ontwikkelingsbatesraamwerk as moontlike raamwerk tot 'n meer volhoubare kinderbediening 55

3.1 Inleiding 55
3.2 Historiese oorsig van die ontwikkelingsbatesraamwerk 56
3.3 Eksterne en interne bates van die batebou-raamwerk 59
3.3.1 Kategorie 1: Ondersteuning 60
3.3.1.1 Familie-ondersteuning 61
3.3.1.2 Positiewe kommunikasie binne die familie 61
3.3.1.3 Verhoudings met ander volwassenes 61
3.3.1.4 'n Woonbuurt wat omgee 62
3.3.1.5 'n Skool wat omgee 62
3.3.1.6 Ouers wat betrokke is by hulle kinders se skoolwerk 62
3.3.2 Kategorie 2: Bemagtiging 63
3.3.2.1 Volwassenes se persepsie van kinders en jeug 64
3.3.2.2 Die noodsaaklikheid van diens aan ander 64
3.3.2.3 Kinders se veiligheid word verseker 64
3.3.2.4 Kinders en jongmense speel 'n positiewe rol in die gemeenskap 65
3.3.3 Kategorie 3: Grense en verwagtinge 65
3.3.3.1 Gesinsgrense 66
3.3.3.2 Skoolgrense 66
3.3.3.3 Gemeenskapsgrense 67
3.3.3.4 Volwasse rolmodelle 67
3.3.3.5 Positiewe invloed van die portuurgroep 67
3.3.3.6 Hoë verwagtinge 68
3.3.4 Kategorie 4: Konstruktiewe gebruik van tyd 68
3.3.4.1 Kreatiewe aktiwiteite 69
3.3.4.2 Programme vir kinders 69
3.3.4.3 Die rol van die geloofsgemeenskap 69
3.3.4.4 Hoe kinders hul tyd by die huis bestee 69
3.3.5 Kategorie 5: Kinders se toegewydheid aan hul skoolwerk 70
3.3.5.1 Kinders se gemotiveerdheid om te presteer 70
3.3.5.2 Kinders se betrokkenheid by leerprosesse 70

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.5.3 Kinders voltooi hulle huiswerk en handig dit betyds in 71
3.3.5.4 Ouerbetrokkenheid by hul kinders se skool 71
3.3.5.5 Kinders lees vir die plesier 71
3.3.6 Kategorie 6: Positewe Bates 72
3.3.6.1 Omgee vir ander 72
3.3.6.2 Gelykheid en sosiale geregtigheid 73
3.3.6.3 Integriteit 73
3.3.6.4 Eerlikheid 73
3.3.6.5 Verantwoordelikheid 74
3.3.6.6 Gesonde leefstyl 74
3.3.7 Kategorie 7: Sosiale vaardighede 74
3.3.7.1 Beplanning en besluitneming 74
3.3.7.2 Interpersoonlike vaardighede 75
3.3.7.3 Kulterele vaardighede 75
3.3.7.4 Weerbaarheid 75
3.3.7.5 Vreedsame konflikhantering 75
3.3.8 Kategorie 8: Positiewe identiteit 76
3.3.8.1 Persoonlike krag 76
3.3.8.2 Selfbeeld 76
3.3.8.3 Kinders se sin vir wat die lewe beteken 77
3.3.8.4 Positiewe toekomsvisie 77
3.4 Waarde van die ontwikkelingsbatesraamwerk vir Praktiese Teologie 77
3.4.1 ’n Inklusiewe bediening 80
3.4.2 Kinders word “ontvang” in die gemeenskap 82
3.4.3 Meting van bates 83
3.4.4 Bates verskil van plek tot plek 84
3.4.5 Die Eklesiologiese verstaan van die Ontwikkelingsbatesraamwerk 87
3.5 Samevattig 88

Hoofstuk 4: Die Stellenbosch Batebou Net-werk as konteks vir die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk 92

4.1 Inleiding 92
4.2 Navorsingsmetodologie 92
4.2.1 Navorsingsvraag 92
4.2.2 Oorhoofse doel van die studie 93
4.2.3 Voortoetsing 93
4.2.4 Etiese Oorwegings 94
4.2.5 Steekproefneming 95
4.2.6 Eenheid van ontleding 95
4.2.7 Dataversamelingstegnieke 96
4.2.7.1 Vereistes vir deelnemers 97
4.2.7.2 Voordele van semi gestruktureerde onderhoudvoering 97
4.2.7.3 Die onderhoude en verwerking van data verkry uit die onderhoude 98
4.3 Kwalitatiewe navorsing 99
4.3.1 Die kwalitatiewe navorsing toepaslik vir hierdie studie 99
4.3.1.1 Literatuuroorsig 100

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.2 Empiriese Metodologie 100
4.4 Data-ontleding van die semi-gestruktureerde onderhoude 101
4.4.1 Tema 1: Implementering van die ontwikkelingsbatesraamwerk deur die Stellenbosch Batebou Netwerk 102
Jeugbyeenkomste 103
Volwassenes 107
Interaksie met ander rolspelers 108
4.4.2 Tema 2: Resultate van die implementering van die Stellenbosch Batebou Netwerk 109
Korttermynresultate 110
Langtermynresultate 110
4.4.3 Tema 3: Voordele van die ontwikkelingsbatesraamwerk 115
4.4.4 Tema 4: Probleme ervaar met die implementering van die ontwikkelingsbatesraamwerk 118
Wantroue of weerstand deur gemeenskappe 118
Gebrek aan samewerking tussen verkillende organisasies/groepe 119
Nie genoegsamen fondse en beperkte tyd 123
Belangrike probleme kom nie onder die soeklig nie 123
Leemtes in die ontwikkelingsbatesraamwerk 124
Voeding en gesondheid kom nie ter sprake nie 125
Die ontwikkelingsbatesraamwerk sluit nie die waarde van respek in nie 126
Wie moet die gesprek aan die gang sit? 126
4.4.6 Tema 5 - Voorstelle vir die pad vorentoe 127
Samewerking tussen verskillende rolspelers in die gemeenskap en samelewing 127
Kontekstualisering van die ontwikkelingsbatesraamwerk 130
Eienaarskap van die gebruik van die 40 Ontwikkelingsbatesraamwerk 132
Navorsing 133
Kontinuïteit 134
4.5 Samevatting 135

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings 137

5.1 Inleiding 137
5.2 Gevolgtrekkings 138
5.2.1 Meer akademiese navorsing is nodig 138
5.2.2 Kinderbediening as inklusiewe bediening 139
5.2.3 Langtermynoplossings is nodig 139
5.2.4 Paradigmaskuiwe is nodig 140
5.2.5 Oop gesprekvoering is noodsaaklik 140
5.2.6 Kontekstualisering van die ontwikkelingsbatesraamwerk 141
5.2.7 Ontbrekende bates 141
5.2.8 Die verantwoordelikheid om bates te bou, berus by almal 142
5.2.9 ’n Meer waarderende benadering is nodig 142
5.2.10 Assessering moet gedoen kan word 143
5.2.11 Samevatting 143
5.3 Aanbevelings 144
5.4. Moontlike verderde navorsing 144

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bibliografie 147

Addendum 1: Search Institute's Framework of Developmental Assets 161

Addendum 2: Toestemmingsbrief aan potensiële deelnemers 162

Addendum 3: Stellenbosch Universiteit:
Toestemming vir deelname aan navorsing 163

Addendum 4: Brief van toestemming vir etiese klaring 169

Addendum 5: Onderhoudskedule 170

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Aard en omvang van die studie

1.1 Inleiding

Grobbelaar (2008:168-191) is van mening dat veranderinge nodig is ten opsigte van Kinderbediening, op internasionale sowel as plaaslike vlak, en dat paradigmaskuiwe noodsaaklik geword het. ’n Raamwerk wat moontlik gebruik kan word om ’n paradigmaskuif in Kinderbediening te help bewerkstellig, is die Search Institute se Veertig Ontwikkelingsbates (Search Institute 2010). In hierdie hoofstuk wil die navorser poog om te motiveer waarom hierdie raamwerk gebruik kan word as moontlike raamwerk vir meer volhoubare kinderbediening. Hierdeur wil die navorser dan ’n bydrae lewer tot die gesprek oor ’n moontlike paradigmaskuif wat kan lei tot ’n meer volhoubare Kinderbediening. In die eerste deel van die hoofstuk word die navorsingsprobleem sowel as die motivering vir die navorsing omskryf. In die tweede deel van die hoofstuk word die metodologie wat gevolg gaan word in hierdie navorsing bespreek. Die hoofstuk sluit af met die verduideliking van sleutelkonsepte wat in die navorsing gebruik word.

1.2 Agtergrond van die navorsing

Senter et. al. (2001:155) het oor jeugbediening in die algemeen die volgende uitspraak gemaak: “The faith community has not yet figured out what to do with young people.” Dit wil voorkom asof hierdie uitspraak ook van toepassing is op kinderbediening in Suid Afrika. Kinderbediening is in vele opsigte vir die breër geloofsgemeenskap in ons land iets waaroor maklik gepraat word, maar waaraan dikwels weinig gedoen word.

Ongeveer 31.3% van Suid Afrika se amper 51.8 miljoen inwoners is kinders onder die ouderdom van 15 jaar (Statitstics South Africa 2012). Veertien miljoen van hierdie ongeveer sewentien miljoen kinders is onder die ouderdom van 14 jaar. Bykans 80% van die Suid-Afrikaanse bevolking word geklassifiseer as Christene (South African government Information 2012) maar ten spyte van hierdie groot getal word daar volgens my waarneming min deur Christene gedoen om kinders by volhoubare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinderbediening te betrek. Hierdie waarneming kan ek kwalifiseer deur my ervaring as kinderwerker, mentor vir en opleier van kinderwerkers, asook deur verwysing na die literatuur oor kinderbediening as akademiese dissipline.

1.3 Motivering vir die navorsing

Daar is vyf redes waarom ek hierdie navorsing onderneem**.**

Eerstens soek ek al baie jare na ’n raamwerk wat kan help dat meer kinders beter en meer volhoubaar met die Evangelie bedien word. In my persoonlike hoedanigheid as kinderwerker en as mentor wat betrokke is by die ontwikkeling van kinderwerkers, ervaar ek dat gemeenskappe nie maklik verander om vriendelike omgewings vir kinders se ontwikkeling te word nie en dat dit daartoe bydra dat volhoubare kinderbediening nie altyd gestalte kry nie.

Tweedens bekommer dit my ook dat individuele kinders dikwels baat vind by inisiatiewe om hulle te help om positief te ontwikkel, maar dat die verandering dan nie volhoubaar is nie, en dit wil voorkom asof die gemeenskap waarin die kinders woon nie altyd meewerk om die verandering volhoubaar in hulle lewens te help maak nie.

Derdens het die soeke na volhoubare kinderbedieningsmetodes my by die Search Institute se Veertig Ontwikkelingsbates gebring. Dit wil voorkom asof ’n raamwerk gebaseer op hierdie ontwikkelingsbates moontlik van groot waarde kan wees om kinderbediening meer volhoubaar te maak, en daarom die keuse om ondersoek in te stel na die benutting van die Search Institute se ontwikkelingsbates binne ’n Suid Afrikaanse konteks.

Vierdens wil dit voorkom asof daar betreklik min akademiese navorsing in Suid-Afrika oor kinderbediening gedoen word. Omdat ek prakties in die veld van kinderbediening betrokke is, wil ek ook graag deur my navorsing daaraan meewerk om die akademiese basis van kinderbediening in Suid-Afrika uit te bou.

Die Kantoor vir Morele Leierskap, wat gekoppel is aan die Ekklesia Sentrum aan die Universiteit van Stellenbosch, het onder leiding van dr Chris Jones ’n handleiding vir gemeentes ontwikkel, *Veertig dae met veertig bates* (Kantoor vir Morele Leierskap 2009), wat gegrond is op die Ontwikkelingsbates van die Search Institute en vir die Suid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrikaanse konteks aangepas is. Die ontwikkeling van hierdie handleiding dui op ’n goeiende belangstelling in die ontwikkelingsbatesraamwerk in Suid-Afrika. Die gebruik daarvan in Suid-Afrika moet egter nog gekontekstualiseer word en dit is aan hierdie kontekstualisering van die bates waaraan ek wil meewerk.

1.4 Navorsingsprobleem

Dit is belangrik dat daar voortdurend oor enige akademiese dissipline gedink en gepraat word. Dit is ook nodig vir die veld van Jeug- en Kinderbediening. Grobbelaar en Hendriks (2009:350) is van mening dat breër gesprek gevoer behoort te word oor benaderings en praktyke ten opsigte van kinderbediening wat kinders se totale behoeftes asook hulle konteks in ag neem. Die uitdagings van die Suid-Afrikaanse konteks van die 21ste eeu maak dit nog belangriker dat die maniere waarop Kinderbediening gedoen word, in diepte heroorweeg word.

Wat behoort die vertrekpunt vir denke en gesprekvoering oor kinderbediening dan te wees? Todd Whitmore (in Bunge 2001:3) is van mening dat die kerk goed ontwikkelde lering oor aborsie, sosiale geregtigheid en morele en etiese kwessies het. Hy benadruk egter dat teoloë nie genoeg oor die kind as mens of die verantwoordelikheid wat ouers, die regering en die kerk teenoor kinders het, dink en praat nie. Whitmore sê verder dat teologiese denke oor kinders beperk blyk te wees tot die vermaning van ouers oor die Christelike opvoeding van kinders en vir kinders om hulle ouers gehoorsaam te wees (2001:4). Die afleiding kan dus gemaak word dat daar teologies nog baie meer oor kinders en kinderbediening gedink en gepraat behoort te word. Teoloë behoort dus meer kere en as deel van meer teologiese dissiplines die vraag te vra: “Hoe dink God oor kinders en kinderbediening?” Grobbelaar en Hendriks (2009a:351) is van mening dat kinderbediening iets behoort te weerspieël van God se karakter; laasgenoemde behoort die kinderbedieningspraktyk van die kerk wesenlik te bepaal. Smit (in Grobbelaar & Hendriks 2009b:351) noem die drie-enige God ’n God van verhoudings. Dit is nie net een van God se karaktertrekke nie; dit is wie God is. Omdat God dus in verhouding met Homself leef, vereis God ook dat God se kinders in verhouding met mekaar, in gemeenskap met mekaar, behoort te leef. Binne hierdie verhouding van God se kinders met mekaar behoort daar ’n uitreik na mekaar en mekaar se behoeftes,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

binne die konteks waarin geleef word, te wees. Volwassenes moet na mekaar en na kinders uitreik. Hierdie verhoudingsgerigte benadering en kontekstuele sensiwiteit behoort ’n integrale deel van enige kinderbediening te wees.

Die behoeftes van kinders is nie net geestelik nie; hulle het ook fisiese, emosionele, sosiale en verstandelike behoeftes. Hulle leef ook nie slegs binne die konteks van die geloofsgemeenskap nie. Hulle is dikwels net vir ’n kort rukkie in die week by die aktiwiteite van die geloofsgemeenskap betrokke en leef vir die grootste gedeelte van die tyd in verskillende ander kontekste. Dit is hierdie kontekste wat binne kinderbediening verreken behoort te word. Malherbe (in Grobbelaar & Hendriks 2009:353) verwys na die volgende kontekste:

- Die huis of gesin: Dit is die plek waar kinders gewoonlik die grootste deel van hulle tyd spandeer. Hier leef hulle saam met die res van hulle gesin of die groep mense wat hulle as gesin definieer. Kinderbediening moet by hierdie konteks aansluit en dit ook deeglik in ag neem.
- Die skool: Dit is hier waar kinders vyf dae van ’n week saam met ander kinders uit ander huise en omstandighede deurbring. Die uitdagings van die skool en dit wat daarmee saamgaan, moet ook verreken word.
- Gemeenskap: Malherbe (2003:3-4) maak die stelling dat kinders hulle altyd binne ’n sisteem van verhoudings en strukture bevind. Die verskillende ellemente van die sisteeem het ’n invloed op mekaar. Die groter sisteem word beskryf as ’n spinnekopweb. Die lyne van die web is almal op een of ander manier met mekaar verbind.



Figuur 1.1. Gemeenskapsgebaseerde kinderbediening

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer een deel van die web “aangeraak” word, “weet” die res van die web daarvan. Met hierdie beeld verduidelik Malherbe (2003:3-4) die verweefdheid van die leefwêreld van kinders en die groter wêreld waarin hulle leef. Nie een van die kontekste funksioneer los van mekaar nie.

Malherbe beskryf dan die kontekste van kinders soos volg:



Figuur 1.2 Gemeenskapsgebaseerde kinderbediening

Hierdie web verteenwoordig nie net wat binne sy huis of woonbuurt gebeur nie, maar ook wat in die res van die land en die wêreld gebeur. Die Tweede Wêreldoorlog het byvoorbeeld hoofsaaklik in Europa en Noord-Afrika plaasgevind, maar mans uit Suid Afrika het daarin geveg. Daar was dus gesinne in Suid-Afrika wat vir die duur van die oorlog nie ’n vaderfiguur by die huis gehad het nie.

Die begrip gemeenskap verteenwoordig volgens Malherbe dus verweefde lewensisteme wat ’n invloed op mekaar het. Daarom is dit nie moontlik om by kinders betrokke te raak sonder om hulle hele leefwêreld en die verweefdheid daarvan met ander sisteme en ook kinders se groter rol in die koninkryk van God in ag te neem nie. Wanneer dit gebeur, kan kinderbediening tot sy reg kom.

- Die geloofsgemeenskap:Baie kinders is deel van een of ander geloofsgemeenskap. Alhoewel die geloofsgemeenskap nie noodwendig Christelik is nie, is die invloed wat dit op kinders het, groot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit wil voorkom of bestaande maniere waarop Kinderbediening gedoen word, nie effektief genoeg is om al die kontekste wat Malherbe beskryf, te omvat nie. Die kerk bedien kinders wel op geestelike gebied, maar kan veel meer doen om die totale leefwêreld van die kind by hul bediening te betrek. Dit is onder andere op hierdie gebied waar die gesprekvoering en die moontlike paradigmaskuif wat nodig is vir meer volhoubare kinderbediening behoort plaas te vind. Dit is daarom dat die raamwerk van die ontwikkelingsbates in hierdie navorsing oorweeg word as een van die moontlike raamwerke vir kinderbediening wat die behoeftes en konteks van kinders meer omvattend kan insluit.

Die probleem wat geïdentifiseer is, is dat alhoewel kinderbediening wel plaasvind, die denke oor en metodiek van kinderbediening binne die konteks van die 21ste eeu nie genoeg is om kinders volhoubaar te kan bedien nie. Oor denke ten opsigte van Kindebediening en die metodiek van Kinderbediening word verder in hoofstuk 2 geskryf. Kinderbediening behoort op ’n meer omvattende manier benader te word, en dit vereis dat daar op ’n ander manier na kinders en hulle bedieningsbehoeftes gekyk word. Een manier om dit te doen, is deur die aanwend van die raamwerk van die Veertig Ontwikkelingsbates. Hierdie navorsing beoog dan om laasgenoemde te oorweeg as ’n raamwerk vir meer volhoubare kinderbediening.

1.4.1 Navorsingsvraag

Na aanleiding van die navorsingsprobleem word die navorsingsvraag soos volg geformuleer: Kan ’n raamwerk gebaseer op die ontwikkelingsbates bydra tot ’n meer volhoubare kinderbediening?

Die navorsing wil dus probeer bepaal of die gebruik van die veertig ontwikkelingsbates van die Search Institute kan help om die bediening van kinders meer volhoubaar te maak. Aangesien die ontwikkelingsbates gegrond is op navorsing wat hoofsaaklik in die VSA en dus binne die konteks van ’n ontwikkelde land gedoen is, is die vraag ten opsigte van die kontekstualisering van die raamwerk vir die Suid-Afrikaanse opset implisiet in die navorsingsvraag ingesluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5 Doel van die studie

Eerstens wil ek deur hierdie navorsing probeer vasstel watter bydrae die veertig ontwikkelingsbates tot ’n meer volhoubare kinderbediening kan maak.

Tweedens wil die navorsing kinderwerkers meer bewus maak van die raamwerk van ontwikkelingsbates en wat die pragmatiese voordele vir die aanwending daarvan in Kinderbediening kan wees.

Derdens wil die navorsing meehelp tot akademiese nadenke oor kinderbediening binne die Suid Afrikaanse konteks.

1.6 Navorsingmetodologie

’n Kwalitatiewe studie gaan gedoen word oor die benutting van die veertig ontwikkelingsbates as ’n raamwerk vir meer ’n volhoubare kinderbediening. Die studie sal bestaan uit ’n literatuuroorsig en ’n empiriese komponent. Die volgende bespreking dien slegs as inleiding tot die bespreking oor die metodologie van die navorsing. In hoofstuk 4 word die metodologie in baie meer detail bespreek.

1.6.1 Literatuuroorsig

Die literatuuroorsig sal eerste gedoen word. Hierdie oorsig sal die navorser die geleentheid gee om die mees resente teorieë oor volhoubare kinderbediening te verken. Dit gee ’n goeie verstaan van die argumente en debatte oor ’n spesifieke veld en bied ook ’n georganiseerde opsomming van bestaande materiaal oor die studieveld. Voordele van so ’n studie is dat dit belangrike bydraes tot die onderwerp, gepubliseerde werke en artikels krities kan evalueer en opsom (Mouton 2001:180).

1.6.2 Empiriese Ondersoek

’n Kwalitatiewe ondersoek behoort te help om die navorsingsvraag beter te kan beantwoord. ’n Kwalitatiewe studie word gedoen omdat dit die navorser ’n kans bied om met die mense wat reeds met die ontwikkelingsbates werk, onderhoude te voer om hul hul menings en kritiek te wete te kom, en om vas te stel hoe hulle dit binne hulle konteks aanpas en aanwend al dan nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6.2.1 Dataversamelingstegnieke

Data sal versamel word deur semi-gestruktureerde onderhoude met tien deelnemers te doen. ’n Onderhoudskedule sal gebruik word wat so opgestel is dat dit die konsepte wat in die studie geïdentifiseer is, kan toets. Dit sal hoofsaaklik die volgende vrae bevat:

1. Wanneer het julle begin om die raamwerk van die ontwikkelingsbates te implementeer?
2. Wat is die redes waarom julle die raamwerk in Stellenbosch begin gebruik het en wat wou julle daarmee bereik het?
3. Wat sou julle sê is die voordele van die raamwerk vir gemeenskappe?
4. Die raamwerk van die ontwikkelingsbates is in Alaska en talle ander gemeenskappe in die Verenigde State van Amerika gebruik. Hoekom dink julle dit kan in Suid Afrika, wat ’n ander konteks is, gebruik word?
5. Hoe het julle mense oortuig om deel te word van die projek en die raamwerk te begin gebruik?
6. Watter resultate het hierdie raamwerk die afgelope drie jaar opgelewer?
7. Indien jy ander mense wil oortuig om die raamwerk van die ontwikkelingsbates in hulle gemeenskap te gebruik, wat sal jy vir hulle sê?
8. Wat dink julle is die verskil tussen die raamwerk van die ontwikkelingsbates en ander benaderings tot kinder- en jeugwerk wat julle ken?

Inligting uit die onderhoude sal gedokumenteer word en die induktiewe metode van data-analise sal gebruik word om gedokumenteerde inligting uit die onderhoude te interpreteer.

1.6.2.2 Steekproef

Die leier van die Stellenbosch Batebouersnetwerk sal gekontak word om ’n lys van name en kontakbesonderhede van persone wat deel vorm van die leierskap te kry. Sommige mense is reeds sedert 2007 by die Netwerk betrokke, terwyl ander so onlangs as 2009 betrokke geraak het. Die keuse van deelnemers aan die steekproef is gemaak op grond van hulle betrokkenheid by die gebruik van die bates en op grond van hulle rol as besluitnemers binne hulle netwerke en dus van die strategiese rol wat hulle daarin speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6.2.3 Voortoetsing

Voortoetsing is gedoen met een persoon wat ook deel van die leierskap vorm, maar nie ingesluit is as deel van die steekproef nie. Die toetsing is gedoen om te kyk of vrae relevant is tot die uitkoms van die studie en of potensiële deelnemers aan die studie die vrae sal kan verstaan en beantwoord. Hierdie onderhoud is ook op band opgeneem en getranskribeer. Die deelnemer het positief gereageer op die onderhoudskedule en kon die vrae wat aan hom gestel is, verstaan en beantwoord.

1.7 Waarde van die studie en bydrae tot praktiese teologie

Die studie is ’n prakties-teologiese studie gefokus op kinderbediening. Dit word gebaseer op Richard Osmer (2001) se vier take van prakties-teologiese interpretasie. Osmer (2001:31-78) beskryf die eerste taak van die praktiese teologie as die empiries-beskrywende taak. Hierdie taak help om inligting in te win om sin te maak van wat besig is om te gebeur. Dit help ons om die vraag “Wat gebeur ten opsigte van kinderbediening?” te beantwoord. Grobbelaar (2008:46) maak die stelling dat geen gemeente binne ’n lugleegte bestaan nie, maar binne ’n bepaalde historiese moment en omstandighede funksioneer en daarom binne die eise van hierdie situasie as gemeente van Christus moet leef en funksioneer. Osmer (2008:x) maak die volgende stelling oor die Praktiese Teologie: “The scope of Practical Theology comprehends the web of life.” Indien die Praktiese Teologie dan die wêreld probeer verstaan, behoort dit ook te poog om deur kinderbediening die leefwêreld van kinders te verstaan en daarby aan te sluit. Dit impliseer dat daar in kinderbediening kennis geneem moet word van alles wat met en om kinders in hulle totale “human web” met sy verskeidenheid van konneksies gebeur. Juis daarom is dit dan ook belangrik dat daar in die eerste fase van hierdie studie gefokus word op die literatuur wat beskikbaar is oor kinderbediening in Suid-Afrika. Die waarde daarvan is dat dit sal bydra tot ’n beter verstaan van en insig in die konteks waarin kinders tans lewe, en ook in beskikbare navorsing wat tot op hede oor kinderbediening gedoen is. Hierdie taak asook die tweede taak van Osmer word hoofsaaklik in hoofstuk 2 hanteer. Dit is op hierdie punt belangrik op uit te wys dat binne die raamwerk van hierdie studie die vier take van Osmer nie rigied afgebaken is binne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoofstukke nie, maar dat daar ‘n voortdurende integrasie van die take tussen die verskillende hoofstukke is. Dit is waarom ek eerder die term hoofskaaklik gebruik wanneer ek ‘n stelling maak oor in watter hoofstukke die verskillende take hanteer word.

Osmer (2008:79-128) beskryf die tweede taak van die praktiese teologie as die “interpretive task” of interpreterende taak. Hierdie taak kan ook omskryf word met die vraag: “Waarom gebeur dit?” Ten opsigte van kinderbediening is die vraag belangrik om die tendense in kinderbediening, onder andere die sosiale konteks van kinders in die 21ste eeu en die beskikbare materiaal oor die ontwikkelingsbates beter te verstaan. Die waarde daarvan is dat dit behoort te lei tot ’n nuwe begrip vir die uitdagings van volhoubare kinderbediening en ’n duideliker identifisering van teoretiese grondslae wat opnuut geëvalueer moet word.

Osmer (2008:129-174) beskryf die derde taak van die praktiese teologie as die normatiewe taak. Die taak van die praktiese teologie is om te vra: “Wat is veronderstel om aan te gaan?” Beckwith (2004:16-17) pleit met reg dat daar aan die begin van die 21ste eeu meer nagedink moet word oor nuwe paradigmas en nuwe maniere van doen ten opsigte van kinderbediening. Die bydrae wat hierdie studie wil maak is om ’n antwoord te probeer vind op die vraag oor wat behoort te gebeur om kinderbediening volhoubaar te maak. In die soeke na die beantwoording van hierdie vraag gaan daar in die lig van wat in die beskrywende en interpreterende fase van hierdie studie bevind word, gekyk word of die toepassing van die raamwerk van die Search Institute se veertig ontwikkelingsbates ’n meer volhoubare kinderbediening tot gevolg kan hê. Die waarde van hierdie studies sal dus wees dat die kontekstuele relevansie van die teoretiese raamwerk sowel as die praktiese implikasies van hierdie benadering, wat meestal in ’n ontwikkelde konteks soos die VSA toegepas word, vir ’n volhoubare kinderbediening in Suid-Afrika teoreties deurdink kan word.Die normatiewe fokus sal dus wees wat die ontwikkelingsbates prakties-teologies kan bydrae tot die gesprek ook kinderbediening. Hierdie taak word hoofsaaklik in hoofstuk drie en vier hanteer. In hoofstuk drie word die teorie en agtergrond rondom die veertig ontwikkelingsbatesraamwerk hanteer wat meehelp tot die verstaan en interpretering van die gebruik van die raamwerk in kinderbediening. In hoofstuk vier word die gebruik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die raamwerk binne die konteks van die Stellenbosch Batebou netwerk geinterpreteer.

Osmer (2008:175-218) beskryf die vierde taak van die praktiese teologie as die “pragmatiese taak”. Hierdie taak kan ook omskryf word met die vraag: “Hoe moet ons reageer?” Graham (1996:105) argumenteer dat die praktiese teologie geloofsgemeenskappe moet help om te artikuleer wat hulle glo en om daders te wees van die Woord wat hulle as geloofsgemeenskap bely. Hiermee moedig die skrywer geloofsgemeenskappe aan om in meer as een opsig betrokke te raak by die samelewing waarin die kerk haar bevind. Sy noem haar benadering tot die praktiese teologie “transforming practice.” Daarom moet die praktyke wat tot dusver meestal in kinderbediening gebruik is in die lig van die navorsing wat hier gedoen is, heroorweeg word. De Klerk-Luttig (2009:4) wys juis daarop dat kritieke kopskuiwe en hartskuiwe moet plaasvind in mense en gemeenskappe voordat die ontwikkelingsbates toegepas kan word. Die waarde van hierdie vraag vir hierdie studie is dat daar sodoende bepaal kan word hoe die ontwikkelingsbates benut kan word om die bediening van kinders meer volhoubaar te maak. Hierdie taak word hoofsaaklik in hoofstuk vyf hanteer.

Die grootste waarde van hierdie studie sal wees dat dit vanuit ’n prakties-teologiese hoek sal probeer bepaal of die Search Institute se raamwerk van veertig ontwikkelingsbates toepasbaar is vir die uitbou van ’n volhoubare kinderbediening in Suid-Afrika. Dit behoort ook te help met die ontwikkeling van ’n moontlike nuwe praktykteorie vir volhoubare kinderbediening.

1.8 Beperkinge van die navorsing

’n Beperking van die navorsing vir hierdie studie was dat baie leeswerk wat by ’n literatuurstudie betrokke is, nie noemenswaardig bydra tot nuwe, getoetste empiriese bevindinge nie. Die navorser moet seker maak dat die literatuur wat wel gebruik word ,geskik is. Dit is soms moeilik om geskikte materiaal – wat verband hou met die onderwerp van navorsing – vir ’n literatuuroorsig te verkry. Vir hierdie navorsing is daar byvoorbeeld min Suid-Afrikaanse literatuur oor die veertig ontwikkelingsbates beskikbaar. Dit was ook nie moontlik om alle geskikte materiaal wat in die VSA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskikbaar is, te raadpleeg nie. Verder is daar tot op hede min navorsing vanuit ’n prakties-teologiese hoek oor volhoubaarheid, veral met betrekking tot kinderbediening, in Suid-Afrika gedoen.

Die empiriese komponent van die navorsing stel die navorser in staat om veldwerk te doen om die teorie van die ontwikkelingsbates as ’n raamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening te toets en moontlik nuwe teorieë daaroor te vorm. Die gebruik van die metode van semi-gestruktureerde onderhoude kan goed wees, maar dit kan ook gebeur dat die analisering van data verkry uit die onderhoude oormatig beïnvloed word deur die navorser se eie persoonlike voor- en afkeure en die persoonlike afstand wat nodig is vir die analisering van die data kan sodoende moontlik ingeboet word.

1.9 Sleutelkonsepte

1.9.1 Kinders

Burke (in Grobbelaar 2008:35) maak die stelling dat ’n gemeenskappe op verskillende maniere na die definisie van kindwees kyk. Die grondwet van Suid Afrika definieer ’n kind as iemand onder die ouderdom van agtien jaar (Constitutional Court of South Africa 1996). Die fokus van hierdie navorsing is egter op voorskoolse en laerskoolkinders, kinders van drie tot dertien jaar. Hulle is gewoonlik die groep kinders wat betrek word by kinderbediening.

1.9.2 Kinderbediening

Vroeër in hierdie hoofstuk (vergelyk 1.4 oor die navorsingsprobleem) is reeds genoem dat die begrip “kinderbediening” meer omvattend verstaan behoort te word. Die tradisionele verstaan van kinderbediening is dat dit ’n binne-kerklike, geestelike aktiwiteit is. Dit is egter ’n bediening wat aan meer kontekste as net die kerk aandag behoort te gee. Grobbelaar (2008:467) beskryf kinderbediening as ’n omvattende bediening wat gerig is op die totaliteit van kinders se kindwees en al hulle behoeftes. Hierdie studie probeer ook om die bedieningsmoontlikhede van kinderbediening breër as die konteks van die kerk te verken. Deur die ondersoek na die ontwikkelingsbates as raamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening probeer hierdie studie bydrae tot die gesprek oor paradigmaskuiwe in kinderbediening. Daar sal in hoofstuk 3 ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

breedvoeriger omskrywing van die begrip kinderbediening gegee word.

1.9.3 Volhoubaarheid

Volhoubaarheid kan uit verskillende hoeke omskryf word. Vir die doel van hierdie studie is besluit om volhoubaarheid te verstaan in terme van drie aspekte, naamlik volhoubaar, holisties en gemeenskapstransformerend.

Volgens Grobbelaar en Hendriks (2009:352) vind kinderbediening binne vier kontekste plaas. Hierdie kontekste is die huis of gesin, kerk, skool en gemeenskap. Behalwe dat kinders se totale behoeftes (geestelik, emosioneel, sosiaal, verstandelik en fisies) deur middel van ’n holistiese benadering tot kinderbediening hanteer behoort te word, moet hulle ook in al vier kontekste bedien word. Wanneer dit gebeur, kan kinderbediening meer volhoubaar wees (Grobbelaar & Hendriks 2009:352). Die bediening van kinders kan ook net volhoubaar wees as dit nie net gerig is op die kinders wat reeds deel van die kerk is nie, omdat Christus die kerk ook opdrag gegee het om uit te reik na ander mense, en in hierdie geval na kinders in die gemeenskap wat nie deel van die kerk of sy aktiwiteite is nie (Grobbelaar 2008:187-189). Dit is hier waar die ondersoek na die ontwikkelingsbatesraamwerk kan help om riglyne te bied oor die kerk se roeping ten opsigte van kinders wat nie deel van die kerk is nie.

1.9.4 Holisties

Kinderbediening kan nie volhoubaar wees as dit nie holisties is nie. Die Fuller’s Centre for Youth and Family Ministry (2008:5) het tydens hulle Global Youth Summit die volgende tweeledige definisie vir die holistiese bediening van kinders saamgestel: “Holistic ministry strengthens the whole person (i.e., their spiritual, emotional, physical, social, and emotional development) and also strengthens the broad ecology around that person (i.e., engages and serves families, friends, churches, and other adults in the community).” Hierdie definisie impliseer dat ’n holistiese kinderbediening gerig is op alle kinders, dat dit die verskillende kontekste waarin kinders leef verreken, dat die totale kind se behoeftes aangespreek word, en dat dit mense help om met mekaar verhoudings te bou. Die holistiese bediening van kinders is vir hierdie studie belangrik omdat dit deel vorm van die proses van volhoubaarheid, en omdat dit aandui dat die bediening van kinders omvattender is as om net op sekere aspekte van hulle behoeftes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te fokus. Na my mening sal die kerk altyd sukkel om ’n volhoubare kinderbediening te hê indien die kontekste tesame met die omvattende behoeftes van kinders nie binne kinderbediening in ag geneem word nie. Volhoubare bediening van kinders is geensins maklik nie en dit kom duidelik na vore uit laasgenoemde definisie, maar dit is juis waaroor die navorsing gaan: “Wat kan gedoen word om kinderbediening volhoubaar te help maak?” Dit is hierdie uitdaging wat die kerk behoort te aanvaar om ’n belangrike en nodige verskil vir die kinders in hul gemeenskappe te kan maak. Wanneer volhoubare kinderbediening dus tot sy reg kom, sal dit holisties wees. Die raamwerk van die ontwikkelingsbates bevat prosesse om hierdie doel te bereik.

1.9.5 Gemeenskapstransformerend

In lyn met die prosesse van die Search Institute (Search Institute, 2006) word gemeenskapstransformering as vyf aksie-strategieë beskryf:

1. Betrek volwassenes om positiewe, volhoubare verhoudings met kinders binne gesinne en die gemeenskap te vorm.
2. Mobiliseer kinders sodat hulle kan optree as agente van verandering binne hulle gemeenskappe.
3. Aktiveer alle sektore binne die gemeenskap, byvoorbeeld skole, kerke, besighede en klinieke. Dit sal meewerk om ’n batebou-kultuur te skep en by te dra tot die gesonde ontwikkeling van kinders.
4. Bied energieke, vars programme aan wat toeganklik is vir alle kinders en volwassenes in die gemeenskap sodat hulle die veertig ontwikkelingsbates kan leer ken en leer leef.
5. Wees deel van prosesse wat besluitnemers (politieke leiers, gemeenskapleiers, besigheidsmense, kerkleiers) beïnvloed om hul bronne beskikbaar te stel vir die bevordering van positiewe gemeenskapstransformasie.

1.9.6 Ontwikkelingsbatesraamwerk

Richard Lerner en Peter Benson (2003:9) van die Search Institute beskryf die raamwerk van veertig ontwikkelingsbates as volg:

> Developmental Assets represent a framework grounded in scientific study, with the applied aim of reweaving the developmental infrastructure of a community by activating

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> multiple sources of asset building. These include informal non-programmatic relationships between adults and youth, traditional socializing systems such as families, neighborhoods, schools, congregations, youth organizations, and the governmental, economic and policy infrastructures which inform those socializing systems. The intent is to encourage the mobilization of asset building efforts for all children and adolescents within a community.

Die ontwikkelingsbatesraamwerk is in wese verhoudingsgedrewe. Dit is binne verhoudings dat kinders nie net geloof nie, maar ook waardes en die uitleef daarvan aanleer. Gesonde, positiewe verhoudings tussen grootmense en kinders is een van die sleutels tot volhoubare kinderbediening. Die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates sal verder in hoofstuk 3 omskryf word.

1.9.7 Missionaal

Chap Clark (2001:81) beskryf missionaal as gestuurdheid. Hiermee bedoel hy dat gestuurdheid die sentrale Bybelse tema van God se doel en aksie in die geskiedenis van die mens is. Wanneer gemeentes dus hulle gestuurdheid uitleef, doen hulle dit op God se inisiatief en nie hulle eie nie. As gevolg van hulle gestuurdheid word hulle die instrument wat God se missionale roeping en taak in die wêreld uitdra. God het ’n missionale hart wat daartoe lei dat God na almal, insluitend kinders, uitreik om hulle in te sluit in die koinonia wat God tot stand bring (Grobbelaar 2008:410). Kinderbediening behoort dus ’n bydrae te lewer to die uitleef van die kerk se roeping as gestuurdes.

1.10 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 beskryf die aard en omvang van die studie. Hoofstuk 2 bied ’n oorsig oor kinderbediening in Suid Afrika, terwyl hoofstuk 3 die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates as moontlike benadering tot ’n meer volhoubare kinderbediening binne ’n Suid-Afrikaanse konteks verduidelik. Hoofstuk 4 beskryf die empiriese komponent van die navorsing en bespreek die Stellenbosch Batebouers netwerk as een konteks waarbinne die ontwikkelingsbatesraamwerk vir die bediening van kinders gebruik word. Hoofstuk 5 bespreek kortliks die konklusies wat tydens die navorsing bereik is en maak ook enkele aanbevelings vir verdere toepassing en navorsing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

’n Oorsig van kinderbediening in Suid-Afrika

2.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem en metodiek van die navorsing bespreek. Ten einde die navorsingsvraag te probeer beantwoord, word daar in hierdie hoofstuk heel eerste aandag gegee aan die bespreking van enkele **uitdagings** met betrekking tot kinderbediening in Suid-Afrika. Daarna word van die belangrikste sake wat ’n **invloed** het op kinderbediening in Suid-Afrika het, geïdentifiseer. Dit word gevolg deur ’n bespreking van **moontlike modelle en metafore vir kinderbediening** in ’n Suid-Afrikaanse konteks.

2.2 Uitdagings met betrekking tot kinderbediening

Kinderbediening kan nooit losgemaak word van die omgewing waarin kinders woon nie. Ongeag die konteks waarin die bediening van kinders plaasvind, is daar faktore wat ’n invloed het op die manier waarop kinders bedien word (Grobbelaar 2008:46-47). Sommige daarvan blyk universeel te wees en beïnvloed kinderbediening oral, ander is kontekstueel van aard. Een van die mees fundamentele faktore wat die bediening van kinders beïnvloed, is hoe kinderbediening verstaan word. Dit is dus noodsaaklik dat kinderbediening eers gedefinieer moet word voordat daar na die uitdagings vir en ander invloede wat daarop inspeel, gekyk kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.1 Wat is Kinderbediening?

Kinderbediening verwys vir die doel van hierdie studie na die holistiese en gemeenskapstransformerende bediening van kinders tussen die ouderdomme van drie en twaalf jaar. Grobbelaar (2008:467) verwys in 'n uitgebreide definisie na kinderbediening as 'n omvattende bediening. Hiermee impliseer hy dat dit in kinderbediening oor meer gaan as net die aanbied van programme of ander aktiwiteite, die besighou van kinders, of die aanbied van Sondagskool. Kinderbediening behoort gedoen te word vanuit 'n holistiese verstaan van kindwees asook die konteks waarbinne die kind leef en moet daarom op die hele kind gerig wees.

Die beskrywing wat na my mening die meeste bydra tot so 'n omvattende kinderbediening is Jesus se uitspraak in Matteus 18:5: "En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang my."[1] Hierdie beskrywing is nie 'n wetenskaplik definisie nie, maar eerder 'n Bybelse perspektief op die bediening van kinders. Keith White, die voorsitter van die direksie van die Child Theology Movement (White 2008:5) is van mening dat hierdie vers as die hart van die evangelie van Jesus Christus bestempel behoort te word, want waar daar kinders ontvang word, word Jesus ook ontvang. Hy verduidelik sy standpunt deur aan te voer dat die kerk veral behoort te fokus op die ontvang en insluiting van mense soos kinders en ander wat kwesbaar soos kinders is, sodat Christus daar teenwoordig kan wees. Met insluiting bedoel hy dat kinders se bediening net so belangrik soos enige ander bediening of funksie van die kerk behoort te wees. Om kinders te verwelkom, beteken geensins dat hul bediening bo die ander bedieninge en funksies van die kerk verabsoluteer word nie. Inteendeel, dit verbreed die verstaan en toepassing van kinderbediening verder as die grense van die kerk, en as 'n fokus op slegs die geestelike dimensie van die kind. Dit sluit elke sfeer waar kinders aangetref word en elke aspek van hulle lewe in. Grobbelaar (2008:331) maak oor Matteus 18:5 die volgende uitspraak: "Hoe die dissipels teenoor kinders sou optree, hoe hulle kinders sou aanvaar, sou toon in watter verhouding hulle tot God staan." Die manier hoe die volgelinge van Jesus met kinders werk, is dus volgens Grobbelaar 'n direkte refleksie van hulle verhouding met God.

[1] Die Bybel 1983 vertaling gaan deurgaans as bron vir Skrifverwysings gebruik word. Indien anders, sal dit vermeld word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie perspektief op kinderbediening verbind die bediening van kinders ook tot meer as een konteks (soos die kerk), want kinders moet in al die kontekste waarin hulle leef, “ontvang” word. Die kontekste waarin kinders leef, is volgens Malherbe en Lehman in Grobbelaar en Hendriks (2009:352) die huis, kerk, skool en gemeenskap. Hierdie perspektief maak kinderbediening ook meer as die bediening van ’n uitgesoekte groepie mense wat hou van kinders of weet hoe om met kinders te “werk”. Dit maak kinderbediening almal se “werk”, want “... **wie** so ’n kindjie in My Naam ontvang, ontvang My”.

Tereg moet die “ontvang” gekontekstualiseer word soos vereis deur die omstandighede waarin kinders hulle bevind. Dit is waarom die keuse van hierdie perspektief vir hierdie studie van kardinale belang is. Dit word verkies bo ander definisies van kinderbediening, omdat dit onmiddellik die fokus wegneem van net een konteks vir die kinderbediening en die fokus plaas op die omvattendheid en kompleksiteit van die bediening van kinders, asook ’n betrokkenheid by alle kinders. Die definisie maak dus voorsiening vir kinders wat reeds deel is van die kerk sowel as dié wat nog nie deel is van die kerk nie; dit is insluitend. Die benaming kinderbediening word ook dikwels net met die geestelike bediening van kinders verbind. Binne hierdie perspektief word implisiet verstaan dat kinders op meer as net geestelike gebied “ontvang” behoort te word. Indien kinders dus binne meer as net een konteks bedien word en die kinderbediening gerig is op elke aspek van hulle lewe, word daardie bediening nie net holisties nie, maar ook meer volhoubaar.

Vervolgens gaan aandag geskenk word aan aspekte wat verreken moet word sodat kinderbediening meer volhoubaar kan wees.

2.2.2 Die uitdaging van komponente van ’n meer volhoubare kinderbediening

Die navorsingsvraag “Kan ’n raamwerk gebaseer op die ontwikkelingsbates bydra tot ’n meer volhoubare kinderbediening?” vorm deel van die uitdaging van kinderbediening. Eerstens moet die vraag oor wat volhoubare kinderbediening nou eintlik is, onder die loep kom. Die konsep volhoubaarheid word op verskillende maniere in akademiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

disiplines aangewend, maar binne die konteks van kinderbediening as akademiese dissipline is volhoubaarheid nie baie duidelik afgebaken nie. Die navorser moes haar dus deur die navorsingsvraag laat lei.

In hoofstuk 1 is die konsep “volhoubaarheid” in terme van drie hoofkomponente daarvan, naamlik dat dit binne bepaalde kontekste plaasvind, dat dit holisties moet wees en dat dit gemeenskapstransformerend moet wees, verken. Dit is die raamwerk waarbinne volhoubare kinderbediening binne hierdie studie hanteer sal word. Die konsep “volhoubaarheid” gaan gemeet word aan die definisie en uitkomste van die Search Institute se raamwerk van veertig ontwikkelingsbates.

Een van die tendense in kinderbediening blyk te wees dat individue binne ’n gemeenskap, skool, huis of kerk kinderbediening doen namens ’n organisasie of kerk, omdat hulle oortuig voel dat hulle dit behoort te doen, of omdat hulle as ouers of naby familie die kinders waardes wil leer. Binne ’n kerk is dit meestal die mense wat lief is vir kinders wat Sondagskool hou of ander kerk-aksies vir kinders fasiliteer. Binne die gemeenskap is daar dikwels ook enkele individue wat meer as wat van hulle verwag word, omgee en uitreik na kinders. Die vraag is of die ontwikkelingsbatesraamwerk gebruik kan word as raamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening waarin al die rolspelers in die lewens van die kinders binne die verskillende kontekste kan saamwerk. Die implementering en gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk begin by individue wat saam met kinders in die gemeenskap, huis, skool en kerk leef. Die ontwikkelingsbatesraamwerk is in die eerste plek **inklusief** – geen kinders word uitgesluit nie, en daar word nie teen enige kind gediskrimineer nie.

’n Volhoubare kinderbediening verg ’n kombinasie van elemente. Hierdie elemente funksioneer nie los van mekaar nie, en een van die belangrikste daarvan is **verhoudings** (Fischer 2006:12). Die waarde van ’n goeie kurrikulum en programme in kinderbediening kan nooit onderskat word nie, maar goeie programme sonder positiewe verhoudings kan nie die kurrikulum volhoubaar maak nie (Fischer 2006:12). In opleidingsnotas van Petra Kollege (2010:15) maak Sylvia Froth die volgende stelling oor programme en die bou van verhoudings in kinderbediening: “Because children do not come to Christ as result of a piece of paper, unless it comes attached to a human

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

being. Children (and adults, too) are reached through relationships." Met hierdie stelling bedoel sy dat verhoudingsbou in kinderbediening uiters belangrik is.

Die hele **gemeenskap** waarbinne kinderbediening plaasvind, moet **eienaarskap** aanvaar vir die kinders daarin (Benson 2006:119). Dit kan slegs gebeur indien netwerke vir groter samewerking en ter wille van 'n gemeenskaplike doel, wat in hierdie geval volhoubare kinderbediening is, tussen die verskillende rolspelers binne die kontekste waar kinders leef, gebou word. Dit sal tot gevolg hê dat motivering om kinderbediening te doen, nie van buite kom nie, maar vanuit die gemeenskap self.

Tyd is 'n ander belangrike faktor in die bereiking van meer volhoubare kinderbediening.

> The developmental assets provide a framework for long-term action that recognizes the importance of ongoing, positive opportunities and relationships across at least the first two decades of life for all young people. That recognition means that the work of asset building doesn't happen through a single event or program; it needs to keep on happening. Sustaining asset building can be challenging (Assets in Action 2006:15).

Dit is van die begin af belangrik om te besef dat 'n meer volhoubare kinderbediening tyd, hulpbronne en 'n definitiewe plan vra.

In hoofstuk 3 sal in meer besonderhede gefokus word op maniere waarop die ontwikkelingsbatesraamwerk kan bydra tot 'n meer volhoubare kinderbediening. Die doel van hierdie afdeling is net om die konsep meer volhoubare kinderbediening te verduidelik.

Indien kinders binne hulle konteks bedien behoort te word, is die logiese volgende stap om vas te stel watter invloede inspeel op kinders binne die konteks waarin hulle hulle bevind. Die beste organisasie om hierdie soort vrae te vra, is na my mening die kerk.[2] Dat die kerk vrae moet vra oor die bediening van kinders is belangrik. Wat die vrae sal wees, is egter net so belangrik (Beckwith 2004:16), en een van hierdie belangrike vrae word nou gevra: Wat is die invloede waaraan kinders blootgestel word wat 'n direkte effek kan hê op die manier hoe hul in die Suid Afrikaanse samelewing bedien behoort te word?

[2] Wanneer in hierdie studie na kerk verwys word, word verwys na persone wat hulleself as Christene klassifiseer en deel vorm van 'n Christen-geloofsgemeenskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3 Faktore wat kinderbediening beïnvloed

Binne hierdie studie word slegs enkele faktore verken wat op kinderbediening ’n invloed het. Die doel van hierdie deel van die navorsing is om te illustreer dat kinderbediening nie in ’n vakuum geskied nie en dus nie gedoen kan word sonder om onder andere die onderstaaande faktore te verreken nie. Die keuse van faktore is ook ’n poging van die navorser om die leefwêreld van kinders te probeer verstaan. Die navorser besef deeglik dat die leefwêreld van kinders veel meer behels as net die genoemde faktore. Baie ander faktore speel in op kinders se lewens, byvoorbeeld afwesige vaders, die vigs-pandemie en werkloosheid. Dit word egter nie hier behandel nie.

Die navorser probeer nie om aan sekere faktore prioriteit te gee en aan ander nie, maar het onderstaande faktore gekies om die verweefdheid van kinderbediening en die wêreld waarin kinders leef, te illustreer.

2.3.1 Die familie as faktor

Hoe “familie” gedefinieer en verstaan word, is nie eenvoudig nie. Familiestrukture en die funksionering daarvan het oor die laaste aantal jare vanweë politieke, ekonomiese, sosiale en demografiese invloede so verander dat verskillende definisies en funksies daarvan vir verskillende groeperinge van mense geld (Amoateng, Richter, Makiwane & Rama 2004:vii). In dieselfde verslag noem die skrywers dat die struktuur van die kerngesin (man, vrou en kinders) hoofsaaklik in die Wit kultuur die norm is, terwyl die struktuur van die uitgebreide familie meer dikwels in die Swart, Bruin en Indiër-kulture aangetref word (Amoateng et al. 2004:ix). 90% van alle Wit kinders woon by hul ouers, terwyl die meeste Swart, Indiër- en Bruin kinders binne uitgebreide families woon. Die meeste Swart kinders word ook by hulle grootouers of ander familielede in plaas van hulle biologiese ouers groot (Amoateng et al. 2004:ix).

Nuwe groeperings het ook meer algemeen geword. Enkelouergesinne, nuwe gesinne wat gevorm word as gevolg van egskeidings en nuwe of tweede huwelike, gesinne wat deur kinders of grootouers gelei word as gevolg van die effek van onder andere MIV en Vigs, is almal nuwe, unieke familie- en gesinsgroeperings. Nuwe familiegroeperinge word ook gevorm as gevolg van migrasie. Die tendens begin al meer ontstaan dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volwassenes na stede trek vir werk terwyl hul kinders by grootouers of ander familielede agterbly (Marindo et al. 2008:49).

Thesnaar (2009:20) se beskrywing van familie blyk die heel beste te wees vir hierdie navorsing:

> ’n Familie is ’n veilige plek waar die lede van die familie die ervaring van “behoort” het; sorg dra vir mekaar; saamgebind is deur hulle storie; bewus van en ingestel is op mekaar se agendas en aspirasies vir die toekoms; en wat leef en wandel in die teenwoordigheid van die Here en dit na buite toe uitleef.

Die Christelike ideaal is dat families, soos in bostaande definisie, leef en wandel in die teenwoordigheid van die Here en dit na buite toe uitleef. So ’n familie kan bestaan uit verskillende groeperings van mense, byvoorbeeld enkelouergesinne, families waarvan kinders die hoof is en uitgebreide families. Elke groepering kan as ’n volwaardige familie funksioneer. Dit is moontlik dat persone wat nie Christene is nie, ook baie van die waardes van familie-wees wat Thesnaar noem, kan uitleef.

Thesnaar maak verder die keuse om die term “familie” eerder as “gesin” te gebruik, omdat laasgenoemde beperkend kan wees in die sin dat dit die leser of hoorder onmiddellik laat dink aan die kerngesin oftewel, soos Thesnaar dit noem, “’n pa, ma twee kinders en ’n hond” (Thesnaar 2009:20). Dit is ’n beeld wat nie op die meeste Suid-Afrikaanse kinders van toepassing is nie. Dit is wel, soos Thesnaar tereg uitwys, nader aan die waarheid om te sê dat ’n familie nie net persone is wat biologies aan mekaar verbind is nie, maar eerder mense en veral kinders is wat die gevoel van “behoort” ervaar saam met ander met wie hulle hulle storie deel.

Die familie sowel as die strukture en funksie daarvan gaan ook daagliks deur verskillende siklusse wat nie onaangeraak is deur dit wat in die gemeenskap en wêreld gebeur nie. Wat met ander woorde in die res van die wêreld gebeur, het ’n effek op families. Hoe behoort kinderbediening dan te reageer op die veranderende landskap van familiewees?

Thesnaar (2009:21) maak die stelling dat kinderbediening inherent familiebediening is. Hiermee impliseer hy dat mense op een of ander manier deur familiebande aan mekaar verbind is en mense binne die kerk deel vorm van die kerklike familie. Hy praat ook van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die familie as die mikro-familie en die groter familie van die kerk as die makro-familie (2009:21). Indien dit die geval is, kom die vraag oor die familie-gerigtheid van kinderbediening onmiddellik ter sprake. Wat word deur die kerk gedoen om ouers te help om hulle geloofsvormende roeping ten opsigte van hulle kinders na te kom (Grobbelaar 2008:162)? Daar kan ook gevra word wat die kerk doen om families te help om hul eiesoortige familiestruktuur se uitdagings te hanteer en verhoudinge binne dit wat mense as hul familie verstaan en beleef, te help versterk. Wat doen die kerk om die enkelouer met sy of haar kinders, die huishouding waar 'n kind die hoof is of die huishouding wat net van 'n bejaarde se regeringstoelaag leef, te ondersteun om die uitdagings van hulle familiewees te bowe te kom? Die kerk behoort dus intensioneel anders te begin dink oor familiewees en die uitdagings wat dit in hierdie tydsgewrig aan haar bediening stel.

Strommen en Hardel (2008:18-19) is van mening dat 'n nuwe paradigmaskuif nodig is vir die bydrae wat die kerk tot kinderbediening kan maak. Hulle verwoord hierdie skuif as volg:

> Leaders recognize that to pass on the faith from generation to generation a new paradigm is needed, one that is holistic and connects children, youth, family, congregation, community, culture, and creation.

Malherbe en Lehman (in Grobbelaar en Hendriks 2009:4) verwys juis na die huis, die plek waar families woon, as een van die kontekste wat deur kinderbediening verreken behoort te word. Indien dit die geval is, moet daar meer ernstig gedink word oor wat die rol van kinderbediening binne families behoort te wees en of en hoe kinderbediening binne die konteks van die familiegerigte kerk gedoen behoort te word. Wat behoort te verander is dat die kerk die bediening van kinders teruggee aan die families en die families ondersteun in die uitvoering daarvan (Grobbelaar 2008:451). Hiermee bedoel Grobbelaar dat die kerk haar rol in kinderbediening behoort te heroorweeg, dat die kerk eerder as vennoot van ouers, die skool en gemeenskap daar behoort te wees as om aan die stuur van die kinderbediening te staan. Die ouers behoort eerder toegerus te word om hulle kinders self te kan bedien. Die fout wat die kerk dikwels gemaak het, is dat dit families ontmagtig het (2008:451). Die kerk het met ander woorde aan ouers gekommunikeer dat hulle nie primêr verantwoordelik is vir die bediening van hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders nie of dit nie goed genoeg kan doen nie. Die gevolg hiervan is dat families nie meer primêr verantwoordelikheid neem vir die geloofsvorming van hulle kinders nie en dit gemaklik oorgee aan die kerk se “spesialiste”.

2.3.2 Sosio-ekonomiese faktore

Die tradisionele manier van groet van die Masai van Kenia en Tanzanië lui as volg: ”Kasserian ingera?” In plaas daarvan om na die welstand van die ander persoon te verneem, vra hulle: “Hoe gaan dit met die kinders?” Die tradisionele antwoord op die vraag is: “Sapati ingera” of “Dit gaan goed met die kinders” (Benson 2006:3). Sou ons die vraag in Suid Afrika vra, dink ek nie die antwoord kan wees dat dit goed gaan met die kinders nie. Die waarheid is dat dit om verskeie redes nie goed gaan met baie kinders in Suid Afrika nie. In die volgende paragrawe word sosio-ekonomiese invloede op kinderbediening ondersoek.

2.3.2.1 Die sosiale uitsluiting van kinders

Volgens Kahn en Kamerman (2003:1) is sosiale uitsluiting die sambreelterm wat verwys na individue of kwesbare groepe of gemeenskappe se beperkte toegang tot munisipale, politieke, ekonomiese, kulturele en sosiale regte en geleenthede. Die begrip “sosiale uitsluiting” is ’n poging om anders na armoede te kyk deur die verskillende dimensies van armoede te probeer aantoon in terme van waartoe mense nie toegang het nie. Sosiale uitsluiting is verpletterend vir jong kinders se ontwikkeling omdat hulle byvoorbeeld uitgesluit word van gesondheidsdienste, vroeëkinder-ontwikkelingsinisiatiewe en toegang tot staatstoelae (Kahn en Kamerman 2003:2). In hierdie studie word daar slegs gefokus op die sosiale uitsluiting van kinders in die Suid-Afrikaanse konteks. Daar word gekyk waarvan kinders uitgesluit word en of en hoe hierdie uitsluiting volhoubare kinderbediening beïnvloed.

Volgens Ramokgopa (2003:6) kom die volgende vorme van sosiale uitsluiting onder kinders in Suid Afrika voor:

- Gevolge van MIV en VIGS
- Groeiende getalle weeskinders en huishoudings wat deur kinders bestuur word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Kindersterftes
- Gebrek aan geboortesertifikate wat tot gevolg het dat kinders nie staatstoelaes kan ontvang nie.
- Gebrek aan toegang tot voorskoolse onderrig
- Kinders wat op straat woon en bedel
- Kindermishandeling, verwaarlosing en uitbuiting
- Prostitusie, kinderarbeid, en mensehandel in kinders
- Gestremdheid en chroniese siektes
- Dwelmmisbruik en misdade wat daarmee saamgaan
- Lae voorkoms van aannemings

Kinderwerkers kom in aanraking met kinders wat een of meer van bogenoemde vorme van sosiale uitsluiting beleef; hulle is weekliks daar in die Sondagskoolklas of kinderklub. Alhoewel kinderbediening nie ’n towerspreuk is vir die oplos van elke probleem wat kinders en hul gemeenskappe ervaar nie, kan dit ook nie onbetrokke staan teenoor die kontekste wat die sosiale uitsluiting van kinders veroorsaak of versterk nie. Hierdie navorsing impliseer glad nie dat daar nie reeds pogings is om deur meer ’n volhoubare kinderbediening betrokke te raak by sulke kinders nie. Die pogings en inisiatiewe behoort egter meer en beter te wees en die kerk behoort ’n veel groter rol daarin te speel.

2.3.2.2 Armoede

Armoede word tradisioneel verstaan as ’n gebrek aan middele, veral geld. Wanneer mense nie ’n standhoudende inkomste het nie, word daar maklik die afleiding gemaak dat hulle arm is, maar dit word al hoe duideliker dat bloot die gebrek aan middele nie die kompleksiteit van armoede verduidelik nie. Hoe behoort ons dan armoede en die effek daarvan op kinders en kinderbediening te verstaan?

Jayakumar Christians beskryf armoede as die ervaring om binne sisteme te leef wat mense se mag van hulle steel (in Fasani & Paul 2011:2) en hy onderskei tussen sosiale en persoonlike sisteme. Persoonlike sisteme is dinge soos siektes wat mense se liggaamskragte en gedagtes laat verswak en verkeerde persepsies wat mense oor hulleself het wat hulle mag steel. ’n Ander sisteem is geestelik van aard, en hier is dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld mense se verkeerde persepsies oor God wat hulle mag steel (2011:2). Die gebruik van die konsep van sisteme toon aan hoe kompleks die verskynsel van armoede is. Tog is dit ironies dat, die kompleksiteit van armoede in ag genome, die gee van geld vir armoedeverligting die grootste teenvoeter daarvoor blyk te wees. Baie volwassenes het dikwels toegang tot middele wat hulle kan help om die kompleksiteit van sistemiese armoede teen te werk en ook die vermoë om dit te doen; kinders het selde ’n soortgelyke toegang of vermoë, en dit maak hulle kwesbaar. Juis daarom is dit belangrik dat kinderbediening meer holisties en volhoubaar behoort te wees en op meer as net die geestelike behoeftes van kinders behoort te fokus.

Armoede kan ook volgens die definisie van Robert Chambers gedefinieer word. Chambers sien armoede as vyfdimensioneel (Chambers 1983:108-183)

- Armoede aan inkomste, dit wil sê ’n gebrek aan inkomste.
- Fisieke swakheid, en die effek wat siekte op ’n persoon kan hê.
- Isolasie, oftewel mense se demografie (waar hulle woon, byvoorbeeld in bergagtige of ander moeilik bereikbare gebiede). Isolasie kan ook verwys na uitsluiting uit goedere en dienste wat ’n gemeenskap bied. Vroue en veral kinders word dikwels deur hierdie soort isolasie geraak.
- Kwesbaarheid, of die vermoë van ’n gemeenskap om die gevolge van byvoorbeeld natuurrampe (droogtes, vloede, aardbewings) of ’n resessie te kan hanteer.
- Magteloosheid, uitsluiting van individue of groepe binne die gemeenskap uit die besluitnemingsprosesse wat daardie gemeenskap raak. Veral kinders word hierdeur geraak, aangesien hulle meestal nie deel vorm van die besluitnemingsprosesse oor hulle en hulle leefwêreld nie. Hulle kan dikwels nie eers self besluit hoe hulle bedien moet te word nie: Dit word namens hulle gedoen sonder dat hulle betrek word in die proses.

Bostaande twee sienings stem saam dat armoede omvangryk is en mense kwesbaar en magteloos maak. Armoede is ’n realiteit wat baie kinders op verskillende vlakke in Suid Afrika raak en dit kan ’n baie negatiewe impak op sulke kinders se huidige omstandighede en hulle toekoms hê. In Unicef se verslag oor die kinders van die wêreld, *State of the World’s Children* (2011:30), word die volgende stelling oor kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en armoede gemaak:“When large numbers of children and young people are allowed to fall well below the standards enjoyed by their peers, both they and their societies pay a high price.”

Bogenoemde verslag (Unicef 2011:90) ontbloot ook die volgende kommerwekkende statistieke oor kinders in Suid Afrika.

- Van 193 lande was Suid Afrika in 2009 vyftigste van onder ten opsigte van die sogenaamde “Under Five Mortality Rate” (5MR).
- Mense se lewensverwagting was in 2009 net 52 jaar. Hierdie statistiek kan grotendeels toegeskryf word aan die aantal sterftes weens Vigs.
- In 2009 het 330 000 kinders onder vyftien Vigs gehad. Die meeste van hulle is met die virus gebore.

Die effek van armoede kan langdurige negatiewe gevolge vir ’n gemeenskap hê. “Wanneer kinders in armoede gebore word en opgroei, word hulle lewens dikwels gekenmerk deur onder andere ’n gebrek aan basiese voeding, onvoldoende gesondheidsorg en gebrekkige toegang tot basiese dienste en onderwysgeleenthede” (Grobbelaar 2008:110). Hierdie dinge kan verpletterend vir kinders se ontwikkeling wees omdat hulle nog nie die vaardighede ontwikkel het om dit te kan verwerk en hanteer nie. Dit het implikasies vir kinderbediening, want kinders wat kwesbaar en magteloos is, het meer as net geestelike lering of godsdiensonderrig nodig.

In aansluiting hierby word die beskrywing van kinderbediening volgens Mattheus 18:5 (sien 2.2.1) des te meer belangrik. Kinderbediening behoort te vra hoe kinders uit arm gemeenskappe “ontvang” kan word. Dit bring weer die vraag van die verkenning van die ontwikkelingsbatesraamwerk as meer volhoubare raamwerk vir Kinderbediening op die tafel. Kan die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates bydra tot ’n meer volhoubare kinderbediening vir kinders wat kwesbaar en magteloos is?

2.3.2.3 Opvoeding

Dit is ’n feit dat opvoeding vir enige land van kardinale belang is. In 1953 het die destydse apartheidsregering die wet op Bantoe-onderwys ingestel wat ten doel gehad het om Swart mense ondergeskik aan Wit mense te hou en wat aan die swart kind ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

swak skoolopvoeding gegee het (Republic of South Africa:1953:2). Die effek hiervan is nog steeds sigbaar in Suid-Afrika aangesien baie volwassenes sukkel om te lees en skryf. Met die koms van die nuwe regering in 1994 is 'n nuwe stelsel, Uitkomsgebaseerde Onderwys, geïmplementeer. Die stelsel was nie suksesvol nie, en baie kinders bereik die hoërskool sonder dat hulle kan lees en wiskunde doen. In die *Mail & Guardian* maak Pretorius (2008:g.b.) die volgende stelling oor uitkomsgebaseerde onderwys: "The single most important legacy of OBE is another lost generation in South Africa's poorest schools. These are the children who still cannot read, write and do maths – the all-important keys that are critical to unlocking the door in acquiring knowledge." Die stelsel is pas weer vervang met 'n nuwe stelsel wat verduidelik word in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) en wat in 'n mate 'n terugkeer is na dit wat voor Uitkomsgebaseerde Onderwys bestaan het. Die kerk het 'n groot rol om te speel wanneer dit kom by die opvoeding van kinders. Die kerk behoort nie net kinders te ondersteun in die opvoedingsproses nie, maar ook ondersteuning en selfs toerusting te bied aan opvoeders wat daagliks met die kinders in die skole werk. Die meeste kinders spandeer gemiddeld tussen vyf en sewe ure vyf dae 'n week in die skool. In die kerk se uitreik na die gemeenskap behoort hierdie feit in ag geneem te word. Hoe dit gedoen behoort te word moet nog baie oor gedink en gepraat word. Die kerk het haar rol tot bediening van kinders begin afbaken tot kerklike byeenkoms soos Sondagskool, Kinderbond of Kinderkrans en het sodoende haar eie toegang tot meer kinders in die gemeenskap beperk. Dit maak dit nog meer belangrik vir die kerk om nuwe vennote te kry om hulle te help met Kinderbediening. Dit is belangrik dat die kerk behoort te vra hoe die kinders binne in die skole ook deur kinderbediening geraak kan word. Die ontstaan van Sondagskool in die vroeë 1780's in England deur Robert Raykes is tekenend van die kerk se toewyding tot die opvoeding van kinders. Raykes het aanvanklik die Sondagskole begin om die geleentheid te bied vir werkende en verwaarloosde kinders om te leer lees en skryf (Nel 1982:87). Dit is juis vanweë die ontstaan van die Sondagskole dat die kerk in daardie tyd nuwe lidmate kon werf, want kinders wat die Sondagkool bygewoon het, het ook die kerk byeenkomste begin bywoon (Seymour 2004:801).

Die Sondagskool het ter wille van geletterdheid ontstaan; baie sendingskole in Suid-Afrika en elders het om dieselfde rede ontstaan. In Ghana het die regering die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Methodiste-kerk versoek om te help met die ontwikkeling van nuwe skole vir kinders (Ghana 2012).

Voordat die nuwe regering in 1994 aan bewind gekom het, het die ou apartheidsregering toegesien dat Christelike godsdiensopvoeding ’n prominente plek in skole het. Die meeste kinders in die land (kinders van ander gelowe is nie gedwing om dit by te woon nie) moes klasse bywoon waar hulle Bybelonderrig ontvang het. Sedert 1994 het die prentjie egter verander en kinders word nou aan meer as een godsdiens op skool blootgestel. Volgens die Onderwysdepartement se godsdiensbeleid moet alle kinders in Suid Afrika blootgestel word aan alle godsdienste, sodat hulle die gemeenskaplike waardes van alle godsdienste kan leer ken (Republic of South Africa 2003:2). Godsdiens en die aanbieding daarvan in skole het in die eerste plek ’n opvoedkundige doel en nie ’n geestelike doel nie. Aangesien kinders oor verskillende godsdienste in die skool leer, is dit logies dat hulle meer vrae sou vra oor gelowe in die algemeen, maar veral oor hulle eie geloof. Moontlike vrae kan dalk wees of daar regtig ’n God is en of kerkgang en deelname aan ’n Christen-geloofsgemeenskap regtig belangrik is. Dit bring beslis nuwe geleenthede en uitdagings vir kinderbediening, en bevorder ter selfdertyd goeie gesprekvoeringsgeleenthede tussen volwassenes en kinders. Die uitdaging vir die kerk is om veilige ruimtes te skep sodat hierdie soort gesprekvoering wel kan plaasvind.

2.3.2.4 Inligtingsera

Volgens Cloete (2012:3) leef kinders en jongmense vandag in ’n komplekse, media-deurdrenkte samelewing. Hierdie samelewing maak televisie, rekenaars, die internet, selfone, slimfone, tablette en gedrukte en ander media onlosmaaklik deel van hulle lewens; dit kan selfs die enigste wêreld wees wat hulle ken. Vanweë hierdie blootstelling aan die media behoort die kerk dit binne sy kinderbediening te verreken, nie net as ’n voertuig om die bediening aan kinders “interessant” te maak nie, maar om toe te tree tot die leefwêreld van kinders. Potgieter (2003:15) beskou die koms van die inligtingsera en die gepaardgaande ontstaan van die “global village” as een van die draaipunte wat die bediening aan jeug en kinders in die postmodernistiese samelewing in ’n nuwe rigting gestuur het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die groot uitdaging van hierdie nuwe rigting is of die tegnologie en die kerk kan saamwerk om die boodskap van Jesus Christus aan kinders te kommunikeer. Indien dit die geval is, kom die “hoe”-vraag natuurlik ter sprake.

Horsfield et. al. (2004:25) is van mening dat daar twee sienswyses oor die verband tussen die kerk en media bestaan. Die een is dat die media as instrument gebruik kan word om die boodskap van die kerk te kommunikeer en die ander een is die kultuurteorie waarvolgens die media ’n kultuur-fenomeen is waarbinne godsdienstige instellings ’n plek het (Horsfield et. al. 2004:23).

Volgens die eerste sienswyse kan die kerk besluit hoe tegnologie tot sy voordeel gebruik kan word om die boodskap wat die kerk wil uitdra, te kommunikeer. By implikasie het die hoorder ’n meer passiewe rol en het die persoon wat die boodskap oordra beheer oor die effek wat hy/sy wil hê die boodskap op die hoorder moet hê

Sweet (2003:166) maan Christenleiers dat drie vaardighede, naamlik kommunikasie, samewerking en kreatiwiteit, belangrik is vir effektiewe leierskap. Na sy mening is die taal wat die kerk gebruik om met lidmate te kommunikeer ver verwyderd van wat in die leefwêreld van die gewone lidmaat gebeur. Indien die aanname van Sweet korrek is, is die manier hoe die kerk met kinders kommunikeer nog meer ontoereikend omdat kinders nie dieselfde status as volwassenes in die kerk het nie. Sweet maak ook die aanname dat die teorie en praxis van enige bediening getransformeer word deur die inligtingsera (1999:167). Hy maan die kerk ook om die oorgang te maak van ’n liniêre, eenrigtingkomunikasiestyl en paradgima na paradigmas en kommunikasiestyle wat die uitdagings wat die inligtingera aan die kerk bied, weeg en aanvaar. Wat is dan die kwaliteite wat die kommunikasie tussen die kerk en kinders uniek en anders maak in hierdie tydsgewrig?

Die huidige geslag kinders tussen 8 en 18 jaar word die M-Generasie genoem, waar M vir “media” staan (Ellis, Buamgart en Carper in Anthony 2006:229). In ’n kwantitatiewe studie wat met Amerikaanse kinders tussen die ouderdomme 8-18 jaar gedoen is, is die volgende kenmerke van die M-generasie geïdentifiseer:

- Hulle spandeer tot 6½ uur per dag met media.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Kinders spandeer meer tyd per week met media (44½ uur) as wat hul ouers by die werk spandeer (40 uur per week).
- Kinders spandeer meer tyd per dag met media (6½ uur) as wat hulle met hulle ouers kommunikeer (2¼ uur per dag).
- Kinders spandeer meer tyd per week met media (44½ uur) as wat hulle in die klaskamer spandeer (30-35 uur per week).

Die situasie ten opsigte van bogenoemde statistieke is heel moontlik nie in Suid Afrika so ekstreem nie, bloot omdat armoede hier ’n groter rol speel en baie kinders nie toegang tot soveel vorme van media het nie. Omdat die meeste kinders, selfs in arm gemeenskappe, egter toegang tot selfone het en selfone al “slimmer” word, speel media wel ’n toenemende rol in alle kinders se lewens. Die kerk kan dus nie nalaat om die media in armoede-situasies te verreken nie. Alhoewel daar verskillende interpretasies vir die verband tussen die media en die kerk bestaan, bly die primêre vraag die vraag van kommunikasie. Wat moet die kerk met die beskikbare instrumente doen om haar boodskap oor te dra en waar pas die kerk in die media-kultuur in? Die antwoorde hierop is nie eenvoudig nie.

Die vraag wat die kerk behoort te vra, is: Hoe het die inligtingsteologie die leefwêreld en kultuur van kinders verander? Die skuif wat die kerk moet maak, is dus groter as net om te besin oor die gebruik van die kommunikasie-media. Dit behoort ’n skuif te wees na ’n beter verstaan van die leefwêreld van kinders en hoe hulle binne hul eiesoortige leefwêreld bedien behoort te word. Ander vrae wat hiermee gepaard gaan is hoe geloofsvorming hierdeur geraak word en hoe veral die jeug vandag deur middel van media sin probeer maak vir hul lewens. Ook behoort die kerk te vra hoe die vorming van waardes en die uitleef daarvan deur die media beïnvloed word. Die kerk behoort ook te vra hoe die media kultuur benut kan word in haar missionale roeping om uit te reik na alle kinders in die gemeenskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4 Verskillende modelle vir kinderbediening

Die navorser het in hierdie deel van die studie besluit om op die onderstaande modelle en metafore te fokus, omdat dit logies is dat wanneer 'n ander raamwerk vir kinderbediening oorweeg word, dit met bestaande modelle of metafore vergelyk behoort te word. Sodoende kan dan gemotiveer word waarom die raamwerk van veertig ontwikkelingsbates bo ander raamwerke verkies word.

Kinders is reeds van die Bybelse tyd deel van die volk van God of die gemeente van God. In die Ou Testament word op verskillende plekke, byvoorbeeld in Psalm 78:1-8 en Deuteronomium 6:6-9 en 20-25, opdragte aan volwassenes gegee oor hoe kinders se geloofsvorming behoort te gebeur. Die konsep van geloofsvorming van kinders deur die volwassenes in hulle lewens is dus nie nuut nie. Ook maak Deuteronomium dit duidelik dat God van die Israeliete verlang om om te sien na die vreemdelinge en die weeskinders (Deut 14:19, 16:11-14). Dit is dus duidelik dat God wil hê dat God se volwasse kinders behoort om te sien na kinders. Dit is waarvoor die ontwikkelingsbatesraamwerk ruimte maak, en waar die kerk weer haar invloed in die breër gemeenskap kan vergroot.

Oor die eeue heen het kinderbediening in verskillende metafore, vorme, modelle, benaderings en perspektiewe gestalte gevind, 'n gestalte wat gewoonlik die konteks of tydsgewrig van die betrokkenes weerspieël het. In die volgende paragrawe gaan enkele modelle, benaderings of raamwerke vir kinderbediening verken word, om meer lig te werp op bestaande modelle, benaderings of raamwerke vir kinderbediening.

Dit is belangrik om die konsep "model", "benadering" en "raamwerk" te omskryf alvorens die verskillende voorbeelde verken word. Dit is ook belangrik om uit te wys dat wanneer die konsepte gebruik gaan word, dit spesifiek na kinderbediening sal verwys.

Kinderbedieningsmodel

Grobbelaar (2008:145) maak die stelling dat modelle bepaal word deur die makro- en lokale konteks van die gemeente en die dominante denksisteme wat onder die lidmate van die gemeente teenwoordig is. Daarmee bedoel hy dat gemeentes 'n model kies wat by hulle omstandighede pas. Implisiet kan dit ook verstaan word dat 'n model vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinderbediening aangepas en/of ontwerp word vir die groep mense wat besluit wie en hoe die model gebruik gaan word, die mense wat in die meeste gevalle ook die eindgebruikers van die model sal wees.

Raamwerk

Die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT) beskryf ’n raamwerk as ’n omhulsel of ’n skelet van ’n vaste voorwerp (Odendal en Gouws 2005:906). Kinderbediening vind altyd plaas binne struktuur of raamwerk (Rainer & Geiger in De Vries 2008:52). Hierdie raamwerk is as’t ware ’n beskrywing van die tipe kinderbediening wat gebruik word. Die keuse van ’n raamwerk of model berus by die gebruikers daarvan. Vir die doel van hierdie studie word die begrip raamwerk gebruik, om aan te sluit by die Search Institute se raamwerk van veertig ontwikkelingsbates. Hierdie veertig bates is die uitkoms van dekades van navorsing en word so gerangskik en gekategoriseer dat dit as raamwerk kan dien wat enige iemand in enige konteks behoort te kan gebruik. Hulle beskryf die bates as “positiewe ervarings, positiewe verhoudings en kwaliteite, wat deur elkeen gebruik kan word om in die lewens van kinders en jeug te bou” (Search Institute 2010).[3] ’n Meer omvattende beskrywing van die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates volg in hoofstuk 3.

2.4.1 Bedieningsmodelle

Grobbelaar (2008:145) onderskei tussen vier bedieningsmodelle wat hy dan aanwend om verskillende tipes eredienste te beskryf. Alhoewel hy die modelle spesifiek op die erediens van toepassing maak, reflekteer die denkwyse agter elkeen ook die gemeente se algemene houding oor kinderbediening, en daarom word hulle vervolgens gebruik as modelle om verskillende tipes kinderbediening te beskryf.

2.4.1.1 Bedieningsmodel 1: Ignorering en miskenning

Binne hierdie model word kin.ders gesien, maar nie gehoor nie (Grobbelaar 2008:146). Hulle is teenwoordig in die gemeente se eredienste en ander aktiwiteite, maar word nie raakgesien nie. Binne die model leef die gemeente hul aktiwiteite, eredienste en aksies uit sonder om die kinders wat teenwoordig is, in ag te neem. Dit is moontlik dat die

[3] Hierdie aanhaling uit die webwerf van die Search Institute is 'n vertaling. Die oorspronklike Engelse teks is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeentes wat hierdie model gebruik, nie eers bewus is daarvan dat hulle kinders misken of ignoreer nie. Die ignorering en miskenning van kinders is ’n denkwyse wat gesetel is in die harte en gedagtes van gemeentelede en wat ongesiens .

2.4.1.2 Bedieningsmodel 2: Fragmentasie en isolasie

Binne hierdie model word kinders as belangrik gesien. Hul belangrikheid en uniekheid word so hoog op prys gestel dat kinders in hulle ouderdomsgroepe meestal sonder die teenwoordigheid van hulle ouers bedien word. Daar word onder andere ruimte gemaak vir ’n moederskamer, waar ouers, veral moeders, tydens die eredienste met hul babas kan sit sodat hulle nie die res van die gemeente pla nie. Groot moeite word gedoen om ruimte te maak vir byvoorbeeld afsonderlike peuter- en kleutergroepe, asook verskillende laerskoolgroepe. Terwyl die volwassenes bedien word, word die kinders in hulle ouderdomsgroepe, gewoonlik deur vrywilligers uit die gemeente, bedien. “Die kinders en hulle bediening word nie in die totale lewe van die gemeente ingetrek nie, maar word eerder daarvan geïsoleer” (Grobbelaar 2008:150). Dit kan daartoe lei dat wanneer kinders te oud geword het om kinderkerk of die aktiwiteite van die kinderbediening by te woon, hulle nie kans sien om deel te word van die gemeentelike aktiwiteite waarvan hulle ouers deel is nie.

2.4.1.3 Bedieningsmodel 3: Akkommodasie

Binne hierdie model kan kinders op verkeie maniere geakkommodeer word. Die eerste manier is dat die kinders deel vorm van die erediens en dan op ’n sekere tydstip die diens verlaat om na hul eie kinderkerk te gaan. Kinders gaan gewoonlik net voor die preek uit die diens. Die ander manier is dat daar tydens die erediens tyd ingeruim word vir ’n “kinder-oomblik.” ’n Kort boodskap vir die kinders word apart van die grootmense se boodskap gehou. Kinders is dus deel van ’n gedeelte van die erediens, maar nie van die totale erediens nie. By party gemeentes word die akkommodasie van kinders in die diens ’n familiediens genoem wat baie keer eerder in die kerksaal as die kerkgebou gehou word. Dit word dan ’n aparte diens wat slegs op ’n deel van die gemeente gerig is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.1.4 Bedieningsmodel 4: Integrasie

Binne hierdie model het daar eerstens ’n verskuiwing in denke en houding teenoor kinders binne die harte van gemeentelede gebeur. Kinders se waarde as gemeentelede word erken en daar word gebruik gemaak van hulle gawes en talente binne die erediens. Kinders word saam met volwassenes bedien en volwassenes en kinders leer saam met mekaar en van mekaar meer oor God en hulle geloof. In hierdie model kom ’n intergenerasionele kinderbediening tot sy reg.at al vier hierdie modelle in gemeen het, is dat hulle hoofsaaklik binne die erediens op Sondae gebruik word. Hulle sluit ook net die kinders in wat reeds deel is van die gemeente en die eredienste bywoon. Kinders wat nie aktief deel vorm van die gemeente nie, asook die kinders in die breër gemeenskap wat nie deel vorm van ’n kerk nie, word nie in ag geneem deur een van hierdie modelle nie. Die modelle kan dus nie as raamwerk gebruik word vir ’n kinderbediening wat volhoubaar, holisties en gemeenskapstransformerend moet wees nie.

2.4.2 Metafore vir kinderbediening en gepaardgaande modelle

In die boek *Children Matter* word onderstreep dat metafore kinderbediening help vorm (May, Posterski, Stonehouse & Cannel 2005:3). Die skrywers onderskei tussen metafore vir Christelike onderrig (wat ook mikro-metafore genoem word) en metafore vir kinderbediening self (wat ook makro-metafore genoem word). Die skrywers bespreek ook wat die onderliggende oorsake vir die ontstaan en gebruik van metafore is. Die mikro-metafore wat gewoonlik gebruik word om kinders te beskryf is onder andere “hulle is soos sponse”, “hulle is soos nat klei wat gevorm moet word”, “hulle is soos ’n skoon bladsy waarop nog geskryf moet word”, “hulle is soos ’n beker wat gevul moet word” (May et al. 2005:5). Hierdie metafore impliseer almal dat kinders net passiewe ontvangers is van wat volwassenes hulle probeer leer. Metafore vir die onderwyser sluit in “baas”, “ekspert” en “evalueerder”, wat impliseer dat hy of sy die kinders beheer en op hul optrede reageer. Indien hierdie metafore vir kinders en onderwysers in ’n kinderbediening gebruik word, sal die verhouding tussen die kind, die onderwyser en dit wat geleer word, die model vir kinderbediening wat gestalte kry tot ’n groot mate beïnvloed (May et al. 2005:10).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Makro-metafore beïnvloed die oorhoofse rigting waarin die kinderbediening van die gemeente beweeg (May et al. 2005:10). May en haar medeskrywers (2005:11-22) onderskei tussen vyf soorte modelle vir kinderbediening. In die volgende paragrawe sal die vyf modelle bondig opgesom word en die invloed wat metafore op hulle het, verken word. May et al. onderstreep dat die modelle nie sleg of verkeerd is nie, maar vra terselfdertyd of daar dan nie ’n beter manier behoort te wees om die doel van kinderbediening te bereik nie.

2.4.2.1 Skool-model

Sondagskool is die metafoor wat al vir meer as 200 jaar gebruik word vir een van die mees algemene vorme van kinderbediening. Kinders word hoofsaaklik in ouderdomsgroepe georganiseer en onderrig, met handboeke wat geskik is vir hulle ouderdom en behoeftes, deur vrywilligers wat ingestem het om met hulle ouderdomsgroep te werk. May et al. (2005:11) beskryf die proses as volg: “This process is reminiscent of a slow- moving assembly line as if children were on conveyor belts, to be made into ‘finished products’ by eighth or ninth grade, when the ‘manufacturing’ process is completed.” Die skrywers toon hiermee die ooreenkomste tussen Sondagskool en skool aan. In aansluiting hierby is een van die tekortkominge van die model dat dit die kind slegs op ’n kognitiewe manier bereik. Dit gaan oor hoeveel Bybelkennis ’n kind ken of behoort te ken. Dit is dus glad nie holisties nie en die doel daarvan is ook nie intensioneel om die gemeenskap waarin die kinders woon te betrek of te bereik nie. Die model versterk in essensie die na-binne-gerigtheid van die kerk.

2.4.2.2 Wen-’n-prys-model

Kompetisie is die hoofelement van hierdie model. Kinders word op verskillende maniere “aangemoedig” deur pryse wat gewen kan word vir deelname, spanwerk en hardwerkendheid. Dit gaan hier meestal om die kognitiewe weergee van kennis en om fisieke krag. Kinders wat op skool nie op akademiese gebied goed doen nie of nie op sportgebied uitblink nie, blink ook nie in hierdie soort kinderbediening uit nie. Die implikasie is dat dieselfde groepie kinders wat in die skool goed vaar ook die kinders is wat in die Sondagskool goed doen. Die model bevoordeel slegs ’n klein groepie kinders. Motivering om die Sondagskool by te woon word van buite gestimuleer deur die gee

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van pryse en aanmoediging wat nie noodwendig help dat kinders meer en beter leer nie. May et al. (2005:15) gaan self so ver om te sê dat hierdie model verhoudinge tussen meer kompeterende kinders en minder kompeterende kinders nog meer gespanne kan maak en “wenners” meerderwaardig teenoor die “verloorders” laat optree. Die wen van pryse word later meer belangrik as dat kinders leer om Christus in die wêreld te beliggaam.

2.4.2.3 Karnaval-model

Sedert die vroeë negentiger jare wen die mening dat kerk die hoogtepunt van elke kind se week behoort te wees veral in die VSA veld (May et al. 2005:5). Dit is in beginsel baie eerbaar en goed, maar ’n baie groot element van hierdie hoogtepunt beteken dat dit vir kinders pret moet wees om kerk toe te kom. Gemeentes wat hierdie model vir kinderbediening onderskryf, moet gewoonlik stewige begrotings hê want groot finansiële ondersteuning is nodig om hierdie model aan die gang te hou. Groot, kleurvolle speelareas met duur, somtyds uitspattige toerusting en opgeleide personeel is van die elemente wat die model aan die gang hou. Die aanbieding van die program begin gewoonlik met ’n goed voorbereide opening deur onder andere ’n dramaspan en ’n lofprysingspan, gevolg deur werk in klein groepe met kleingroepfasiliteerders. Die doel van die kleingroepe is dat kinders meer persoonlike aandag van ’n volwassene kan kry. ’n Baie groot voordeel is dat baie moeite gedoen word om dit vir die kinders lekker te maak om kerk by te woon, maar die nadeel daarvan is dat kinders binne die tipe atmosfeer wat geskep word, kan sukkel om die grootheid en heiligheid van God te ervaar. Hierdie model kan ook net gebruik word deur gemeentes wat die begroting en personeel daarvoor het en is moeilik bruikbaar in die groot aantal kleiner en armer gemeentes in die Suid-Afrikaanse konteks.

2.4.2.4 Pelgrimsreis-model

Binne hierdie model beïnvloed mense van verskillende ouderdomme intensioneel mekaar se verhouding met God (May et al. 2005:17). Die metafoor van hierdie model is sterk gegrond op Deuteronomium 6:6-9, 20-25, Psalm 78:1-8 en ander soortgelyke Skrifgedeeltes. Die proses kan ook deelnemende leer genoem word omdat deelnemers hieraan aktief bymekaar leer terwyl elkeen besig is met hul individuele reis met God. Die model werk baie goed in kleingroepe en waar die volwassenes baie goed verstaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoe die kinders binne die proses begelei moet word. Dit maak dit moeiliker vir onopgeleide vrywilligers om deel te word van die proses. Die model vra ook goeie beplanning omdat leermomente gewoonlik nie kronologies verloop soos met die Skool- of Karnaval-model nie. Modelle soos laasgenoemde twee kan egter gebruik word om leermomente binne die Pelgrimsreis-model te help skep. Die model kan dus as oorhoofse model gebruik word terwyl ander modelle ook van tyd tot tyd bygehaal word. Soms word van hierdie model ook gepraat as die opvoedingsmodel.

2.4.2.5 Dans-met-God-model

Hierdie model word ook die verhoudingsmodel genoem omdat die model nie sterk op opvoeding gegrond is nie, maar eerder op die omgewing en verhoudings binne die kind se ouerhuis en die gemeente waarbinne die kind grootword. Dit impliseer dat die kind reeds van voor geboorte stimulusse van buite af ontvang wat die kind se ervarings en persepsies oor God help vorm. Indien hierdie persepsies om een of ander rede nie meer intensioneel gestimuleer word nie, stop die dans. Hierdie model is ernstig daaroor dat kinders van ’n baie vroeë ouderdom ’n verhouding met God kan hê en dat die geloofsgemeenskap en die familie waarbinne kinders groot word ’n baie groot rol daarin speel.

Al bogenoemde modelle fokus op die kinders binne die kerk Die modelle vereis toerusting en toegeruste vrywilligers om hulle tot hul reg te laat kom. Behalwe die koste verbonde aan die modelle is een van hulle sterk punte dat hulle die kinders wat reeds deel van die gemeente is, ’n baie goeie Christelike onderrig kan bied. Hulle is egter nie holisties nie in die sin dat hulle hoofsaaklik die kognitiewe en geestelike dimensies van die kind stimuleer. Alhoewel daar in veral laasgenoemde twee modelle klem geplaas word op verhoudingsbou, is daar nie noodwendig sprake van ’n holistiese verstaan en bediening van die kind nie. ’n Belangrike sterk punt van die ontwikkelingsbatesraamwerk is dat dit deelname van die hele gemeenskap vereis, en dus baie meer omvattend is. Dit betrek verder nie net alle kinders in die gemeenskap nie, maar bemagtig hulle ook om bydraes tot hulle gemeenskappe te kan maak. Kinders is dus nie net objekte van bediening nie maar ook bedienaars wat ’n bydrae maak tot die ontwikkeling van die gemeenskappe waarvan hulle deel is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.3 Geloofsvorming en kinderbedieningsmodelle

Michael Anthony (2006:183-197) maak die stelling dat geloofsvorming by kinders baie kompleks is. Hy verduidelik dat elke kind se geestelike ontwikkeling uniek is en elkeen daarom vir God op ’n unieke persoonlike manier beleef. Hy probeer die uniekheid van elke kind se geestelike reis met God verduidelik deur die gebruik van wat hy vier kwadrante noem. Die kwadrante verteenwoordig kinders se ervaring en kennis van God, en daarmee verken hy die geloofsvorming van kinders. Verder vergelyk hy die kinders se ervarings en kennis oor God met verskillende modelle van kinderbediening, asook die programme wat hierdie benaderings of modelle reflekteer. Vervolgens word die kwadrante kortliks saamgevat en geëvalueer.

2.4.3.1 Kwadrant 1: “Contemplative Reflective Models”

Hierdie kwadrant, die kontemplatief-refleksiewe model, verteenwoordig kinderbedieningsmodelle wat gekenmerk word deur tye van stille reflektering, storievertelling en introspektiewe (of stil) gebede. Die doel hier is tweeledig. Kinders moet eerstens hulle gedagtes leeg maak van hul eie denke sodat hulle ontvanklik kan wees vir God. Kinders word aangemoedig om introspeksie te doen, eerlik te wees en hul sondes te bely. Tweedens moet kinders ’n stil plek vind waar hulle deur die luister van musiek, die lees van die Bybel of kuns stil kan word voor God. ’n Goeie voorbeeld van ’n model wat aansluit by hierdie kwadrant is die “Godly play”-model van Jerome Berryman. Hierdie model het sy wortels in die Montessori-benadering tot opvoeding (Berryman 1995:15), waar kinders toegelaat word om op hulle eie te leer met begeleiding deur ’n Montessori-opvoeder. Binne “Godly play”-model word kinders deur ’n reeks stappe begelei om op hulle eie ontdekkings oor God en hulle verstaan van God te maak en te ontdek hoe hierdie verstaan aansluit by hulle leefwêreld (Berryman 1995:27-102). Dit is ’n langtermynproses waar vrywilligers en kinders oor ten minste ’n tydperk van drie jaar hierdie ontdekkings maak (Berryman 1995:25). Die model werk goed vir kinders van twee tot agtien jaar en is ’n baie goeie kleingroepmodel vir die Christelike opvoeding van kinders (Berryman 1995:143).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.3.2 Kwadrant 2: "Instructional Analytical Models"

Hierdie kwadrant, die instruksioneel-analitiese model, verteenwoordig modelle met 'n hoë waardering vir die sistematiese bestudering van die Bybel. Hierdie model fokus dus op lering. Hier doen kinders Skrifmemorisering; hulle speel speletjies wat met die leerstof geassosieer word en dit versterk. Die gee van pryse as beloning vir harde werk speel 'n belangrike rol. Die AWANA-program is 'n goeie voorbeeld van 'n kinderbedieningsmodel wat binne hierdie kwadrant pas. Die naam AWANA is die afkorting van "Approved workmen are not ashamed" en die program help ouers en die kerk om kinders te help om geestelik sterk te word en Jesus getrou te volg (AWANA 2011). Die fokus van hierdie program is evangelisering en dissipelskap. Kinders word in verskillende ouderdomsgroepe toerusting gegee om hulle Christenskap te kan uitleef. Ouers word ook toegerus om hulle kinders geestelik te kan begelei. Die program is reeds sestig jaar oud en word hoofsaaklik in die VSA gebruik maar is onlangs ook internasionaal bekendgestel. Die program word nou reeds op sewe kontinente gebruik.

2.4.3.3 Kwadrant 3: "Pragmatic Participatory Models"

Kinders binne hierdie kwadrant, die pragmaties-deelnemende model, geniet nie lang tye van stilsit en luister nie. Hulle wil eerder deelneem deur byvoorbeeld op 'n uitreik na 'n sopkombuis te gaan as om stil te sit en luister na stories van hoe Christene ander mense kan help. Die klem is dus sterk op leer deur dienslewering.

2.4.3.4 Kwadrant 4: "Media Driven Active Engagement"

Kinderbedieningsmodelle binne hierdie kwadrant, die model van mediagedrewe aktiewe deelname, maak gebruik van verskillende mediavorme om hul boodskap aan kinders te kommunikeer. Hierdie vorme sluit in rollespel, DVD's, powerPoint- voorleggings, musiek asook ander vorme van interaktiewe deelname.

Bogenoemde kwadrante verteenwoordig modelle wat hoofsaaklik op kinderbediening in die kerk gerig is. Hulle is nie gerig kinders wat nog nie deel van die kerk of die kinderklub is nie. Binne kwadrant 2 word ouers bemagtig om hulle kinders met die proses van geloofsvorming te help. AWANA is egter sterk gefragmenteer in hulle benadering tot kinderbediening in die sin dat kinders streng volgens ouderdomsgroepe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedien word. Kwadrant 3 neem dienslewering deur kinders ernstig op en bemagtig hulle om as agente van geloof op te tree. Die “Godly play”-model vereis dat vrywilligers vir ten minste drie tot ses jaar betrokke behoort te wees by die groep om ten volle te verstaan hoe om die program te gebruik. Al hierdie modelle help baie met kinders se geloofsvorming, maar is nie holisties nie. Behalwe moontlik kwadrant 3 lewer hulle eintlik ook nie ’n direkte bydrae tot gemeenskapstransformasie nie.

Dit is in die lig van die voorafgaande dat die soeke na ’n meer volhoubare model vir kinderbediening ernstig oorweeg behoort te word. Dit is nie meer genoeg om hoofsaaklik op die geestelike dimensie van kinders en geloofsvorming te fokus nie. Die bediening van kinders behoort meer holisties en gemeenskapstransformerend gedoen te word om werklik volhoubaar te wees.

2.5 Samevatting

Die invloede op kinderbediening is baie meer omvattend as dié wat in hierdie hoofstuk hanteer is. Die doel van die hoofstuk was egter net om sekere kategorieë van invloede wat inspeel op kinderbediening uit te lig. ’n Meer volhoubare kinderbediening vereis ’n raamwerk wat die verskillende kontekste waarin kinders leef, insluit. Brewster (2005:41) maak die stelling dat ’n belangrike element van werk met kinders is dat dit omvattend moet wees en nie net een fasset van die kind se lewe aanspreek nie.

Die modelle wat in hierdie hoofstuk verken is, is hoofsaaklik beperk tot net een konteks waar kinders leef, naamlik die kerk. Sommiges probeer tot ’n mate die konteks van die huis te betree. Min probeer om in die gemeenskap betrokke te wees. Dit fokus hoofsaaklik op geloofsvormende aktiwiteite wat binne die gemeente beoefen word. Dit is egter nie voldoende en omvattend genoeg om kinderbediening volhoubaar te maak nie. Kerke het tog soms ook ander bedienings wat op kinders gerig is, byvoorbeeld sopkombuise vir kinders en uitreike na weeskinders. Die probleem is nie dat kinders buite die kerk geheel en al uitgesluit word nie maar die feit dat daar nie ’n geïntergreerde benadering en strategie in gemeentes is om alle kinders te bedien nie. Anders gestel: opvoedkundige modelle en missionale modelle word losgemaak van mekaar. Volgens Grobbelaar (2008:473) behoort gemeentes se kinderbediening ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer misionale karakter aan te neem omdat “kinderbediening ’n gestuurde bediening is” en die gestuurdheid daarvan uitgeleef behoort te word. Hiermee word nie gesê dat die kerk glad nie uitreik na ander kinders in die gemeenskap nie, maar dat dit ’n integrale deel van die kerk se bediening aan kinders behoort te wees. Kerke probeer ook goeie pogings aanwend om fassette vir kinders in eredienste by te voeg, maar baie meer kan nog gedoen word om kinderbediening meer holisties en geïntegreerd te maak met die res van die kerk en haar bediening (Grobbelaar 2008:473)

In hoofstuk 3 gaan die ontwikkelingsbatesraamwerk in meer detail verken word met die oog op die verwerkliking van ’n meer volhoubare kinderbediening.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

Die ontwikkelingsbatesraamwerk as moontlike raamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening

3.1 Inleiding

In Hoofstuk 1 is die motivering vir die navorsing asook ’n oorsig oor die inhoud van die studie gegee. In Hoofstuk 2 is enkele faktore wat ’n invloed op kinderbediening het, bespreek. Verskillende modelle vir kinderbediening is ondersoek en op grond van hulle holisitese en volhoubare eienskappe evalueer. In hierdie hoofstuk word die ontwikkelingsbatesraamwerk avndie Search Institute meer breedvoerig bespreek en die redes waarom dit as raamwerk vir meer volhoubare kinderbediening oorweeg behoort te word, verken.

Die fokus van die navorsing is die soeke na ’n raamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening. Volgens Brewster (2005:41) is ’n belangrike vereiste vir volhoubare kinderbediening die feit dit omvattend moet wees en nie net op een faset van die kind se lewe fokus nie. Een van die belangrike kenmerke van die ontwikkelingsbatesraamwerk is juis dat dit omvattend is en meer as een faset van ’n kind se leefwêreld verreken. In die beskrywing en bespreking van die ontwikkelingsbates wat die Search Institute as raamwerk ontwikkel het, kom hierdie aspek telkens na vore. Daar is uit die aard van die saak nie net een regte manier om die uitdaging van ’n meer volhoubare kinderbediening die hoof te bied nie, en die ontwikkelingsbatesraamwerk word ook nie as sodanig aangebied nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Historiese oorsig van die ontwikkelingsbates-raamwerk

Die Lutherse onderlinge hulpvereniging, Thrivent Financial for Lutherans, beskryf die ontwikkelingsbates as ’n raamwerk wat vir die welstand van alle kinders aangewend kan word en as ’n vars manier vir ouers, bure, kinders, jongmense en families om hulle rol binne die gemeenskap te bedink en te vertolk (Search Institute 2010). Dit is juis vanuit die Lutherse geledere dat Merthen Strommen in **1958** met navorsing begin het oor wat die kerk die jeug kon bied. Die aanvanklike idee van die navorsing was net om ’n kurrikulum op te stel wat die behoeftes van ses Lutherse gemeentes se jongmense sou hanteer. Hulle bedoeling was om ’n ruimte, ’n atmosfeer te help skep waar jongmense ’n meer aktiewe rol binne hulle gemeentes kon vertolk. Strommen het aanvanklik ’n vraelys ontwikkel wat deur 2000 volwasse lidmate en jongmense van die ses gemeentes ingevul is.

Data van die vraelyste is in **1959** deur die Universiteit van Minnisota geanaliseer en Strommen het die resultate daarvan in agt verslae beskryf. Nadat die data verder geanaliseer is, is Gordon Smedsrud se verslag van die navorsing, *What youth are thinking*, in 1962 gepubliseer. Hierdie publikasie het gehelp om kort- en langtermyn-doelstellings vir die gemeentes se werk met jongmense op te stel. Vanuit hierdie aanvanklike publikasies het nog navorsing gevolg en meer publikasies het verskyn.

Die Lutheran Youth Research het hulself duidelik gevestig as ’n organisasie wat ernstig was oor die jeug, ernstig genoeg om navorsing te doen oor hoe hulle hulle jong lidmate beter kon dien. Die organisasie het oor die volgende dekades gegroei en mettertyd meer gespesialiseerde navorsingstegnieke oor jongmense, kinders en kleuters otnwikkel. Intussen het al hoe meer denominasies bewus geword van die behoefte aan navorsing op hierdie gebied en het al meer gemeentes van verskillende denominasies in die VSA die navorsing ondersteun.

Daar was ook gemeenskapsgerigte navorsing, soos die studie *Chemical People* **(1984),** wat dwelmmisbruik onder die jeug ondersoek het en Forliti se *Values & choices: Human sexuality, a guide for parents of young adolescents* **(1985),** wat die seksualiteit van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

adolessente in Amerika ondersoek het. Hierdie boek tesame met ’n video is in 1986 met groot sukses in staatskole in die VSA gebruik.

Die boek *The troubled journey: A portrait of 6th – 12th grade youth* is in **1990** gepubliseer. In hierdie boek is dertig boustene vir die gesonde ontwikkeling van die jeug geïdentifiseer, en hierdie boustene was die voorloper van wat nou bekend staan as die veertig ontwikkelingsbates. Die boustene is verbind met die voorkoming van veelvoudige hoërisiko-gedrag, die bevordering van sukses op skool en omgee-verhoudings met die jeug. Dit het duidelik aangetoon dat die omgewing waarin jongmense en ook kinders hulle bevind ’n groot rol speel in hoe gesond hulle ontwikkel.

In **1993** is ’n vyfjaarprojek onderneem wat hulpbronne en opleiding aan gemeentes verskaf het om jongmense en kinders meer effektief te bedien. Die Search Institute het die projek in samewerking met die Missouri Sinode van die Lutherse Kerk en die Lutheran Brotherhood gedoen. Verskeie publikasies en projekte wat rigtinggewend was vir die huidige werk van die Search Institute is ook in 1993 geloods. Dit sluit in “Children First”, ’n loodsprojek wat navorsing gedoen het oor gesonde gemeenskappe en ’n gesonde jeuginisiatief in St Louis Park, Minnesota. “Children First” is ’n gemeenskapsinisiatief deur kerke, besighede, skole en families om maniere te vind waarmee hulle die kinders in hulle gemeenskappe kan help deur die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk. *Beyond leaf raking: Learning to serve/serving to learn* was weer ’n gids om volwassenes te help om kinders en jongmense toe te rus om diens in hulle gemeenskappe te kan lewer.

Ander publikasies waarmee lidmate toegerus is om lering en geloofsvorming aan kinders te bied, is onder andere *The teaching church*, *Rethinking Christian education*, *Youth in Protestant churches* en *“Effective Christian education: A national study of Protestant congregations* (1993).

Die “Healthy communities, healthy youth” inisiatief van **1995** is ook gebaseer op die ontwikkelingsbates. Hiermee het die Search Institute 35 gemeenskappe in vyf state gehelp om inisiatiewe te inisieer en te organiseer om die bates vir en in jongmense te vestig. Die aantal gemeenskappe wat die ontwikkelingsbates in die VSA gebruik, het in 1996 tot 170 gegroei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die raamwerk van veertig ontwikkelingsbates is in **1997** vir die eerste keer gebruik, en nuwe data daaroor is toe bekendgestel. Dit is hierdie raamwerk, die sg ontwikkelingsbatesraamwerk, wat verder hierdie hoofstuk beskryf word.

In **1998** groei die getal gemeenskappe in die VSA wat die bates gebruik, tot 300. Verdere navorsing word ook gedoen en publikasies soos *Shema: Listening to Jewish youth* en *Developmental assets*: *A synthesis of the scientific research on adolescent developmen*t sien die lig. Dit is hier belangrik om te noem dat die ontwikkelingsbatesraamwerk nie net deur mense van die Christelike geloof gebruik word nie – die raamwerk is bruikbaar vir alle kinders, ongeag geloof en ras.

Laasgenoemde boek is ’n uitgebreide en omvattende hersiening van meer as 800 wetenskaplike artikels en verslae verwant aan die ontwikkelingsbates. Publikasies word ook uitgereik in Spaanssprekende lande, en in **2001** was daar reeds 800 gemeenskappe wêreldwyd wat die ontwikkelingsbatesraamwerk vir hulle jeug- en kinderwerk gebruik het.

In **2002** ontwikkel die Search Institute ’n nuwe misiestelling: “Om leierskap, kennis en hulpbronne daar te stel wat positiewe kinders, jeug en gemeenskappe bevorder.” Dit is duidelik dat hier ’n skuif in die werk van die Search Institute gekom het. Waar daar eers net op adolessente gefokus is, word kinders ook nou pertinent ingesluit. Die organisasie verskaf dan ook hulpbronne vir werk met kleuters, kinders en adolessente. Die missiestelling stel dit duidelik dat die daarstel van hulpbronne positiewe gemeenskappe vir kleuters, kinders en adolessente se ontwikkeling wil bewerkstellig. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die verskaffing van hulpbronne gesien word as ’n belangrike element in die vestiging van die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk binne gemeenskappe.

Die werk van die Search Institute het algaande van ’n spesifiek Lutherse en na-binne-gerigte inisiatief beweeg na ’n gerigtheid op die hele gemeenskap en land, en selfs op ander dele van die wêreld. Die werk word ondersteun word deur deeglike navorsing vanuit nie net die VSA nie, maar ook ander dele van die wêreld waar die ontwikkelingsbatesraamwerk gebruik word. Uit die navorsing is dit duidelik dat die ontwikkelingsbatesraamwerk op gemeenskapsvlak sowel as in skole, families en kerke benut kan word. ’n Deel van die hulpbronne wat bekend gestel is, is literatuur oor die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

integrasie van hierdie kontekste of sektore. Die idee is dat dieselfde boodskap herhaaldelik op verskillende maniere uit verskillende oorde aan mense verkondig word.

Die Search Institute verduidelik in afsonderlike dokumente hoe die ontwikkelingsbatesraamwerk vir kinders van vier ouderdomsgroepe (voorskoolse kinders, vyf- tot negejariges, agt- tot twaalfjariges en twaalf- tot agtienjariges) daar uitsien. Wanneer die verskillende dokumente met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die agt kategorieë waarin die bates verdeel word, vir almal dieselfde is. Alhoewel die bates nie verander nie, word die verskillende leefwêrelde en ontwikkelingstadiums van die kinders verreken in die die bewoording, uitleef en implementering van die ontwikkelingsbates (Search institute 2012).

3.3 Eksterne en interne bates van die batebou-raamwerk

Die ontwikkelingsbatesraamwerk bestaan uit eksterne en interne bates.

Eksterne bates bestaan uit elemente wat in kinders se onmiddellike gemeenskap en familie teenwoordig is wat hulle help om gesond te ontwikkel. Eksterne bates kan ook beskryf word as die gemeenskapsinvloede wat bepaal hoe kinders hul gemeenskap beleef, naamlik of die gemeenskap hulle as hulpbronne sien, hulle waardevol ag, of hulle ondersteun en beskerm.

Interne bates berus grootliks op eienskappe wat vanuit die kind self kom en tot voordeel van sy ontwikkeling is. Dit word gesien as die innerlike kwaliteite wat kinders besit wat kan verseker dat hulle die dryfkrag het om as gesonde lede van die gemeenskap te funksioneer.

Die veertig bates kan in agt verskillende kategorieë verdeel word, soos uiteengesit en die volgende diagram.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eksterne Bates	**Interne Bates**
Ondersteuning	Toegewydheid
Bemagtiging	Positiewe bates
Grense en verwagtinge	Sosiale geregtigheid
Konstruktiewe gebruik van tyd	Positiewe identiteit

Die bates word vervolgens kortliks omskryf in hul onderskeie kategorieë.

3.3.1 Kategorie 1: Ondersteuning

Kinders wat ondersteun word, weet dat hulle kan staatmaak op positiewe verhoudings met verskeie volwassenes in hulle families, skole en gemeenskappe. Dit is belangrik dat kinders deur hulle familie, die buurt waar hulle woon en die skool ondersteun word. Scales, Scales en Leffert en Lerner (1999: 21) is van mening dat elke kind liefde, bevestiging en onvoorwaardelike aanvaarding nodig het. Hulle wys tereg daarop dat hierdie kategorie nie materiële bates insluit nie omdat dit hier veral om die ontwikkelingsinfrastruktuur van die kind en jongmens gaan. Resnick et al. (Scales, Scales en Leffert en Lerner 1999:13) kom tot die gevolgtrekking dat ondersteuning aan kinders en jeug daartoe lei dat hulle minder betrokke raak by risikogedrag soos misdaad, depressie, selfmoordneigings, dwelmmisbruik, en seksuele aktiwiteit op ’n jong ouderdom. Die sielkundige Urie Bronfenbrenner (2010:1) het die volgende bekende stelling gemaak:

> Development, it turns out, occurs through this process of progressively more complex exchange between a child and somebody else – especially somebody who's crazy about that child.

Wat hierdie stelling impliseer, is dat die ontwikkeling van kinders beïnvloed word deur die mate van ondersteuning wat hulle van die volwassenes in hulle lewens ontvang. Die afleiding sou ook gemaak kon word dat hoe volwassenes kinders hanteer in hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grootwordjare ’n groot invloed het op die kind se onmiddellike ontwikkeling sowel as watter tipe volwassene die kind later word.

Die ondersteuningskategorie kan verdeel word in verskeie bates, wat vervolgens kortliks bespreek word.

3.3.1.1 Familie-ondersteuning

Dit is vir kinders belangrik dat die persone wat hulle as hulle familie beskou, hulle ondersteun. Kinders behoort hoë vlakke van liefde en ondersteuning binne hulle families te ervaar. Ouers of persone wat die rol van ouers in kinders se lewens vertolk, is die primêre persone wat verantwoordelik is vir die positiewe ontwikkeling van kinders. Deur hulle kinders te ondersteun, maak dit positiewe ontwikkeling van kinders moontlik (UNESCO child and family research centre 2006:1).

3.3.1.2 Positiewe kommunikasie binne die familie

Positiewe kommunikasie vind plaas wanneer kinders binne hulle gesinne ervaar dat hulle toegelaat word om openlik met ouers, voogde of versorgers te praat. Scales en Leffert (2004:31) beweer dat ouers wat emosioneel nader aan hulle kinders is, openlik met hulle kan praat en hulle betrek by demokratiese besprekings oor familiebesluite en -reëls. Hulle reëls is ferm, maar tog laat hulle ruimte dat hulle kinders die reëls met hulle kan bespreek.

3.3.1.3 Verhoudings met ander volwassenes

Navorsing deur Duncan in Benson (1997:27) toon aan dat positiewe verhoudings met volwassenes buite die familie dikwels daartoe lei dat kinders beter op skool vaar, meer van die skool hou, ’n groter waarskynlikheid het om hul skoolloopbaan te voltooi en beter vaar in wiskunde. Dit is ook belangrik dat die positiewe verhoudings met meer as een volwassene is. Hy beveel verder aan dat kinders ondersteuning behoort te kry by drie of meer volwassenes buite hul familie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.1.4 ’n Woonbuurt wat omgee

Hierdie bate gaan daaroor dat kinders gemaklik en veilig moet voel in hulle woonbuurt. Dit is vir kinders belangrik om te ervaar dat volwassenes belangstel in wat hulle doen en hoe dit met hulle gaan. Pretty, Andrews en Collett. (Scales & Leffert 1999:26) het gevind dat alhoewel ondersteuning by die skool bepalend kan wees vir of kinders eensaamheid beleef, die ondersteuning wat hulle kry van volwassenes en ander in hulle woonbuurt ook bepalend kan wees vir hoe eensaam hulle voel. Clary en Rhodes (2006:1) maak die stelling dat die gesonde ontwikkeling van kinders nou verbind is aan die gemeenskap waarin hulle leef. Die skrywers onderstreep dus die belangrike rol van die gemeenskap in die gesonde ontwikkeling van kinders.

3.3.1.5 ’n Skool wat omgee

Daar is ’n direkte verband tussen ’n skool se bestuurstyl en die prestasies van sy leerders (Eccles, Wiggfield en Schiefele et al, in Scales, Scales, Leffert & lerner 1999:29) Skole behoort ’n meer holistiese benadering tot die opvoeding van kinders te volg deur klem te lê op goeie omgee-verhoudings tussen onderwysers en kinders. Die verhouding tussen die onderwyser en ouer speel ook ’n baie belangrike rol.

3.3.1.6 Ouers wat betrokke is by hulle kinders se skoolwerk

Ouers behoort aktief betrokke te wees by hul kinders se skoolwerk en ’n bydrae te lewer sodat hulle kinders volgens hulle potensiaal kan vorder. Kinders wie se ouers betrokke is by hulle skoolwerk, vaar beter op skool. Dit is veral die gevolg wanneer die strategie van die ouers ten opsigte van hul kinders se skoolprestasie oop gesprekke, pro-aktiewe optrede en die maksimum ondersteuning insluit. Vyf van die bates van die ontwikkelingsbatesraamwerk het spesifiek te doen met ouers se betrokkenheid by die bou van bates in hul kinders se lewens (Lerner & Benson 2003:158). Dit is dus uiters belangrik dat ouers betrokke by hul kinders se skoolwerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2 Kategorie 2: Bemagtiging

Die President's Science Advisory Committee (1973:125) is van mening dat die jeug apart gehou word van volwassenes deur ekonomiese en opvoedkundige instellings wat deur volwassenes geskep word. Tieners sowel as kinders word as gevolg hiervan ontneem van die geestelike ondersteuning van volwassenes. Daarby vind die ondersteuning wat voorheen deur die familie gegee is, deesdae nie meer so algemeen plaas nie. Die jeug word eerder hanteer as ondergeskik en magteloos in verhouding tot volwassenes. Hulle is buitestanders as gevolg van die dominante sosiale instellings wat deur volwassenes daargestel is.

Bemagtiging is meer as net die gevoel om in beheer te wees. Dit is veel meer hulp wat aangebied word sodat die persoon hom- of haarself kan help sonder om die persoon afhanklik van die helper te maak, en die ontvanger van die hulp later glo dat hy of sy net suksesvol kan wees met die hulp van die gewer.

In die konteks van die ontwikkelingsbates beteken bemagtiging om kinders te help om deel te wees van 'n proses wat die gemeenskap 'n meer prositiewe omgewing vir hulle en ander kinders maak. Dit impliseer dat kinders 'n meer aktiewe rol behoort te vertolk in gemeenskapsnisiatiewe waarby hulle 'n belang het In hulle navorsing oor arm gemeenskappe sê Cardanas en Ramirez (Scales et al. 1999:55) dat die oplossings vir die uitdagings wat die samelewing aan kinders stel nie sonder meer vir hulle gegee moet word nie, maar dat dit deur hulle, vir hulle en saam met hulle gevind moet word.

Die Search Institute se konseptualisering van bemagtiging het nie net te doen met die bemagtiging om doelstellings te bereik of persoonlike probleme op te los nie, maar ook met die deelneem aan sosiale aksie. Vir Scales et al. (2002:51) lê bemagtiging op twee vlakke naamlik, kinders se gevoel van geborgenheid in die omgewing waar hulle woon en kinders se ervaring van volwassenes se persepsie van hulle. Bemagtiging het volgens hulle (2002:51) te doen met kinders se toegang tot hulpbronne wat hulle basiese behoeftes vervul, en hul vermoë om besluite te kan neem en doelstellings te bereik. Sodoende kan hulle die gevoel van sukses en stabiliteit in hulle lewe ervaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2.1 Volwassenes se persepsie van kinders en jeug

Kinders moet ervaar dat volwassenes hulle hoog op prys stel en dat volwassenes hulle as rolspelers en hulpbronne in die gemeenskap sien. Volgens Leventhal, Brooks en Gunn (Shaw & Ingoldsby 2002:21) kan laasgenoemde stelling getoets word deur vas te stel hoe die gemeenskap oor jonger kinders dink. Rothman en Haydon (2003:101) maak ook die stelling dat daar geen twyfel is dat die positiewe ontwikkeling van kinders ’n uiters belangrike element in ’n gesonde gemeenskap is nie. Die bewyse hiervan is gewoonlik sigbaar in die beskikbaarheid, toeganklikheid, bekostigbaarheid en kwaliteit van bronne wat vir dié ouderdomsgroep in die gemeenskap beskikbaar is. Hierdie bronne behoort goeie skole, gesondheidsdienste en ontspanningsgeriewe asook die bedieningsmoontlikhede wat die kerk aan kinders beskikbaar maak, in te sluit.

Ouer mense is dikwels negatief oor jongmense. Vir hulle is jongmense “te anders” (Cloete 2012:3). Dit is juis daarom belangrik dat die hierdie bate gebou word sodat dit die persepsie van ouer mense oor jongmense kan verander.

3.3.2.2 Die noodsaaklikheid van diens aan ander

Kinders moet aangemoedig en geleer word hoe om die gemeenskap vir een of meer ure per week te dien. Dit is deur ander te dien dat omgee en medemenslikheid by kinders gekweek word. Verskeie studies, onder ander dié deur Scales et al. (1999:67), bevestig die bates wat toegevoeg word tot jongmense se lewens wanneer hulle die geleentheid gegun word om tot diens vir ander te wees. Voordele sluit in groter omgee vir ander se sosiale welstand en ’n groter verantwoordelikheidsin om ander te help.

3.3.2.3 Kinders se veiligheid word verseker

Wanneer kinders nie veilig by die huis, skool of in hulle woonbuurt voel nie, het dit psigologies ’n negatiewe effek op hulle. Kinders wat by die skool onveilig voel, byvoorbeeld omdat hulle deur ander kinders afgeknou word, wil later nie meer skool toe gaan nie en verkies om liewer nie tussen ander kinders te wees nie (Ladd, Kochendurfer en Coleman in Scales et al.Leffert 1999:63).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2.4 Kinders en jongmense speel ’n positiewe rol in die gemeenskap

Een van kinders se grootste behoeftes is om deur volwassenes erken te word. Hierdie bate vra dat volwassenes kinders vriendelik groet en belangstel in wat hulle doen. Ongelukkig huldig baie volwassenes nog steeds die standpunt dat kinders gesien en nie gehoor moet word nie en hulle gevolglik dikwels nóg met respek nóg met waardigheid en integriteit behandel. Een van die direkte uitvloeisels van kinders en jongmense se betrokkenheid by die gemeenskap is dat dit hulle meer positief maak en dit hulle die gevoel gee dat hulle beheer oor hulle omgewing het (Benson 1997:65).

3.3.3 Kategorie 3: Grense en verwagtinge

Scales, Sesma et al. (2004:81) definieer grense en verwagtinge as die reëls, standaarde en norme in families, skole, woonbuurte en gemeenskappe wat jongmense se keuses en gedrag reguleer. Grense laat kinders nie net veilig voel nie, maar beskerm hulle ook. Daarom is grense en verwagtinge nodig vir kinders en jongmense se gesonde ontwikkeling. Kinders waardeer nie altyd die grense wat deur die gemeenskap en hul ouers gestel word nie, maar dit is uiters noodsaaklik vir hulle gesonde groei en ontwikkeling.Ondersteuning en bemagting moet gebalanseer word deur grense en die konsekwente bevestiging van die grense (Benson 2006:41). Die toepassing van grense begin by die familie, en word daarna uitgebrei na die skool, die kerk en die res van die gemeenskap.

Navorsing dui daarop dat daarin Suid Afrika ’n wydverspreide gebrek aan dissipline is om grense in stand te hou. Navorsing oor houdings en gedrag onder Suid-Afrikaanse jeug wat deur die Metadigm-groep in 2009 gedoen is, het onder andere gevind dat 64% van die kinders tussen die ouderdom van dertien en agtien sê dit is somtyds nodig om te jok, terwyl 40% sê dit is in orde om die wet te oortree solank jy net nie uitgevang word nie en niemand seerkry nie. Hierdie gebrek aan dissipline sypel deur van die hoogste regerings- en kerklike vlakke tot gewone mense. Indien ons ons kinders hierteen wil beskerm, moet ’n geïntegreerde proses met al die rolspelers in die gemeenskap ontwikkel word. Die familie, skool, kerk en gemeenskap moet dieselfde boodskap oor grense en verwagtinge op verskillende maniere herhaaldelik aan kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kommunikeer. Konsekwentheid is ’n belangrike langtermyn manier om kinders te herprogrammeer om die regte verstaan en belewenis van grense en verwagtinge te hê. Aangesien ons kinders vandag in die breë samelewing blootgestel word aan ’n feitlik algehele gebrek aan grense, word dit nog belangriker dat ouers reeds van vroeg af moet begin om hierdie bate in kinders se lewe in te bou. Wanneer reëls, standaarde en norme aan kinders bekend is, dra dit by tot hulle beveiliging.

Grense en verwagtinge loop parallel met die ondersteuningsbates omdat ondersteuning ook saam met die stel van veilige grense gepaard gaan. Die liefde en omgee van die ondersteuningsbates en die standaarde en vastigheid van die grense-bate kan nie sonder mekaar in kinders se lewens gebou word nie.

3.3.3.1 Gesinsgrense

Gesinne behoort duidelike grense wat konsekwent deur ouers toegepas word, te hê. Kinders se bewegings moet voortdurend gemonitor word, en ouers moet te alle tye weet by wie en waar hulle kinders is en wanneer hulle terug sal wees. Kinders het streng ouers wat ook buigsaam en ondersteunend kan wees, nodig. Gesinsgrense het ’n direkte verband met akademiese prestasie, goeie geestesgesondheid en sosiale vaardighede (Christenson, Rounds et al in Scales et al. 1999:26). In huise met vaste gesinsgrense is kinders minder geneig tot depressie en jeugmisdaad en die risiko dat hul sal begin rook, verlaag (Christenson, Rounds et al in Scales et al. 1999:27).

3.3.3.2 Skoolgrense

Duidelike reëls in skole is nodig en oortredings moet konsekwent op die regte manier en met die gepaste gevolge hanteer word. Kinders moet ervaar dat hulle fisies sowel as emosioneel veilig is by die skool. Rutter (Scales et al.1999: 26) het bevind dat hoër intrinsieke motivering en hoër akademiese prestasie die gevolg is wanneer kinders veiliger skoolgrense ervaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.3.3 Gemeenskapsgrense

Bure behoort verantwoordelikheid te aanvaar vir die optrede van die kinders en tieners in die woonbuurt. In ’n meer individualisties wordende samelewing is dit nie meer so maklik om te bewerkstellig nie. Ongewenste gedrag behoort op die regte manier en ook met die regte gevolge hanteer te word. In arm gemeenskappe en by sekere bevolkingsgroepe kom ongewenste of risikogedrag ook makliker en meer voor, volgens Dunn (Shaw & Ingoldsby 2002:21) se navorsing oor die voorkoms van risikogedrag by kinders en tieners in arm gemeenskappe. Behoorlike gemeenskapsgrense minder tienerswangerskappe tot gevolg het en dat minder jongmense by misdaad betrokke raak. Uit hierdie navorsing kan afgelei word dat die groeiende voorkoms van tienerswangerskappe in Suid-Afrika moontlik dui op ’n gebrek aan gemeenskapsgrense. Volgens ’n verslag van die WNNR is akkurate stastistieke oor die getal leerders wat jaarliks swanger raak nie geredelik beskikbaar nie (Panday, Makiwane, Ranchod en Letsoalo . 2009:5), maar die verslag toon wel dat tienerswangerskappe meer onder swart en bruin leerders voorkom en dat tienerswangerskappe veral in arm gemeenskappe voorkom. Tienerswangerskappe is veral in die Oos-Kaap, Limpopo en KwaZulu-Natal ’n probleem (Panday et al. 2009: 6).

3.3.3.4 Volwasse rolmodelle

Dit is belangrik dat ouers en ander volwasse rolmodelle positiewe, verantwoordelike gedrag openbaar. Volwasse rolmodelle weet wanneer om verskoning te vra en wanneer om te poog om hulle gedrag positief te verander. Kinders moet in die optrede van volwassenes sien hoe lyk harde werk, ’n positiewe gesindheid en respek vir ander mense. Navorsing deur Danziger en Farber het reeds in 1990 daarop gedui dat dit meer waarskynlik is dat jong, ongehude moeders van skoolgaande ouderdom sal teruggaan skool toe om hul skoolloopbaan te voltooi indien hulle positiewe rolmodelle het (Scales et al. 1999:79).

3.3.3.5 Positiewe invloed van die portuurgroep

Kinders se beste vriende behoort positiewe, opbouende gedrag te openbaar. Afbrekende invloed en gedrag van die portuurgroep behoort op die regte manier hanteer te word sodat kinders self kan besluit wat hulle daaraan kan doen. Dit is deel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van tieners se ontwikkeling dat hulle meer tyd met hul protuurgroep wil spandeer. Navorsing deurdie Search Institute dui daarop dat die positiewe invloed van ’n kind se portuurgroep tot beter akademiese prestasie en ’n beter klasgemiddeld lei (Scales, Rhoelkepartain, Benson 2009: 23).

3.3.3.6 Hoë verwagtinge

Elke kind se potensiaal en vermoë verskil en daarom moet volwassenes bedag daarop wees om kinders nie met mekaar te vergelyk nie. Kinders behoort aangemoedig te word om hul bes te doen. Te hoë verwagtinge kan spanning by kinders en ouers veroorsaak en ’n negatiewe invloed op hul verhouding hê. Realistiese verwagtinge van ouers en kinders kan daartoe bydra dat kinders sosiaal makliker aanpas. Deur meer na kinders en jongmense te luister, goeie verhoudings met hulle te hê en en hulle te ondersteun, kan ouers hulle help om hul doelwitte te bereik (Scales, Rhoelkepartain, Benson 2009: 9).

3.3.4 Kategorie 4: Konstruktiewe gebruik van tyd

Dit is nodig dat kinders moet leer hoe om die tyd tot hul beskikking te bestuur. In 1992 het die Carnegi Council on Adolescent Development in ’n verslag gesê dat dit goed is vir kinders se ontwikkeling om by buitemuurse aktiwiteite betrokke te raak. Die navorsing is gedoen met 41 tieners, in die vorm van gestruktureerde in diepte onderhoude. ([Online]. Availabe from: http://www.eric.ed.gov/PDFS/ED355007.pdf [Accessed on 20 November 2011]). Bevindinge van die navorsing was dat kinders wat betrokke is in ’n vorm van buitemuurse aktiwiteite sosiaal beter vaar as dié wat nie betrokke is nie, dat hulle makliker vriende maak, voel dat hulle aan ’n groep behoort en beter voel oor hulleself. Te veel buitemuurse aktiwiteite kan moontlik ’n negatiewe invloed op kinders se skoolprestasies hê, maar wanneer ouers kinders help om hulle tyd konstruktief te bestuur, kan dit net voordele inhou. Eccles (Scales et al. 1999:97) beweer ook dat kinders en jongmense wat hul beskikbare tyd konstruktief gebruik, minder betrokke raak by misdaad en ander hoë-risiko-gedrag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.4.1 Kreatiewe aktiwiteite

Kinders behoort van kleins af gehelp te word om hulle kreatiewe energie positief te kanaliseer. Hulle kan dit doen deur deel te neem aan drama, musiek, koorsang, digkuns of een of ander vorm van die kunste. Kreatiewe aktiwiteite kan bydra tot die verlaging in die risiko dat hulle akademies onsuksesvol sal wees. (Mannes (2006:289). het maak die aanname kinders wat betrokke is by kreatiewe aktiwiteite minder geneig is tot risikogedrag soos alkoholmisbruik en wangedrag by die skool. Hulle vaar ook oor die algemeen emosioneel beter as kinders wat nie betrokke is by kreatiewe aktiwiteite nie Hul verhouding met kinders van hulle eie ouderdom sal ook verbeter omdat dit ’n normale uitvloeisel is van die aktiwiteite van byvoorbeeld ’n koor- of dramagroep.

3.3.4.2 Programme vir kinders

Deur deel te neem aan programme vir kinders, leer kinders hoe om met ander van hulle portuurgroep verhoudinge te bou, ondersteun hulle mekaar en word hulle leierskapseienskappe geslyp. Deur by programme betrokke te wees, leer kinders nuwe vaardighede aan, word dissipline gekweek, leer hulle om te beplan, vergroot hul vriendekring en verlaag die risiko om by dwelm- en alkoholmisbruik betrokke te raak (Scales et al. 1999:115).

3.3.4.3 Die rol van die geloofsgemeenskap

Dit is goed vir jongmense om een of meer kere per week deel te wees van ’n geloofsgemeenskap. Hulle leer saam met mense van verskillende ouderdomme oor hul geloof. Dit is ook ’n goeie plek om verhoudinge tussen generasies bou. Die voordeel van hierdie bate is dat verhoudings gebou word, emosionele welstand gehandhaaf word, en dat daar oor die algemeen ook ander bates in kinders se lewens ingebou word (Search Institute 2012:8).

3.3.4.4 Hoe kinders hul tyd by die huis bestee

Kinders moet tyd saam met hulle familie deurbring. Ouers, of die persone by wie kinders woon, behoort gedurende die week tyd te maak om as familie saam te spandeer. Etenstye saam, wat verkieslik nie voor die televisie gebeur nie, kan lei tot beter kommunikasie. Meer en beter verhoudings kan tussen lede van die gesin gebou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word. In ’n studie wat met 811 gesinne met elfjarige kinders gedoen is, is bevind dat kinders wat tyd by die huis saam met hulle gesinne deurbring beter verhoudings met volwassenes en mekaar bou. Hulle emosionele welstand is ook oor die algemeen beter (Zick, Bryant en Österbacka in Price 2001:4)

3.3.5 Kategorie 5: Kinders se toegewydheid aan hul skoolwerk

Scales en Leffert (2004:145) se mening is dat kinders se akademiese toegewydheid grootliks beïnvloed word deur hulle verhouding met hulle familie, vriende en ander volwassenes, asook deur die atmosfeer by die skool. Kinders leer in die senior laerskoolfase vaardighede aan wat hulle nodig is om later in hul lewens suksesvol te kan wees. Benson (2006:48) maak die stelling dat interne bates kinders help fokus op verantwoordelikhede, passies en vaardighede wat nodig is om hulle keuses en aksies te rig.

3.3.5.1 Kinders se gemotiveerdheid om te presteer

Hierdie bate het ten doel om kinders se innerlike motivering om akademies te presteer, te verhoog. Dit impliseer dat kinders hul skoolwerk doelgerig aanpak en die doelwitte wat daar vir hulle gestel word en wat hulle aan hulleself stel binne die gegewe tydsgrense bereik. Dit het ook te doen met kinders se innerlike begeerte om akademies suksesvol te wees. Kinders moet hulself kan motiveer en prys, maar moet ook deur ander gemotiveer en geprys word om die doelstellings wat hulle vir hulself gestel het, te kan bereik. Laasgenoemde word moeilik bereik as kinders nie genoeg positiewe verhoudinge met volwassenes in hulle huis, gemeenskap of skool het nie (Scales et al. 1999:119).

3.3.5.2 Kinders se betrokkenheid by leerprosesse

Hierdie bate het nie net te doen met kinders se toegewydheid om akademies goed te vaar nie, maar dit ook met die aanleer van ander vaardighede wat nie akademies georiënteerd is nie. Dit het te doen met kinders se begeerte om nuwe dinge aan te leer en die proses daarvan te geniet. Belangrike faktore in kinders se toegewydheid aan leer is hule sosio-ekonomiese omstandighede, hul ouers se ouerskapstyl en hoe goed hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maats op skool doen en hoe die maats se prestasie hulle beïnvloed (Jimerson et al. 2002:4).

3.3.5.3 Kinders voltooi hulle huiswerk en handig dit betyds in

Die hoeveelheid tyd wat kinders aan huiswerk spandeer, het ’n direkte verband met hoe suksesvol hulle akademies vaar. Hierdie bate impliseer dat kinders innerlik gemotiveerd behoort te wees om hulle huiswerk te doen (Scales et al. 1999:216). Benson (2005:51) meen dat die dissipline van ’n vaste tyd vir huiswerk kinders kan help om in ’n roetine te bly en te leer om getrou te wees in hul skoolwerk, al het hulle nie fisies huiswerk om te doen nie.

3.3.5.4 Ouerbetrokkenheid by hul kinders se skool

Uit persoonlike ervaring weet die navorser hoeveel kinders baat wanneer volwassenes met wie hulle ’n goeie verhouding het, betrokke is by hulle skool en skoolwerk. Hulle het die motivering en ondersteuning van volwassenes wat regtig in hulle skoolwerk belangstel, nodig. Ouers kan kinders met hul huiswerk help of hulle op ’n meer informele wyse motiveer deur byvoorbeeld storieboeke vir hulle te koop en/of te lees (Ramey & Ramey 2004:19). Dit is egter vir baie Suid-Afrikaanse ouers moeilik om by hul kinders se skoolwerk betrokke te wees, weens die hoë voorkoms van lae geletterdheid onder volwassens. Hulle kan nie hul kinders help nie, al wil hulle. Deur bloot goeie verhoudings met hulle kinders te bou, kan hierdie ouers hul kinders egter steeds beïnvloed om beter op skool te vaar, al kan hulle dan nie daadwerklik met skoolwerk help nie (Ramey & Ramey 1998:31). Groter samewerking tussen die skool, kerk en die gemeenskap kan ook ’n groot rol speel om kinders aan te moedig en te help.

3.3.5.5 Kinders lees vir die plesier

Hierdie bate het te doen met kinders se vermoeë om apart van akademiese materiaal ook vir die genot daarvan te lees. In Suid Afrika is daar baie kinders wat sukkel om te lees en te skryf, en vir hulle is lees natuurlik nie ’n genotvolle ervaring nie. Daar moet intensioneel by die meerderheid van kinders en volwassenes ’n kultuur gekweek word om te lees vir hul plesier. Waneer ouers veral saam met hul jonger kinders lees, word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhoudings dikwels verbeter. Die meerderheid kinders wat van kleins af deur hulle ouers lief gemaak word vir lees, sal later self vir hul plesier wil lees.

3.3.6 Kategorie 6: Positewe Bates

Die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendal & Gouws 2005:69) beskryf die konsep “bates” as ’n voordeel of ’n nut. Vir die doel van hierdie studie kan bates ook geïnterpreteer word as ’n mens se ingeboude rigtingwyser wat rigting gee oor denke en gedrag. Die Search Institute verwys na hulle bates as positiewe bates omdat bates ook negatief kan wees. Myns insiens leer kinders hoofsaaklik bates aan deurdat die volwassenes in hulle lewens dit vir hulle modelleer en intensioneel van jongs af by hulle inoefen. Die aanleer van bates vind dus binne verhoudings tussen volwassenes en kinders en tussen kinders en ander kinders plaas. Slegs wanneer hulle dit in hulle lewens ervaar en saam met ander doen, kan hulle leer om dit later in hulle lewe toe te pas. Benson (2005:53) se navorsing hieroor het bevind dat leerders, veral seuns, die bates van omgee en empatie verloor wanneer dit nie by hulle ingeoefen is nie. Dit is baie moeiliker om dit later in hulle volwasse lewens in te oefen en dan het dit ’n baie negatiewe effek op huweliksverhoudings, deelname in die gemeenskap en of hulle hul as vrywilligers vir dienswerk by die kerk, skool of gemeenskap sal aanbied (2005:53).

3.3.6.1 Omgee vir ander

Kinders behoort van kleins af begelei te word om ander te help wanneer hulle probleme het of hulp van ’n ander aard nodig het. Afhangend van die konteks waarin kinders woon, kan hulle blootgestel word aan ervarings waar hulle hulp verleen aan ander. Die uitdaging met armer kinders is om hulle te leer om steeds vir ander tot diens te wees al ontbreek geld of middele. Die bate moedig ook volwassenes aan om kinders te prys wanneer hulle sien dat hulle vir ander omgee en tot diens wil en kan wees. Navorsingsbevindinge oor hierdie bate toon dat kultuur en geslag ’n rol speel in die uitleef daarvan: Volgens Beutel en Marini is dogters oor die algemeen meer geneig as seuns om uitdrukking te gee aan hulle omgee vir ander (Scales et al. 1999:153).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.6.2 Gelykheid en sosiale geregtigheid

Suid-Afrika is gebou op die geskiedenis van mense wat geveg het om gelykheid en sosiale geregtigheid vir almal. Dit is ’n trotse erfenis wat ons aan ons land se kinders behoort oor te dra, veral omdat die stryd om gelykheid en sosiale geregtigheid ’n daaglikse een is waarmee hulle ook in ’n mindere of meerdere mate te doen kry. Met die opstande in Sharpville, Soweto in 1960 is die fondasie gelê vir die deelname van Suid-Afrika se jongmense aan die stryd om gelykheid, ’n stryd wat uiteindelik uitgeloop het op die skrap van apartheid van ons land se wetboeke (Venter 2007:32). Myns insiens word die stryd om gelykheid en sosiale geregtigheid binne die Suid-Afrikaanse konteks nou grotendeels gevoer as die stryd om sosiale geregtigheid vir armes. Deur ons land se kinders te begelei tot ’n beter verstaan en uitleef van gelykheid en sosiale geregtigheid kan ons hierdie bate in kinders help vestig.

3.3.6.3 Integriteit

Volwassenes kan kinders slegs help om integriteit te ontwikkel deur dit self te leef. Volgens navorsing gedoen deur Transparency International (2012:3) tel ons land onder die mees korruptes ter wêreld: Suid-Afrika is nommer 46 op ’n lys van 159 lande, waar nommer 1 die mees korrupte is. Hierdie navorsing kan dien as ’n groot motivering vir volwassenes om die bate van integriteit by kinders te help kweek.

3.3.6.4 Eerlikheid

Hierdie bate het ten doel dat kinders van ’n baie jong ouderdom af leer dat dit belangrik is om altyd eerlik te wees. Eerlikheid is meer as om net die waarheid te praat; dit loop hand aan hand met integriteit. Dit is veral belangrik dat hulle leer om die waarheid te praat wanneer dit nie maklik is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.6.5 Verantwoordelikheid

Hierdie bate impliseer dat kinders van kleins af begelei behoort te word om verantwoordelikheid vir hulleself en hulle optrede te neem. Ouers kan hul kinders byvoorbeeld begelei en ondersteun in hulle keuses sodat hulle self verantwoordelikheid neem vir huiswerk, nuwe projekte wat hulle aanpak of stokperdjies (Chapman & Campbell 1997:89).

3.3.6.6 Gesonde Leefstyl

Hierdie bate het ten doel dat ouers kinders behoort aan te moedig om ’n gesonde leefstyl te kweek. Dit sluit in dat hulle gereeld fisieke oefening doen, gesond eet en hulle onder andere weerhou van vroeë seksuele aktiwiteite en dwelmmisbruik.

3.3.7 Kategorie 7: Sosiale Vaardighede

Benson (2004:173) beskryf sosiale vaardighede as die persoonlike vaardighede wat kinders gebruik om die keuses, uitdagings en geleenthede wat hulle daagliks mee te doen kry te kan hanteer. Een van die hoogtepunte van kindwees is dikwels die ontwikkeling van geleenthede om effektiewe verhouding met volwassenes en ander kinders te bou. Scales en Sesma (2004:195) is van mening dat kinders se vermoë om sosiale vaardighede aan te leer een van die sentrale aspekte van grootword is. Kinders tussen die ouderdomme van sewe en twaalf jaar leer geleidelik om minder afhanklik van hulle ouers te word en meer op hulleself aangewese te wees.

3.3.7.1 Beplanning en besluitneming

Navorsing deur Beyth Marom (Scales et al. 1999:174) beskryf hierdie bates by kinders as vaardighede wat probleem-identifisering, probleemoplossing en evaluering van die oplossing insluit. Die positiewe uitkoms van die besluite wat kinders neem, word sterk beïnvloed deur hulle konteks en verwysingsraamwerk (1999:174). Kinders wat hierdie vaardighede begin bemeester, het ’n meer positiewe selfbeeld en raak minder betrokke by risikogedrag (Scales et al. 1999:174).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.7.2 Interpersoonlike vaardighede

Hierdie bate het ten doel dat kinders toegerus behoort te word om ander se gevoelens in ag te neem, selfbeheersing toe te pas veral wanneer hulle kwaad word, en te leer om dit te geniet om nuwe vriende te maak (Scales et al. 1999:175). Alhoewel interpersoonlike vaardighede die heel beste by die huis aangeleer word, kan die lewensvaardigheidsklasse wat in Suid-Afrikaanse skole aangebied word, ook baie help met die aanleer van interpersoonlike vaardighede.

3.3.7.3 Kulterele vaardighede

Hierdie bate hou verband met die bate oor interpersoonlike vaardighede. Wanneer kinders leer om ander mense in ag te neem, leer hulle outomaties om verskillende kulture se gebruike en die mense van daardie kulture in ag te neem. Deur hierdie bate word daar ook gepoog om kinders oor hulle eie kultuur en gebruike te leer en hulle te leer om om trots te wees op hul herkoms en kultuurerfenis. Met die instroming van mense uit veral Afrika, Asië en China na Suid-Afrika raak dit al belangriker dat ons kinders die vaardigheid van verdraagsaamheid sal aanleer. Navorsing deur die RGN beveel ook aan dat Suid Afrikaanse kinders toegerus word om verdraagsaamheid aan te leer (Hadland 2008:33)

3.3.7.4 Weerbaarheid

Baie Suid-Afrikaanse kinders moet daagliks moeilike omstandighede hanteer soos byvoorbeeld hul ouers se egskeiding, armoede, gesinsgeweld, dwelm- en drankmisbruik en siekte. Grotberg (1995:7) beskryf weerbaarheid as die vermoë van ’n mens, groep of gemeenskap om die vernietigende gevolge van terugslae en teenspoed teen te staan. Om weerstand te kan bied teen die negatiewe effekte van moeilike omstandighede is belangrik omdat dit kinders voorberei vir die lewe.

3.3.7.5 Vreedsame konflikhantering

Hierdie bate het ten doel om kinders toe te rus met vaardighede om konflik vreedsaam op te los. Johnson en Johnson (1996:1) het in hul navorsing oor die bemagtiging van kinders om konflik vreedsaam te hanteer, ontdek dat kinders wat hierdie vaardigheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangeleer het, emosioneel meer gesond is, meer verdraagsaam optree teenoor ander mense, makliker vriende maak en behou en minder anti-sosiale gedrag openbaar.

3.3.8 Kategorie 8: Positiewe identiteit

Volgens Scales en Sesma (2004:230) behoort selfvertoue ten alle tye opgebou te word in kinders sodat hulle gelukkig kan wees met hulle totale menswees en optimisties kan wees oor hulle toekoms. Kinders met selfvertroue openbaar minder emosionele en gedragsprobleme, is geestelik gesonder en kan makliker “nee” sê vir potensieel skadelike gedrag en situasies.

3.3.8.1 Persoonlike krag

Hierdie bate het ten doel om kinders te help om in beheer van hulself te wees en ’n mate van beheer te hê daaroor wat in hulle lewe gebeur. Hierdie bate en die bate oor die selfbeeld hou verband met mekaar. Volgens Delamater (2006: Rotter (1966:91) beskryf dit as die plek binne kinders waar hulle in beheer voel, die plek waar hulle voel dat hulle self doeltreffend is. Hy beskryf verder hierdie “plek” as dat kinders die verband tussen hulle optrede en die gevolge daarvan kan antisipeer. Kinders se persoonlike krag word verder verbind met hul vermoeë om akademies en op ander vlakke in hulle lewens te presteer en om uitdagings die hoof te bied. Hierdie bate verminder ook die moontlikheid van risikogedrag by kinders.

3.3.8.2 Selfbeeld

Selfbeeld kan beskryf word as die “prent” of beeld wat ’n individu van hom- of haarself het, en is nou verbind met die individu se welstand (Scales et al. 1999:201). ’n Goeie selfbeeld by kinders word verbind met positiewe gedrag terwyl ’n lae selfbeeld by kinders verbind kan word met risikogedrag. Volgens Ryan, Stiller en Lynch (1994:226) word ’n lae selfbeeld verbind met ’n groter voorkoms van depressie en gevoelens van hopeloosheid. Kinders met ’n lae selfbeeld sukkel meer as ander kinders om pas by die skool aan te. Die teenoorgestelde is ook waar: kinders met ’n positiewe selfbeeld is oor die algemeen meer positief, pas makliker aan by die skool, maak makliker vriende, en gee nie maklik toe aan groepdruk en risikogedrag nie (Scales et al. 1999:196).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.8.3 Kinders se sin vir wat die lewe beteken

Hierdie bate het ten doel om kinders te help om somtyds oor hulle toekoms te dink en oor wat die doel van hulle lewe is. Die tipe verhouding wat kinders met hul ouers het, is bepalend vir hoe kinders sin maak van die lewe. Volgens Grossman en Rowat (1995:138) ervaar kinders met ’n positiewe verhouding met hul ouers die lewe in ’n groter mate as sinvol as kinders wie se verhouding met hul ouers negatief of sleg is.

3.3.8.4 Positiewe toekomsvisie

Hierdie bate wil by kinders ’n positiewe visie vir hulle toekoms help ontwikkel. Dit kan egter net in kinders gebou word as die omgewingsfaktore waarin hulle-hulle bevind, dit bevorder. Goeie verhoudings met volwassenes en onder andere ondersteuning van die gemeenskap dra by tot die vestiging van hierdie bate. Kinders wat nie positiewe verhoudings met volwassenes het nie en wie se omgewingsfaktore nie daartoe bydra dat hulle ’n positiewe toekomsvisie het nie, sal dit uiteraard moeiliker vind om oor hul toekoms te droom en dink.

Die Search Institute het die veertig ontwikkelingsbates van die ontwikkelingsbatesraamwerk gedefinieer en deeglik beskryf, en is van mening dat hierdie raamwerk toepaslik is vir gemeenskappe oor die wêreld heen. In die volgende afdeling word daar nou gekyk an die waardie wat hierdie raamwerk vir die Praktiese Teologie inhou.

3.4 Waarde van die ontwikkelingsbatesraamwerk vir Praktiese Teologie

Volgens Heyns en Pieterse (1990:9) vra die Praktiese Teologie na die teorieë wat ten grondslag lê van die kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie. Hierdie teorieë word krities beoordeel en – wanneer nodig – word nuwe teorieë ontwikkel. Dit geld vir alle geloofshandelinge van mense waarvan die meeste binne die aktiwiteite van die kerk voltrek word. Vanuit ’n prakties-teologiese fundering word die kerk gedefinieer as ’n “geroepe gemeenskap van gelowiges” (Olivier & Van Deventer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2004:6-7). Hierdie geloofshandelinge van die kerk sluit die verskillende bedieninge van die kerk, waarvan kinderbediening een is, in. Praktiese Teologie is dus ’n studie van die handelinge van mense wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en medemens in gemeenskap te lewe. Praktiese Teologie het te doen met daardie geloofshandelinge wat doeltreffend met ander kommunikeer sodat ruimte geskep kan word vir mense om God te ervaar in hierdie wêreld.

Dit is daarom dat die studie ’n prakties-toelogiese studie fokus op kinderbediening het. Dit word gebaseer op die vier take van prakties teologiese interpretasie volgens Richard Osmer (2008:129–174). Die eerste twee van hierdie vier take van die Praktiese Teologie is reeds in die vorige hoofstukke hanteer. In hierdie deel van die hoofstuk word aandag gegee aan die derde taak. Die vierde taak word in hoofstuk vyf bespreek. Soos reeds vermeld word die vier take nie rigied afgesny binne spesifieke hoofstukk nie, maar daar is ‘n voortdurende interaksie tussen die verskillende take regdeur die navorsing.

Osmer beskryf die derde taak van die praktiese teologie as die normatiewe taak. In die soeke na die beantwoording van die navorsingsvraag van hierdie studie gaan daar in die lig van wat in die beskrywende en interpreterende fase van hierdie studie bevind is, gekyk word of die toepassing van die ontwikkelingsbatesraamwerk van die Search Institute ’n meer volhoubare kinderbediening tot gevolg kan hê. Die navorser wil vasstel of die teoretiese raamwerk en die praktykimplikasies van die ontwikkelingsbatesraamwerk, wat in ’n ontwikkelde konteks – die VSA – ontwikkel is, se kontekstuele relevansie vir ’n volhoubare kinderbediening teoreties deurdink kan word.

Soos reeds vermeld, is deel van die taak van die praktiese teologie om die kommunikatiewe geloofshandelinge van mense in diens van die evangelie te verduidelik. Die vraag hier ter sprake is dus hoe kinderbediening as geloofshandeling van die kerk vergestalt word. ’n Verdere vraag is dan die vraag na die **eerste geloofshandelinge** van die Kerk teenoor kinders. Anders gestel, op watter manier het die kerk met haar ontstaan kinders ontvang en deel gemaak van die gemeenskap van gelowiges en die aktiwiteite van die geloofsgemeenskap. Dit is myns insiens die beste fondasie vir die kerk se rol ten opsigte van kinders. In die volgende paragrawe gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus gekyk word hoe kinders in die Nuwe Testament hanteer is en wat hoe vandag teologies nagedink word oor kinders.

Vir Gundry-Volf (2001:29) is dit belangrik dat wanneer ons na die geskiedenis van die kerk se handelinge teenoor kinders in die Nuwe Testament kyk, die konteks van daardie tydsgewrig in ag geneem moet word. Sy maak die stelling dat volwassenes se hantering van kinders twee denkpatrone oor kinders na vore gebring het. Aan die een kant het ouers-hulle kinders geniet en het die waarde van kinders daarin gelê dat hulle-hulle ouers in die toekoms ekonomies kon versorg, dat hulle hul ouers se erfgename was en dat hulle in oorloë kon veg. Aan die ander kant het volwassenes kindwees grotendeels negatief ervaar, as iets wat ’n mens behoort te ontgroei. Kinders het geen regte gehad nie en was so te sê hul vaders se eiendom. Kinders is dus as ondergeskik aan volwassenes gesien en het nie veel status in die samelewing gehad nie.

Hoe lyk die situasie van die kinders van vandag? In hoofstuk twee is aandag gegee aan die faktore wat tans ’n invloed op kinders en kinderbediening het. Dit het duidelik geword dat kinders vandag steeds in ’n onvriendelike en selfs gevaarlike wêreld hul weg moet vind.

Bunge (2001:24) beklemtoon dat die kerk, regering, gemeenskap en ouers saam ’n verantwoordelikheid teenoor kinders het. Sy benadruk dat daar samewerking tussen die kerk, ouers, gemeenskap en die regering behoort te wees om kinders op te voed en te beskerm. Dit is op hierdie punt waar die hipotese van die Search Institute met Bunge ooreenstem. Die belangrikheid van samewerking tussen wat die Search Institute sektore van die samelewing noem, word deur beide as uiters belangrik vir die bou van bates in kinders se lewens gesien. Met die huidige klem op kinderregte behoort die kerk ’n groeiende bewussyn in die publieke sfeer van die behoeftes van kinders aan te vul met ’n groter betrokkenheid by die nood van kinders (Yates en Swart 2006:18). ’n Groter teenwoordigheid in die publieke sfeer van die kerk as instansie en die kerk as individuele gelowiges word uit meer as een oord bepleit.

Die ooreenkomste tussen die denke oor kinders vandag en die denke oor kinders in die Nuwe Testament is dat kinders en kindwees in albei kontekste negatief deur volwassenes ervaar word (sien hoofstuk 4). Bunge (2001:33) beskryf die denke op ’n ander manier: Sy noem dit kontrasterende sentimente oor kinders binne die Nuwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Testamentiese konteks. Aan die een kant is kinders oor die algemeen vir ouers ‘n plesier en is hulle baie lief vir hulle en word hulle gesien as erfgename van hulle ouers en noodsaaklik vir hul ouers se ekonomiese oorlewing. Aandie ander kant is daar egter ook die negatiewe siening dat kindwees ’n staat van onvolwassenheid is wat kinders behoort te ontgroei. Alhoewel die konteks van die Nuwe Testament verskil van dié van vandag, is daar tog ooreenkomste wat veroorsaak dat die bediening aan kinders nie so effektief is soos wat dit kan gedoen word nie.

Die ontwikkelingsbatesraamwerk is geensins die alfa en omega van kinderbediening nie. Voordat dit daar was, was daar reeds goeie praktyke wat deel was van kinderbediening. Die kerk doen uitstekende werk om haar kinders te bedien met kennis van die Woord. Gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk kan egter waarde toevoeg tot die werk wat reeds gedoen is, en dit moontlik maak om sommige van die leemtes wat wel bestaan, op ’n heel praktiese wyse te vul. Die bydrae wat die ontwikkelingsbatesraamwerk in hierdie verband kan maak, word vervolgens aan die hand van die navorser se definisie van kinderbediening bespreek.

3.4.1 ’n Inklusiewe bediening

Die eerste element van die gegewe definisie is dat kinderbediening ’n inklusiewe bediening is. Die ontwikkelingsbatesraamwerk is by uitstek inklusief, want dit wil die hele gemeenskap waarin kinders woon, mobiliseer om saam te werk aan kinders en jongmense se positiewe ontwikkeling (Benson 2006:xvii). Implisiet aan hierdie stelling is dus die erkenning dat verskillende mense en instansies binne die gemeenskap deel vorm van die positiewe ontwikkeling van kinders. Wanneer die kerk dan met ander sektore van die gemeenskap saamwerk, beteken dit kinderbediening net soos die ander bedieninge van die kerk deel gemaak word van die groter visie en missie van die kerk. (Stevens & Williams 2001:89) maak die volgende stelling oor die kerk: “No one organ could establish a monopoly in the body by taking over the functions of others. A body consisting of a single organ would be a monstrosity.” Kinderbediening word nie die enigste bediening nie, maar word in staat gestel om sy regmatige plek in die kerkgemeenskap, sowel as die breë gemeenskap, in te neem. Hierdie aanname is nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuut nie, dit is myns insien ’n sienswyse wat nie altyd in die praktyk deurgevoer word nie.

Die ontwikkelingsbatesraamwerk vra dus dat daar ook aandag gegee word aan die kinders wat nie deel van die bestaande inisiatiewe van die kerk se kinderbediening is nie. Dit vra dat die kerk deel word van die gemeenskap. Wanneer die ontwikkelingsbatesraamwerk hierdie uitdaging aan kinderbediening stel, vra dit onmiddellik ’n radikale paradigmaskuif. Dit daag die persone of instansies wat kinderbediening bedryf uit om nie net aan die kinders te dink wat reeds deel is van die kerk nie, maar om ’n nuwe strategie te ontwikkel wat alle kinders in die gemeenskap in die kinderbediening insluit. Dit stel kinderbediening ook voor die uitdaging om saam te werk met ander organisasies of gemeenskapsinstellings wat die positiewe ontwikkeling van kinders bevorder. Laastens daag dit kinderbediening uit om nie net eendimensioneel na kinders en hulle bedieningsbehoeftes te kyk nie, maar om meer holisties te werk te gaan.

Die verantwoordelikheid vir die positiewe ontwikkeling van kinders berus nie net op een instansie of organisasie of inisiatief nie. Dit kan ook nie, want geen enkele organisasie of gemeenskapsinisiatief besit al die elemente wat kan meewerk aan die holistiese bediening van kinders nie. Deel van die implikasie van inklusiwiteit is dat positiewe verhoudings nodig is, en dit is iets waarop die raamwerk van ontwikkelingsbates ’n sterk klem plaas.

Hierdeur impliseer die navorser glad nie dat die kerk of kinderbediening glad nie tans deel is van gemeenskapsinisiatiewe ten bate van kinders nie, of dat kinderbedienings nie die positiewe ontwikkeling van kinders bevorder nie. Wat wel bepleit word, is dat daar meer intensioneel en strategies daaraan gewerk moet word om alle kinders in die gemeenskap deel te maak van die kinderbediening.

Gemeenskappe kan oor baie aangeleenthede verskil, maar wanneer dit by die welstand van kinders kom, is almal dit gewoonlik eens dat dit goed moet gaan met ons kinders. Die ontwikkelingsbatesraamwerk het die potensiaal om hiermee te kan help.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.2 Kinders word “ontvang” in die gemeenskap

Die tweede element van die definisie van kinderbediening is dat kinders in die gemeenskap “ontvang” moet word (Matteus 5:5). Die ontwikkelingsbatesraamwerk volg ’n geïntegreerde benadering wat verskillende sektore in die gemeenskap (skool, kerk, familie, besighede en platvorms waar besluite oor kinders en hulle belange geneem word) wil betrek by die positiewe ontwikkeling van sy kinders. Hierdie raamwerk is ’n praktiese manier om al die belangrike mense, plekke en programme in die gemeenskap in ’n kollektiewe poging te laat saamwerk aan die positiewe ontwikkeling van kinders deurdat ’n geïntegreerde netwerk van goedgesinde mense gevorm word (Search Institue 2012). Die positiewe ontwikkeling van kinders is nie meer die verantwoordelikheid van een organisasie of van ’n paar mense binne ’n organisasie of kerk nie, maar van almal in die gemeenskap. So kan kinderbediening in die gemeenskap volhoubaar word.

Mark De Vries (2008:53) maak die aanname dat volhoubare jeugbediening aandag gee aan twee belangrike elemente, naamlik die argitektuur van die bediening oftewel die raamwerk of benadering wat die basis van die bediening vorm en die kultuur en klimaat wat lei tot volhoubaarheid.

Myns insiens kan dieselfde vraag gevra word oor kinderbediening. Die verskillende faktore wat volgens die ontwikkelingsbatesraamwerk ’n netwerk help vorm om die boodskap van die bates in die gemeenskap te verkondig, bied onmiddellik ’n meer effektiewe struktuur omdat die kinders in die gemeenskap dieselfde boodskap oor bates uit verskillende oorde in die gemeenskap hoor. Dit laat die hele gemeenskap makliker eienaarskap aanvaar vir die kinders van die gemeenskap en dit is nie net inklusief nie, maar maak onmiddellik die soms kwellende vraag oor volhoubaarheid in kinderbediening minder kwellend. Die benadering is ook ’n nie-konfronterende manier om mense wat normaalweg nie sou saamwerk nie, te beweeg om saam te werk ter wille van die positiewe ontwikkeling van kinders.

Die ontwikkelingsbatesraamwerk kyk ook sistemies na gemeenskappe wat dit wil gebruik en neem in ag dat daar baie aspekte van so ’n sisteem is wat ’n invloed op kinders het. Hierdie invloede, waarvan enkeles in Hoofstuk 2 genoem is, speel ’n groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rol in die mate waarin ’n gemeenskap betrokke is by hulle kinders (Roehlkepartain 2003:30). Dit is hierdie faktore wat die atmosfeer in die gemeenskap skep. Wanneer bogenoemde struktuur van die integrasie van sektore gevolg word, is die implikasie dat dit ’n atmosfeer kan help skep waarbinne kinders makliker positief sal kan ontwikkel.

3.4.3 Meting van bates

Die derde element van die definisie is dat dit moontlik behoort te wees om te kan meet waar en tot watter mate kinders binne die gemeenskap “ontvang” word. Die volledige ontwikkelingsbatesraamwerk kan intimiderend wees en die illusie skep dat die samelewing wat die raamwerk aanwend, amper perfek is. Die teendeel is eerder waar: perfekte samelewings bestaan nie nie, veral nie in Suid-Afrika met sy hoë vlakke van misdaad, werkloosheid, armoede en ander sosio-ekonomiese uitdagings nie. Daar is ook weer eens nie ’n gebrek aan pogings deur kerke, die regering, nie-regeringsorganisasies en individue om die situasie te verander nie. Die realiteit is egter dat Suid Afrika juis so ’n geïntegreerde, meetbare raamwerk nodig het om ons kinders te help met hulle positiewe ontwikkeling. Die integreerdheid van die raamwerk maak die kanse dat dit Suid-Afrikaanse kinders kan help om positief te kan ontwikkel, soveel groter.

Wat kan die ontwikkelingsbatesraamwerk bied wat ander inisiatiewe met soortgelyke uitkomste nie kan bied nie? Dit word ondersteun deur meer as vyftig jaar se navorsing (Search Institute 2012). Hierdie navorsing in verskillende gemeenskappe in die VSA en elders is dit eens dat hoe meer bates in kinders se lewens teenwoordig is, hoe kleiner is die waarskynlikheid dat hulle by risikogedrag betrokke sal raak.

Volgens Benson (2006:71) het kinders verskillende vlakke van bates in hulle lewens. Hy meet dit aan die teenwoordigheid van die aantal bates in die kind se lewe. Sy verdeling kom basies daarop neer dat hoe minder bates in kinders se lewens teenwoordig is meer kwesbaar is hulle om by risiko gedrag betrokke te raak en andersom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die teenwoordigheid van bates word gemeet deur verskeie metodes wat kwantitiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes of ’n kombinasie van die twee insluit. Voorbeelde van hierdie meetinstrumente is beskikbaar op die webwerf van die Search Institute (Search Institute 2012b). Hulle word in die eerste plek gebruik om te bepaal watter bates in kinders se lewens teenwoordig is en aan watter gewerk moet word. Die meetinstrumente bied ook vir gemeenskappe die ruimte om te kan bepaal watter bates vir hulle konteks die nodigste is en om ’n geïntegreerde kollektiewe poging te loods om die vestiging van bates by kinders te help bevorder. Al die bates hoef nie op een slag in kinders se lewens gevestig te word nie. Hoe meer bates in ’n kind se lewe teenwoordig is, hoe groter is die positiewe invloed daarvan op daardie kind se ontwikkeling. Die teenwoordigheid van bates maak nie net in kinders se lewens ’n verskil nie, maar kan ’n rimpel-effek hê wat vir die hele gemeenskap tot voordeel kan wees. Volgens Benson (2006:72) werk die verband tussen teenwoordigheid van bates en kinders se ontwikkeling soos volg: “Kinders met meer bates in hulle lewens is minder geneig om by risikogedrag betrokke te raak; die teenpool is ook waar dat kinders met minder bates in hulle lewens makliker by risikogedrag betrokke raak.”

3.4.4 Bates verskil van plek tot plek

’n Vierde elemente van die definisie van kinderbediening is dat die “ontvang” van kinders nie oral dieselfde sal lyk nie. Jonker (1987:5) het reeds 24 jaar gelede die stelling gemaak dat die voortbestaan van die kerk in die laaste twee eeue in gedrang gebring is deur die ontwikkeling van die moderne werklikheidsopvatting sowel as die emansipasie van die menslike gees soos wat dit in sekularisme tot uitdrukking kom. As gevolg hiervan het die Christelike kerk as die draer van die Christelike geloof onder die spervuur van kritiek gekom. Die kerk het merendeels nie soseer met openlike teenstand te make het nie, maar met ’n verstikkende ongeïnteresseerdheid en die oortuiging dat die kerk wesenlik niks meer vir die moderne mens kan beteken nie. Dit bring die vraag of die kerk nog relevant is op die voorgrond, maar relevansie ten opsigte van volwassenes is steeds makliker om te verduidelik as as relevansie ten opsigte van die leefwêreld van kinders en jongmense. Die ontwikkelingsbates-raamwerk kan moontlik vir die kerk ’n stuk gereedskap word waarmee sy ’n relevante kinderbediening kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vestig. Hierdeur maak ek glad nie die aanname dat die raamwerk vir die kerk 'n reddingsboei kan wees nie, maar wel dat dit in hierdie tydsgewrig waardevolle insigte kan gee ten opsigte van 'n meer volhoubare kinderbediening.

Die kerk moet saam met die res van die gemeenskap 'n geïntegreerde poging aanwend om kinders te help om positief te ontwikkel. Die kerk het ook 'n missionale aard en roeping wat haar noop om die verskillende sektore van die gemeenskap – skole, besighede, polisie, regeringsdepartemente – in hierdie proses te begelei en te motiveer.

Elke gemeenskap se konteks is anders. Die ontwikkelingsbatesraamwerk is nie 'n bloudruk nie en dit kan gekontekstualiseer word om in die gemeenskappe waar dit gebruik word se behoeftes te voldoen. Anders gestel, dien die ontwikkelingsbates-raamwerk as 'n lens vir gemeenskappe om op 'n nuwe manier te bepaal hoe die uitdagings van die positiewe ontwikkeling van hulle kinders aangepak kan word. Die ontwikkelingsbatesraamwerk fokus nie primêr op die probleme van kinders en jongmense nie, maar werk proaktief deur bates in kinders se lewens in te bou sodat hulle die uitdagings waarmee hulle gekonfronteer word, beter die hoof kan bied.

Die ontwikkelingsbatesraamwerk kan gekontekstualiseer word vir die spesifieke gemeenskap wat dit wil gebruik se spesifieke behoeftes. Vervolgens word voorbeelde gegee van plekke waar die bates in spesifieke gemeenskappe aangepas en gebruik is. Almal kan ook op die Search Institute se webwerf gevind word (Search Institute 2012).

Children First St Louis Park, Minnisota

Children First is in 2011 vir die vierde agtereenvolgende jaar uit 100 ander gemeenskappe in die VSA gekies as die beste gemeenskap vir kinders om in groot te word (Search Institute 2012). Children First is 'n inisiatief wat in 1993 in St Louis Park, Minnisota, deur verskillende sektore van die gemeenskap (skole, kerke, besighede, munisipaliteit en gesondheidsdienste) begin is. Van voorskoolse tot hoërskoolkinders word betrek.

Persone wat intensioneel bates in die kinders se lewens inbou, word batebouers genoem en die ouderdomme van die batebouers strek vanaf voorskoolse kinders tot bejaardes. Die hoofdoel is om intensioneel bates in die gemeenskap te vestig sodat babas, kleuters, laerskoolkinders en tieners meer positief kan ontwikkel. 'n Unieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eienskap van Children First is die leidende rol wat die kerk van die begin van die implementering van die inisiatief gespeel het. Verskillende kerke en ander geloofsgenootskappe het saamgewerk en ’n kinderbeskermingsbeleid vir gemeentes ontwikkel wat kinders beskerm teen seksuele misbruik in die kerk. Daar was ook ’n werkwinkel wat werkers in die kerk opgelei het om kinders te beskerm.

Alaska

Hier word die ontwikkelingsbatesraamwerk benut as ’n inisiatief om intergenerasionele verhoudings te bou ten einde risikogedrag by kinders en jongmense te bekamp. Hierdie inisiatief is reeds tien jaar oud en die sukses daarvan berus op verskillende faktore, soos die bemagtiging van rolspelers in die gemeenskap om die kinders van die gemeenskap te help om positief te ontwikkel en intensionele, volgehoue en geïntegreerde pogings deur die gemeenskap oor die volle tien jaar om bates in kinders se lewens in te bou.

Mindano in die Filippynse Eilande

Hierdie inisiatief het ten doel om basiese onderrig te verskaf aan tien- tot agtienjariges in hierdie gebied in die Filippynse Eilande. Die grootste deel van die bevolking wat hier woon, is Moslems. Opvoeders en ander belanghebbendes uit die gemeenskap word toegerus om die ontwikkelingsbatesraamwerk binne die skoolopset te implementeer.

St Lucia in die Wes-Indiese Eilande

Rise is die naam van ’n nie-regeringsorganisasie wat die ontwikkelingsbates-raamwerk gebruik om gemeenskappe in Wes-Indië te help om hulle jeug meer positief te laat ontwikkel. Hulle gebruik die ontwikkelingsbatesraamwerk om as organisasie ander organisasies en instansies wat reeds met die jongmense werk, te help bemagtig om meer intensioneel bates in jongmense se lewens te bou.

Stellenbosch in Suid Afrika

Die Batebouersnetwerk is ’n plaaslike inisiatief wat hom ten doel stel om organisasies in die Stellenbosch-omgewing te help om die ontwikkelingsbates as raamwerk te gebruik om programme met kinders en jongmense te doen. Die Batebouers netwerk poog om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met bestaande organisasies hande te vat sodat die kinders in die Stellenbosch-omgewing ’n groter kans het om in positiewe gemeenskappe te leef. Die Batebouers netwerk se werksaamhede en die gepaardgaande empiriese navorsing word verder in Hoofstuk 4 bespreek.

3.4.5 Die Eklesiologiese verstaan van die Ontwikkelingsbatesraamwerk

Gegewe die prakties teologiese aard van die studie is dit nodig om te vra wat die eklesiologiese verstaan van die ontwikkelingsbatesraamwerk is. Die eklesiologiese verstaan van die ontwikkelingsbatesraamwerk loop ten nouste saam met hoe die kerk haar roeping en taak interpreteer en uitleef. Burger (1999:43) is van mening dat die kerk visionêre leierskap nodig het wat met helderheid en perspektief leiding kan neem. Dit “bring orde” en “duidelikheid” (199:43) in situasies binne die kerk wat soms “chaoties en deurmekaar” kan wees. Dieseflde visie en duidelikheid is ook ten opsigte van kinderbediening nodig. Die ontwikkelingsbatesraamwerk werk ten eerste nie met ‘n institutionele kerk begrip nie, maar met ‘n meer organiese kerk begrip. Die Search Instituut ontwikkel materiaal wat deur almal gebruik kan word. Wanneer kerke wel die raamwerk en ander materiaal van die Search Instituut gebruik is die doel daarvan dat gelowiges ‘n verskil kan maak in kinders se lewens waar hulle woon en werk.

Die Search Instituut motiveer kerke se betrokkenheid by die bou van ontwikkelingsbates in kinders en jeug as volg (Roehlkepartain 1998:5) :

- Ontwikkelingsbates het ‘n kragtige invloed in kinders se lewens.
- Die meeste kinders en jeug het ongeag van hulle agtergrond te min ontwikkelingsbates in hulle lewens. Hierdie gebrek aan bates laat kinders kwesbaar en onvoorbereid op die uitdagings wat die lewe aan hulle stel.
- Aangesien die ontwikkelingsbates sterk verhoudings gedrewe is, het die kerk baie groot potensiaal om dit in hulle kinders te kan bou, want die kerk is een van die min plekke in die gemeenskap waar mense van verskillende generasie gereeld bymekaar kom. Dit blyk te wees dat hierdie potensiaal van gemeentes nie so baie benut word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die bou van bates is ‘n integrale deel van die missie van die kerk.

Die motivering vir gemeentes probeer dus verder om die organiese benadering van kerk wees by gemeentes te motiveer. Hierdie benadering sluit nou aan by die missionale roeping en taak van die kerk wat reeds elders ter sprake kom. Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat die ontwikkelingsbatesraamwerk in wese waarde sou kon toevoeg tot ‘n gemeenskaps benadering tot kinderbediening.

Eklesiologies het die gebuik van die raamwerk ten doel:

- Dat die kerk in haar taak alle kinders deel behoort te maak van die gemeente.
- Dat ontwikkelingsbates intensioneel binne die kerk geintegeer word en dat in die integrasie families toegerus behoort word om die ontwikkelingsbates ook deel te kan maak van hulle familiewees.
- Die kerk word dus gesien as ‘n familie-gemeenskap wat as die groter familie van gelowiges in die gemeenskap waar hulle woon en werk voorspraak doen ten opsigte van die ontwikkelingsbates en dit intensioneel in kinders se lewens bou.

Die ontwikkelingsbates is dus nie net ‘n pragmatiese raamwerk nie, maar kan in wese die waarde toevoeg tot kinderbediening.

3.5 Samevatting

Die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates besit in teorie die potensiaal om as raamwerk vir ’n meer volhoubare Kinderbediening gebruik te kan word. Navorsing oor die ontwikkelingsbatesraamwerk het oor 52 jaar bewys dat dit wel met ’n groot mate van sukses in verskillende kontekste gebruik kan word om die lewens van kinders en die groter gemeenskap positief te help ontwikkel.

Die uitdagings vir kinders in die Suid-Afrikaanse konteks is kompleks en het ’n lang geskiedenis. Juis daarom sal die antwoorde op die uitdagings nie eenvoudig wees nie. ’n Geïntegreerde benadering van die verskillende sektore in die gemeenskap kan moontlik antwoorde help vind, nie net vir die uitdaging van ’n meer volhoubare kinderbediening nie, maar ook vir alle kinders in die Suid-Afrikaanse konteks.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die navorser se verstaan van die ontwikkelingsbatesraamwerk is dat dit ’n raamwerk is wat daarmee gemoeid is om die totale kind in ag te neem. Dit probeer nie net kinders geestelik bedien nie, maar erken ook dat kinders meer as net geestelike wesens is. Vanweë die holistiese benadering tot die kind, maak dit dit binne die postmodernistiese tydsgewrig waarin ons leef een van die beter maniere om kinders te bedien. Roehlkepartain (1998:25) maak die stelling dat om bates in kinders se lewens te bou meer is as om net nog ’n program by te voeg tot die kerk se alreeds oorvol skedule. Dit vra ’n **fundamentele skuif** in die aannames en idees oor kinders en hul bediening.

Die ontwikkelingsbatesraamwerk verskaf ’n **gelyke speelveld** vir die kerk, skool, familie, regering en die res van die gemeenskap om oor hul bydrae tot die bou van bates in kinders se lewens in gesprek te tree (1998:26). Dit kan tot gevolg het dat die kerk betrokke raak by ander kinders in die gemeenskap in samewerking met persone uit ander sektore.

Aangesien die raamwerk se benadering tot kinderbediening waarderend is, behoort die implimentering daarvan nie mense wat reeds baie in hul kerk se kinderbediening infesteer het te laat voel asof hul harde werk ongedaan gemaak word nie, want die raamwerk probeer juis nie bestaande inisiatiewe kaap nie, dit wil waarde toevoeg. Eintlik is gemeentes in ‘n sekere sin reeds jare lank besig om bates in kinders se lewens te bou, hierdie raamwerk maak net die proses daarvan konkreet.

Die raamwerk bied ’n stel **meetbare uitkomste** vir die kerk waaraan die vordering van die bou van bates in kinders gemeet kan word. Mense reageer gewoonlik meer positief op inisiatiewe wanneer daar meetbare vordering gemaak word.

Kinderbediening is dikwels eenrigting-kommunikasie, van volwassene tot kind, maar met die raamwerk kan meer **gehalte-verhoudings** tussen verskillende generasies gebou word omdat die sukses van die bou van bates juis binne verhoudings gebeur. Dit impliseer ook dat almal in die kerk betrokke is by die bou van bates en nie net die Sondagskoolpersoneel en of ouers nie.

Suid Afrika met sy vele uitdagings maak die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk nog meer uniek. Dit is onmoontlik om die uitdagings te ignoreer. Nie net is daar die sosio-ekonomiese uitdagings nie, maar daar is ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitdagings verbonde aan die beeld van die kerk en vooropgestelde idees wat die breër samelewing oor die kerk het. Die kerk wanneer sy haar tot batebou verbind moet gereed wees om ’n langtermynverbintenis te maak. Dit beteken ’n langtermynverbintenis tot samewerking met ander rolspelers in die gemeenskap wat dalk nie dieselfde teologie of sentimente as die kerk deel nie.

Eerstens behoort die kerk te besluit – en dit is ‘n baie groot paradigmaskuif – of dit op **inklusiewe wyse kinders wat nie deel van die kerk is nie**, wil bedien. Dit kan gebeur dat ander organisasies in die gemeenskap sku is om saam met die kerk te werk, want waar die kerk betrokke raak, “wil hulle altyd oorvat” (Orsmond 2012:2). Hierdie persepsie oor die kerk kan dit moeilik maak om grense oor te steek vir samewerking, al impliseer dit dat samewerking tussen verskillende rolspelers tot voordeel van meer kinders in die gemeenskap mag wees.

Wanneer daar net oorsigtelik gekyk word na die bates, is dit opvallend dat die raamwerk sekere veronderstellings het. Dit veronderstel samewerking, finansies en ouerbetrokkenheid. Hierdie elemente is ongelukkig nie so deel van die samelewing soos wat dit behoort te wees nie. Tog is dit opvallend dat uit al meer oorde in ons land daar ’n oproep is na wat mense noem “nuwe waardes” en “ander waardesisteme”. Inisiatiewe wat in die verlede geloods is, het vrugte afgewerp, maar almal was nie volhoubaar nie.

Navorsing oor die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk in armer kontekste is nie so geredelik beskikbaar nie en dit sal myns insiens een van die beste barometers wees om te kan bepaal of die raamwerk dan werklik volhoubaar binne sodanige gemeenskappe gebruik kan word. Dit in ag geneem, behoort ons eerder te vra watter bates Suid-Afrika se kinders nou nodig het. Wat kan deur kinderbediening gedoen word om waarderend tot kinders se leefwêreld toe te tree sodat daar bates in hulle lewens gebou word en nie net krisisbeheer gedoen word nie? Daardeur maak ek die stelling dat die hele raamwerk nie opeens geïmplementeer hoef te word nie. Dit sal in ons konteks in elk geval meer skade as goed doen wanneer die strategie gevolg word. Die volgende bates is myns insiens ’n goeie vertrekpunt vir die implementering van die raamwerk:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By die Eksterne Bates, die kategorie vir ondersteuning, sou ek aanbeveel dat intensioneel gefokus moet word op die bou van die volgende bates:
2. Positiewe kommunikasie binne die familie
6. Ouers se betrokkenheid by hul kinders se skole.

By die Interne Bates, die kategorie vir toegewydheid, sou ek aanbeveel dat intensioneel gefokus word op die bou van die volgende bate:

21. Kinders se gemotiveerdheid om te presteer.

My motivering vir bogenoemde keuse is dat dit een van die grootste kwelpunte in ons samelewing is, een waar die kerk deur kinderbediening ’n belangrike rol kan speel om deur die bou van bates betrokke te raak in die gemeenskap. Hierdeur kan die kerk terselfdertyd groter betrokkenheid in die publieke sfeer toon, omdat die bou van hierdie bates die meeste mense in die gemeenskap raak.

Ten spyte van al die oorwegings behoort die raamwerk ’n regverdige kans gegee te word vir meer volhoubare kinderbediening, want:

- Dit word onderskryf deur meer as vyftig jaar se navorsing in verskillende kontekste.
- Dit is meetbaar.
- Dit bou verhoudings tussen generasies en oor grense.
- Dit vra samewerking van die hele gemeenskap sodat daar positiewe ontwikkeling vir kinders kan wees.

In Hoofstuk 4 gaan die empiriese navorsing wat met die Stellenbosch Batebouers netwerk gedoen is, beskryf word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Empiriese Ondersoek

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk beskryf die navorsingsmetodologie wat gevolg is in die studie en bespreek temas wat geïdentifiseer is tydens die interpretering van die data verkry uit die ondersoek. Een van die doelwitte van die navorsing was om te bepaal hoe suksesvol die ontwikkelingsbatesraamwerk binne die Suid-Afrikaanse konteks gebruik kan word en op watter maniere dit gekontektualiseer kan word.

Eerstens word die navorsingsmetodologie van die studie bespreek. Dit word gevolg deur ’n kort bespreking van kwalitatiewe navorsing in die breë en van die kwalitatiewe navorsing wat vir hierdie studie toepaslik is. Daarna volg ’n bespreking van die kategorieë, temas en patrone wat tydens die interpretering van die data geïdentifiseer is. Die bespreking word deurgaans gerig deur die navorsingsvraag.

4.2 Navorsingsmetodologie

4.2.1 Navorsingsvraag

Na aanleiding van die navorsingsprobleem word die navorsingsvraag soos volg geformuleer: Kan ’n raamwerk gebaseer op die ontwikkelingsbates bydra tot ’n meer volhoubare kinderbediening? Die navorsing wil dus probeer bepaal of die gebruik van die veertig ontwikkelingsbates van die Search Instituut kan help om die bediening van kinders meer volhoubaar te maak. Die vraag is reeds op teoretiese vlak deur middel van ’n literatuurstudie ondersoek. In hierdie hoofstuk word die empiriese navorsing daaroor beskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2 Oorhoofse doel van die studie

Eerstens wil ek deur hierdie navorsing probeer vasstel watter bydrae die veertig ontwikkelingsbates tot ’n meer volhoubare kinderbediening kan maak.

Tweedens wil die navorsing kinderwerkers meer bewus maak van die ontwikkelingsbatesraamwerk en wat die pragmatiese voordele kan wees indien dit in kinderbediening aangewend word.

Derdens wil die navorsing meehelp tot akademiese nadenke oor kinderbediening binne die Suid Afrikaanse konteks.

4.2.3 Voortoetsing

Dit is belangrik dat voortoetsing in kwalitatiewe navorsing gedoen word. Die doel van voortoetsing is om relevante inligting van deelnemers te kry. Sodoende kan onduidelikhede met betrekking tot die navorsing uitgeklaar word (Cresswell 2007:101).

Die navorser het voortoetsing gedoen met een persoon wat deel vorm van die leierskap van die Batebou Netwerk. Die persoon het ook voldoen aan die res van die vereistes wat nodig was vir ander deelnemers aan die studie. Hierdie vereistes is:

- ’n Deelnemer aan die studie moet betrokke gewees het by die proses van die totstandkoming van die netwerk.
- Hy of sy moet deel wees van die leierskap wat besluite neem oor die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk binne die Batebou Netwerk.
- Hy of sy moet beskikbaar wees om die onderhoud te kan voer.

Die voortoetsing van hierdie navorsing is gedoen om te verseker dat deelnemers die vrae op die vraelys sal kan beantwoord en ook dat hulle antwoorde wel lig sal werp op die navorsingsvraag. Dit het uit die voortoetsing wat net soos die beoogde semi-gestruktureerde onderhoude op band opgeneem is, duidelik geword dat die vrae wel geskik was. Die deelnemer het verduidelik dat volwassenes wat deel vorm van die Batebouersnetwerk bymekaarkom in gedeeldebelangegroepe, en dat byvoorbeeld besigheidsmense en vrywilligers uit die gemeenskap byvoorbeeld elk gereelde weeklikse byeenkomste het. Na die voortoetsing is een vraag bygevoeg, naamlik ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vraag oor kerkleiers se betrokkenheid by die netwerk. Hierdie vraag is nodig omdat die navorsing beweer dat die kerk 'n groot rol te speel het in die opbou van 'n volhoubare kinderbediening, en die vraelyste wil gebruik om vas te stel of die kerk wel al betrokke is.

4.2.4 Etiese Oorwegings

Kwalitatiewe navorsing fokus op die navorser se verkenning, ondersoek en beskrywings van mense in hulle natuurlike omgwewing (Orb, Eisenhauer & Wynaden 2000:93). Die verhouding tussen die navorser en die deelnemer aan die navorsing is dus van kardinale belang. Die keuse vir deelname aan navorsing berus altyd by die deelnemer. Etiese oorwegings in kwalitatiewe navorsing is verder baie afhanklik van die regte metodologie en prosedures. Daarom is dit belangrik dat die navorser bewus behoort te wees van die etiese oorwegings wat uit sy of haar gekose navorsing spruit (Orb et al. 2009:93).

Etiese klaring vir hierdie navorsing moes eerstens verkry word van die Etiese Komitee van die Universiteit van Stellenbosch. Toestemmingsbriewe wat deur die Universiteit van Stellenbosch voorsien is, is aan die deelnemers gegee en verduidelik. Hulle het dit daarna onderteken. 'n Voorbeeld van hierdie brief is in Bylaag 1 van hierdie studie. Die beskerming van die privaatheid van deelnemers aan die navorsing berus uiteindelik nog steeds op die navorser. Orb, Eisenhauer en Wynaden (2000:95) is van mening dat navorsers die volgende potensiële etiese oorwegings vir veldnavorsing behoort te verreken:

- Dat deelnemers aan die navorsing deeglik ingelig is oor die aard van die navoring alvorens hulle toestem daartoe.
- Dat konfidensialiteit in die navorsing gehandhaaf sal word.
- Dat data volgens die regte metodologie genereer word.
- Dat deursigtigheid van die navorsingsproses uiters belangrik is.
- Dat deursigtigheid ten opsigte van die rapportering van die gevolgtrekkings en uitkomste van die navorsing ge handhaaf sal word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.5 Steekproefneming

Patton (1990:69) is van mening dat daar in kwalitatiewe navorsing hoofsaaklik gefokus word op navorsing met kleiner groepe deelnemers. Daar is twee tipes steekproefprosedures, naamlik waarskynlikheid- en niewaarskynlikheidseleksie (Fowler 2008:87).

In hierdie studie gaan gebruik gemaak word van niewaarskynlikheidseleksie. Deelnemers aan hierdie studie word doelbewus en strategies gekies omdat hulle die beste die navorsingsvraag kan antwoord. Volgens Fowler (2008:92) is die nadeel van niewaarskynlikheidseleksie dat die navorser nie daarop aanspraak kan maak dat haar navorsing verteenwoordigend van die groter populasie is nie, omdat die deelnemers nie op ’n ewekansige manier nie, maar doelbewus gekies word. Die voordeel van hierdie tipe navorsing is dat dit minder gekompliseerd, en nie so duur en uitgerek is soos navorsing wat van waarskynlikheidseleksie gebruik maak nie.

4.2.6 Eenheid van ontleding

Babbie (2010:103) maak dit baie duidelik dat navorsers seker moet maak wat hulle eenheid van ontleding is omdat hulle verkeerde gevolgtrekkings kan maak aan die einde van hulle navorsing indien hulle die verkeerde eenheid van ontleding kies. Mouton (2001:51) verwys na die eenheid van ontleding as die “fenomeen of objek” van die studie. Die eenheid van ontleding vir hierdie studie is die groep van tien persone wat deel vorm van die bestuur van die Stellenbosch Batebou Netwerk. Die deelnemers aan die navorsing is almal volwassenes uit die leierskap van die Batebouersnetwerk wat uit verskillende sfere van die samelewing kom. Vir hulle is die gemene deler dat hulle deel vorm van die aanvanklike leierskap van die batebouersnetwerk. Hulle is op een of ander manier betrokke by besluitnemingsprosesse, hetsy as opstellers van die grondwet van die aanvanklike netwerk of as verteenwoordigers van die verskillende organisasies of entiteite wat deel van die netwerk vorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.7 Dataversamelingstegnieke

Die dataversamelingstegniek wat gebruik is, is semi-gestruktureerde onderhoude. De Vos (1998:293) beskryf semi-gestruktureerde onderhoude as ’n “gesprek met ’n doel”. Die doel in hierdie geval is nie om antwoorde op vrae te kry nie, maar wel om ’n belang te ontwikkel by die begrip en insig van die ander persoon se ervaring sodat die persoon se werklike ervaring van die gebeure vasgevang kan word. Verder beskryf Hancock, Ockleford en Windridge (2009:16) semi-gestruktureerde onderhoude as ’n reeks oop vrae wat gebaseer is op ’n onderwerp van die navorser se keuse. Alhoewel die vrae gerig is op die onderwerp onder bespreking, gee dit tog aan die navorser en die persoon met wie die onderhoud gevoer word die geleentheid om meer breedvoerig oor sommige van die vrae te praat (2009:16).

In die hierdie studie het die navorser semi-gestruktureerde onderhoude met lede van die Stellenbosch Batebouersnetwerk gevoer. Voor die aanvang van die navorsing het die navorser eers seker gemaak wie die lede van die leierskorps was en wat hulle kontakbesonderhede was. Die navorser het ook seker gemaak van die waarskynlikheid van hulle deelname aan die navorsing deur aanvanklik ’n lys name by die voorsitter van die Batebouersnetwerk te kry en die potensiële deelnemers daarna telefonies te kontak om te hoor of hulle vrywillig sou deelneem.

Tydens die studie het dit egter duidelik geword dat die navorser ook met ander persone, wat verwysings is deur lede van die leierskap, onderhoude moes voer, en wel om die volgende redes:

- Die leierskap van die Batebouersnetwerk is baie groot en divers.
- Nie al die persone wat deel gevorm het van die oorspronklike leierskap was meer beskikbaar vir onderhoude nie.
- Die lede het hulleself in verskillende komitees georganiseer en nie al die komitees was direk betrokke by kinder- of jeugwerk nie, soos die komitee wat die grondwet opgestel het en nie elders betrokke was nie.
- Tydens die onderhoude met lede het dit duidelik geword dat daar persone in die leierskap was van wie die navorser nie voor die tyd geweet het nie en wat ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot bydrae tot die navorsing sou kon lewer. Hulle is dan gekies bo lede wat aanvanklik op die lys was vir onderhoude.

4.2.7.1 Vereistes vir deelnemers

Deelnemers aan die studie moes aan die volgende vereistes voldoen:

- Hulle moes persone wees wat deel gevorm het van die stigting van die netwerk of wat in die beginjare van die netwerk betrokke was by die koördinering van groot projekte.
- Hulle moes bereid wees om vrywillig en sonder betaling deel te neem aan die onderhoude en om hulle ervarings met die navorser te deel.
- Hulle moes gewillig wees dat die onderhoude op band opgeneem en gestranskribeer word.

4.2.7.2 Voordele van semi gestruktureerde onderhoudvoering

Fowler (2008:103) identifiseer die volgende voordele van semi-gestruktureerde onderhoudvoering.

- Daar is groter buigsaamheid, omdat navorsers vrae kan herhaal en byvoeg wanneer hulle nie seker is of die deelnemer die vrae reg beantwoord nie.
- Anders as met vraelyste wat oor die pos of internet gedoen word, kan die navorser onmiddellik antwoorde op die ondershoudskedule kry. Persone wat nie kan lees of skryf nie, kan ook deelneem aan onderhoude.
- Die navorser kan ook die nieverbale kommunikasie van die deelnemer tydens die onderhoude monitor.
- Die navorser het meer beheer oor die omgewing waarin die onderhoud plaasvind.

Fowler (2008:105) identifiseer egter ook die volgende nadele van semi-gestruktureerde onderhoudvoering.

- Dit kan ook duur kos om onderhoudvoering te doen. Administratiewe koste soos telefoonoproepe en vervoerkoste na die deelnemers kan duur raak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Hierdie tipe onderhoudvoering kan baie tyd in beslag neem omdat onderhoude op verskillende tye in die dag gedoen word, die onderhoude lank kan neem om te doen, en net een of twee onderhoude per dag gedoen kan word.
- Die navorser kan dalk die deelnemer se antwoorde op die vraelys verkeerd interpreteer en dokumenteer. Dit mag ook gebeur dat die deelnemer se antwoorde beïnvloed kan word deur die navorser se geslag, ouderdom, ras voorkoms of aksent.

4.2.7.3 Die onderhoude en verwerking van data verkry uit die onderhoude

Cresswell (2007:83) definieer die proses van data-analise as 'n proses waardeur die navorser sin probeer maak van verskillende tipes data. Tydens die proses word data voorberei, op verskillende maniere geïnterpreteer, word 'n dieper verstaan van sodanige data verkry en word daar ook 'n breër of kollektiewe betekenis aan die data gegee (2007:83). Die navorser het die interpretering van die data gedoen aan die hand van hierdie beskrywing van data-analise.

Tydens die onderhoude is 'n bandopnemer gebruik om die onderhoud op band vas te lê. Verder is veldnotas gedurende die onderhoudvoering deur die navorser geneem. Daarna is die opnames is op 'n rekenaar oorgeplaas as stempos-opnames. Hierdie opnames is na afloop van die onderhoude verbatim getranskribeer vir data-analise. Die navorser het versoek dat elke sug of huiwering binne die gesprek ook aangedui moes word. Die rede hiervoor is dat dit die eksterne navorser wat die data-analise sou doen, sou help om makliker te interpreteer wat die deelnemer sê. 'n Versadigingspunt is na tien onderhoude bereik nadat gevind is dat die inhoud van die onderhoude deurlopend herhaal is en geen nuwe inligting meer bygevoeg is nie. Volgens Greef (in De Vos 2005:294) is die versadigingspunt tydens semi- gestruktureerde onderhoudvoering die punt waar die navorser besef dat inligting vanuit die onderhoude begin herhaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Kwalitatiewe navorsing

Volgens Cresswell (1998:74) benader kwalitatiewe navorsers hul studie met ’n sekere paradigma, wêreldbeskouing, basiese geloof of sekere aannames wat hul ondersoek lei. Hierdie aannames verwys na die verhouding van die navorser tot dit wat nagevors word, die rol van waardes in die studie en die proses van navorsing (die metodologie van die navorsing). Die navorser het het byvoorbeeld as gevolg van sekere aannames en vrae oor kinderbediening besluit om onderhoude te voer met die leiers van die Batebou Netwerk.

McMillan and Schumacher in Hale (2006:201) beskryf kwalitatiewe navorsing as ’n primêre induktiewe proses van die organisering van data in kategorieë en die verhouding tussen die verskillende kategorieë. Hierdie definisie impliseer dus dat data binne die konteks van die navorser geïnterpreteer word (Hale 2006:201). Dougherty (2002:849) sien kwalitatiewe navorsing weer as soortgelyk aan die inherente kompleksitiet van die sosiale lewe. Hiermee impliseer sy dat kwalitatiewe navorsing veel meer behels as ’n beskrywing van ’n individue se ervaring: Dit is veral die weerspieëling van die verweefdheid van die sisteme waarbinne ’n mens leef, gesien in die konteks wat deur die spesifkieke kwalitatiewe studie ondersoek word. Hierdie definisies in ag genome het die navorser gepoog om die data sonder vooropgestelde idees en aannames oor die ervaringswêreld van die leiers van die batebouersnetwerk in te samel en te transkribeer. Om nog meer egtheid en onpartydigheid aan die dataversameling en die proses van data-analise van die semi-gestruktureerde onderhoude te verleen, is die getranskribeerde data aan ’n eksterne navorser gegee vir analise. Hierdie eksterne navorser het die data analiseer en sekere deurlopende temas waargeneem. Die data word vervolgens volgens hierdie temas bespreek.

4.3.1 Die kwalitatiewe navorsing toepaslik vir hierdie studie

Die navorsing wat in hierdie studie beskryf word, bestaan uit ’n literatuurstudie en ’n empiriese komponent (sien Hoofstuk 1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.1 Literatuuroorsig

Beskikbare literatuur is gebruik om die veertig ontwikkelingsbates, soos deur die Search Institute beskryf en toegepas, te ondersoek. Beskikbare material oor die ontwikkelingsbatesraamwerk is bestudeer om te sien watter tipe navorsing reeds oor die ontwikkelingsbatesraamwerk gedoen is en hoe dit gedoen is.

'n Literatuurstudie is 'n belangrike komponent van enige navorsing. Dit verseker dat die navorser nie ondersoeke wat reeds gedoen is, dupliseer nie en help die navorser ook om vas te stel wat die mees algemeen aanvaarbare definisies van kernkonsepte in volhoubare kinderbediening is (Mouton 2001:87). Dit help ook die navorser om te leer van ander akademici: hoe hulle teorieë vorm en konseptualiseer, wat hulle empiries ontdek het, en watter metodes hulle gebruik het. 'n Literatuuroorsig bring ook nuwe teoretiese insigte wat nog empiries getoets behoort te word.

4.3.1.2 Empiriese Metodologie

Cresswell (1994:147) wys tereg daarop dat kwalitatiewe navorsing, navorsing oor hoe studie-eenhede verstaan en interpreteer word, behels. Hierdie tipe navorsing weerspieël wat die navorser verstaan van haar onderwerp en dit wys haar voor- en afkeure uit. Verder word haar waardes en beoordelings eksplisiet in die navorsingsverslag genoem. Ruben en Babbie (2010:371) verwys ook na die empiriese navorsing as die plek waar die aksie gebeur en die navorser kyk en luister na wat gebeur. Hulle gaan van die standpunt uit dat daar baie geleer kan word deur bedag te wees op wat besig is om te gebeur.

Empiriese metodologie bied die navorser die geleentheid om ooreenkomste en verskille in die verwerkte data te identifiseer, nuwe konsepte te vorm, en die kontekstualisering van die data beter te verstaan (Taylor & Bogdan1998:7).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4 Data-ontleding van die semi-gestruktureerde onderhoude

Die induktiewe metode van kwalitatiewe navorsing is gebruik om die getranskribeerde data van semi gestruktureerde onderhoude te analiseer. Volgens Nieuwenhuis (2011:99) word hierdie metode beskryf as ‘n proses waarvolgens temas uit die onverwerkte data gehaal word deur te kyk na die frekwensie van hulle voorkoms en hoe dit die teks domineer . Nieuwenhuis (2011:99-110) beskryf die proses van data analise as volg:

Een van die eerste stappe in so ‘n proses is om die getranskribeerde data in analititese eenhede op te deel. Dit kan alleen gebeur deur die data herhaaldelik lyn vir lyn te lees en dan te verdeel. Nieuwenhuis noem hierdie eenhede kodes. Kodes kan dus gedefinieer word as die merk van analitiese eenhede met simbole, beskrywende woorde en unieke name. Dit is ‘n manier vir die navorser om rasioneel te kan verduidelik wat hy of sy dink besig is om in die data te gebeur.

Nadat data gekodeer is, moet kodes wat verwant is aan mekaar saam gevoeg word. Hierdie gekodeerde saamgevoegde data word dan temas genoem. ‘n Tema word dan ‘n etiket of naam toegeken wat die kodes wat aan dit toegeken is beskryf. Hier is dit belangrik dat die navorser presies weet waarvoor elkeen van die name van die temas staan. Dit mag gebeur dat party kodes by meer as een van die temas pas. Behalwe die naam van die tema, sal die navorser ook vanwee die kodes wat aan die tema toegeken is, subtemas met beskrywings wat vanuit die getranskribeerde data kom kan vorm. Die doel van die beskrywings is om die tema beter te beskryf.

‘n Konkrete manier om die kodes by die temas in te deel is om ‘n harde kopie van die getranskribeerde data te gebruik en dit op te knip en onder elke tema op ‘n tafel uit te pak of teen ‘n muur te plak. Hierdie proses word herhaal totdat al die kodes in temas en sub temas verdeel is. Tydens hierdie proses kan dit ook gebeur dat die name van temas aangepas word soos wat die proses homself herhaal en verfyn.

Dit is moontlik dat na die getranskribeerde data in analitiese eenhede opverdeel is, kodes toegeken is en temas geidentifiseer is, daar data oor mag bly wat nie in die bestaande temas inpas nie. Hierdie data is belangrik omdat dit die belangrike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sienswyses van deelnemers kan bevat en kan dien as ‘n tema of temas om die navorsingsvraag te kan beantwoord.

Aan die hand van die uitkomste van die navorsing oor die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk as meer volhoubare raamwerk vir kinderbediening is die volgende vyf temas met onderafdelings of sub-temas geïdentifiseer as belangrike temas wat uit die onderhoude na vore gekom het.

4.4.1 Tema 1: Implementering van die ontwikkelingsbates-raamwerk deur die Stellenbosch Batebou Netwerk

> *Maar ek het onmiddellik dit gesien as ’n geleentheid om werklik vir die jeug te help, want dit is Suid-Afrika se probleem. Ek is nou in die politiek en my nuutste uitdrukking is Suid-Afrika het ’n nuwe struggle. En die nuwe struggle vir Suid-Afrika is om goeie waardes en waardesisteme terug te sit in plek en ons moet regtig nou ’n punt maak om daarby uit te kom. Ons is besig om al ons waardes te verloor in die land. Mense doen goed en hulle is nie eers meer skaam daaroor nie. En ek is nie ’n rassis as ek dit sê nie, ek praat van almal, die hele lot, daar is nou nie meer ’n mens wat nie meer omgee nie. Dis nou net elkeen vir homself. En dit moet ons bekommer. Toe ek nou van die ding gehoor het daai tyd toe besef ek hier is ’n instrument wat mens kan gebruik om nie net die volwassenes weer op die spore te kry nie, maar ook te kan sorg dat die jeug op goeie spore sal gaan. Dis hoekom ek onmiddellik betrokke geraak het in daai tyd (Onderhoud 4).*

Hierdie deelnemer se reaksie verteenwoordig die meerderheid deelnemers se reaksie ten opsigte van die tema oor die implementering van die ontwikkelingsbates-raamwerk. Die meerderheid wou graag “iets vir die gemeenskap doen” of “iets vir die kinders in die gemeenskap gedoen het”. In Hoofstuk 3 word die integrasie van verskillende sektore in die gemeenskap genoem as een maatsaf vir die volhoubaarheid van die benutting van die ontwikkelingsbatesraamwerk. Hierdie integrasie van verskillende sektore (Benson 2006: 386) sluit in: betrek jongmense, beïnvloed gemeenskapsbesluite oor kinders en jongmense, mobiliseer jongmense en kinders om betrokke te raak by die gemeenskap, mobilliseer volwassenes om betrokke te raak by gemeenskap, gebruik die regte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

programme om uitkomste vir gemeenskapsverandering te bereik, aktiveer al die sektore sodat hulle kan saamwerk om positiewe verandering in die gemeenskap te bewerkstellig. Die hipotese wat deur die Search Institute gemaak word, is dat as alle sektore saamwerk, die gemeenskap ’n plek kan word waarin kinders positief kan ontwikkel, en dit stem ooreen met die mening van die meeste deelnemers.

Jeugbyeenkomste

Die aksies van Stellenbosch Batebouersnetwerk het hoofsaaklik gefokus op die organisering van jeugbyeenkomste. Hierdie tema is in lyn met die integrasie van sektore soos hierbo vermeld. Een van die vereistes vir die integrasie van alle sektore is juis dat die regte programme geïmplementeer moet word om die kinders of jongmense betrokke te kry by die inbou van bates in hulle lewens.

Een van die groot vrae ten opsigte van die gebruik van die ontwikkelingsbates-raamwerk is ook hoe dit geïmplementeer behoort te word, en of ’n handleiding wat stap vir stap aandui wat gemeenskappe of organisasie of geloofsgemeenskappe moet doen om die ontwikkelingsbatesraamwerk te implementeer nodig is. Uit die onderstaande uittreksels uit onderhoude met deelnemers kan die afleiding met meer sekerheid gemaak word dat elke gemeenskap uniek is en die vorm waarin hulle die ontwikkelingsbatesraamwerk in hulle konteks toepas, afhang van daardie konteks en van die kinders van die gemeenskap en hulle behoeftes.

Vir die Stellenbosch Batebouersnetwerk het dit in 2009 begin by ’n week lange ’n jeugkonferensie wat tydens ’n kort vakansie in Cloetesville vir tieners georganiseer is. Hulle het jongmense van die Stellenbosch-area uitgenooi en daar was uiteindelik 250 deelnemers. Met die oploop na die konferensie is werkswinkels met jongmense gehou waar hulle gevra is om probleme is in hulle gemeenskappe deur middel van graffiti uit te beeld. Die graffiti is daarna met die bates in verband gebring (Onderhoud 3). Die konferensie het hoofsaaklik gefokus op die interne bates (sien hoofstuk 3 vir ’n meer omvattende bespreking van interne bates).

> *Ons het dit beplan rondom die veertig bates. Spesifiek die twintig, die twintig wat van toepassing is op die jongmense self. Wat in hulle aangewakker moet word (Onderhoud 1).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die jeugkonferensie van 2009 was ’n voorloper vir ’n vakansie program wat in 2010 gedurende die Sokker Wêreldbeker aangebied is.

> *Met die wêreldbeker was daar ’n groot geleentheid om ’n nasionale energie te kanaliseer* in ’n positiewe *rigting. So wat vir baie mense in die Wêreld Beker ’n geleentheid was om hulle sakke meer voller geld te maak, was vir ander mense ’n groot gevaarteken . . . Jy weet almal is bang gemaak dat . . . geweld gaan toeneem, misdaad gaan toeneem homelessness. Die regering het gesê watch out vir die volgende goed. Homelessness, increase in homelessness, human trafficking, commercial sex trade, substance abuse en daarom wou hulle die child protection act, kinders moet veilig gehou word, beskerm word, ook push. . . . En ons het toe mense se concern vir daai goeters gebruik. Ons projek se naam was Keep Them Safe. Ons het daai concern saam met die wêreld beker energie gebruik om te sê kom ons kom almal bymekaar en hou die kinders veilig tydens die wêreld beker.*

Die ‘Keep Them Safe’ projek is gevolglik in samewerking met die munisipaliteit van Stellenbosch geloods met die oog op die lang skoolvakansie tydens die wêreldbekertoernooi. Daar was oggendprogramme vir kinders jonger as twaalf, middagprogramme vir tieners en ook aandprogramme (Onderhoud 10). Ter voorbereiding vir die vakansieprogram is dertien projekspanne gevorm wat bestaan het uit volwasse vrywilligers uit verskillende gemeenskappe van Stellenbosch. Hulle het werkswinkels bygewoon wat gefokus het op projekbeplanning en die inhoud van die ontwikkelingsbatesraamwerk (Onderhoud 3). In die werkswinkels het die Batebouersnetwerk saam met die projekspanne gewerk om die vakansieprogramme te beplan. Hulle was uiteindelik verantwoordelik vir programme in dertien Stellenbosse gemeenskappe (Onderhoud 10).

> *So ons het beplan dat die een week bou op die volgende week. So ons het begin by die performing arts, wat jy vir die eerste week oudisies het en dan vir twee weke lank oefen jy aan ’n klein play en dan die vierde week gaan perform jy. So ons het ’n groot finale of afsluitings seremonie in die stadsaal gehad. Waar die stadsaal tjok ek blok gesit was. . . . Ons het die verskillende drama groepe laat kompeteer teen mekaar. So die areas het teen mekaar gekompeteer. En dan het*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *ons houtwerk ingebring, wat ons vir hulle gevra het om hulle eie kas karre te bou. En dit het in een week gebeur en op 'n Saterdag het almal bymekaargekom en daar was 'n 'go-cart race' gewees. En dan aan die sport kant . . . moes hulle ook soos eerste week kom ons sê 'teams' vorm, tweede week . . . gaan hulle deur verskillende werkswinkels, en in die derde, vierde week is dit spanne wat teen mekaar speel (Onderhoud 3).*

Met die oploop na die program is die lede van die projekspanne gevra om die programme wat ontwikkel is te evalueer in terme van die ontwikkelingsbates-raamwerk. Die doel van die evaluering was om vas te stel watter bates ontwikkel word deur die programme en watter nie (Onderhoud 10). In totaliteit het die program gefokus op aspekte van die ontwikkelingsbatesraamwerk wat te doen het met gesonde vryetydsbesteding. Hierdie bates verwys na kategorie 4 van die eksterne bates (bates 17 tot 21) (Benson 2006:32). Die doel van hierdie bates is om kinders betrokke te kry by kreatiewe aktiwiteite vir drie of meer ure per week. Dit verwys spesifiek na aktiwiteite soos sport, handwerk, musiek, drama en ander vorme van die kunste. Hierdie bates impliseer ook die betrokkenheid van die geloofsgemeenskap by hierdie tipe aktiwiteite (2006:32).

Die programme het bestaan uit entrepreneur-, drama- en kunswerkswinkels. In al die werkswinkels is gesprekke oor die ontwikkelingsbatesraamwerk geïnkorporeer, soos die volgende respondent verduidelik:

> *Dit gaan als oor wat is jou passie, wat is jou droom, wat is jou stokperdjie. En kom ons help jou om 'n rasende sukses daarvan te maak. En as jy nou 'n bietjie skerp is dan gaan jy self so 'n bietjie inkomste daaruit genereer. So dis die hele uitgangspunt van die hele ding (Onderhoud 10).*

Dan was daar ook die sogenaamde deernisdae, waar die kinders uitgegaan het in die gemeenskap en mense gesoek het wat hulle hulp nodig gehad het (Onderhoud 6). Hierdie aktiwiteite sluit aan by kategorie 2 (bate 26) en kategorie 3 (bates 32 tot 34) van die interne bates. Dit het ook interaksie met die omgewing ingesluit:

Volgens respondente is interaksie met die omgewing nie ingesluit as kategorie binne die ontwikkelingsbatesraamwerk nie, maar is dit wel 'n belangrike ontwikkelingsbate in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die betrokke konteks. Die bate het volgens hulle ontbreek in die gemeenskappe van die kinders wat betrokke was in die sisteme van die Stellenbosch Batebou Netwerk. Hierdie saak word verder bespreek in die afdeling oor leemtes in die ontwikkelingsbatesraamwerk hier onder.

> *In baie van programme het ons die kinders laat gaan opruim. Ons het dit compassion days genoem, wat hulle dan gaan rivier skoonmaak. Want as jy wil respek hê vir jouself moet jy respek hê vir jou omgewing. Waar kry jy jou identiteit. Jy kry nie net jou identiteit in jou klere en jou selfoon nie. Jy kry ook identiteit in die manier waarop jy respek wys (Onderhoud 1).*

Die projekspanne het elke Woensdag bymekaargekom om terugvoer te gee oor wat hulle in die gemeenskappe ervaar het en om mekaar te motiveer, soos die een respondent verduidelik:

> *Want die eerste week is nou great, tweede week, jy kan cope met die situasie, derde week is gewoonlik nie goed nie, jy wil net klaar maak en die vierde week voel jy weer ja jy sien kans want die einde is in sig (Onderhoud 6).*

Die hele projek is ontwikkel rondom die struktuur van ’n storie. Die volgende deelnemer verduidelik die idee daaragter:

> *Ons het natuurlik daai hele projek ontwikkel rondom stories struktuur. . . . Elke storie word geskryf om ’n karakter te vat van waar hy nou is, na waar hy wil wees. . . . Die hoof karakter in die storie, waar is hy nou, waar wil hy wees en hoe skryf jy ’n karakter van ’n padda tot ’n prins, wat is die storie fases wat jy nodig het om dit reg te kry. . . .So daar is vyf sulke fases en my werk was om seker te maak dat die Keep Them Safe projek al vyf daai fases deurwerk, sodat jy nie ’n fase skip en dan verander die prins weer in ’n padda as hy huis toe gaan nie. Kyk daai prins moet nou weer na sy koninkryk gaan en daar gaan heers en nie terug verander in ’n padda nie, so jy moet al vyf daai fases cover. En die bates was maar net om ons te meet. Die bates is missing, die bates is nie missing nie, hulle is daar, hoe hou ons hulle daar. Om maar net te beskryf hoe moet ons prins lyk. So ons het die storie gebruik van die Afrika savannah, die Afrika vlakte. ’n Prinses wat dink sy’t ’n prins nodig om te kan heers. Hier in die begin van die storie hier kom die prins,*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *hulle (die kinders) dink nou dis uitgesorteer. En dan gaan hy weg en dan wag sy vir hom, en wag sy vir hom, en hy kom nie, en dan kry sy die boodskap hy gaan nie meer kom nie. Dan begin sy huil en deur haar trane verander die landskap en dan as sy dan eendag opkyk dan sien sy 'n dorre landskap het verander in 'n fees van 'n sigbare vlakte vanweë haar trane. En toe is sy waardig om 'n koningin te wees in haar eie reg, sonder die ondersteuning van 'n prins. So ons het daai storie gebruik want ons het gesê die wêreld is so, dis soos 'n prins wie sê ek is hier, ek is hier, ek kom julle almal red en dans hy weg en hoe gaan jy dan standhou en 'n standhoudende enigiets hê. So ons het gesê ons wil nie soveel trane stort soos die prinses nie, kom ons skryf vir ons gemeenskappe deur hulle storie, sodat hulle aan die einde van hierdie ervaring in hul eie reg kan wees (Onderhoud 6).*

Die programme het baie kinders en jongmense betrek. Op sommige dae het tot 7000 kinders deelgeneem aan die programme (Onderhoud 10). In Desember 2010 het tien van die projekspanne uit eie inisiatief weer ’n twee week lange program aangebied; hulle het ook in 2011 voortgegaan met die programme in hulle gemeenskappe. Ten tye van die onderhoude was twaalf spanne gereed om in die Junie-vakansie van 2011 ’n vakansieprogram aan te bied. Die tema vir 2011 was “ultimate respect”, oftewel respek vir onderwysers, die omgewing, diere en die gemeenskap as geheel (Onderhoud 3).

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die keuse van programme , die betrokkenheid van verskillende sektore en die gemeenskap se eie gemotiveerdheid om vir hul kinders ’n beter gemeenskap te help skep bygedra het tot die volhoubaarheid van die projek, in so ’n mate dat daar in die daaropvolgende vakansies vanuit eie inisiatief in die verskillende woonbuurte programme aangebeid is.

Volwassenes

> *Die vrywilligers wat help kom uit die gemeenskap uit. Dan lei hulle eintlik die mense op programme aan te bied. So dit was eintlik kinders en die vrywilligers wat geleer het en daar ondervinding opgedoen het om daarmee in die gemeenskap te kon aangaan (Onderhoud 9).*

Een van die lede van die Batebouers netwerkhet dit ten doel gestel om ’n netwerk van volwassenes te bou, buiten dié wat as vrywilligers by die jeugbyeenkomste betrokke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was. Die plan was om volwassenes te werf en dan in te deel in velde waarin hul belangstel, soos sport of kultuur. Elke veld sou ’n koördineerder hê om organisasie te vergemaklik. Die persoon het selfs uitgegaan na kerke en die ontwikkelingsbatesraamwerk gaan promoveer om deelname te werf. Ongelukkig was daar nie groot belangstelling onder die gemeenskappe nie. Die volgende plan was om met kleiner groeperings mense te praat, soos vroueorganisasies, om deelname op so ’n manier te probeer bewerkstellig. Ongelukkig moes die betrokke persoon van Batebouers netwerkonttrek as gevolg van ’n teenstrydige belangstelling. ’n Ander lid sou die proses verder voer. Hierdie deel van die Batebouers netwerkse toepassing van die ontwikkelingsbatesraamwerk sluit aan by kategorie 1 van eksterne bates (spesifiek bates 3 en 4 wat handel oor die ondersteuning van volwassenes aan die kinders van die gemeenskap). Die groep se poging om volwassenes by die aktiwiteit van die netwerk betrokke te kry hou ook verband met kategorie 2 (bemagtiging) van die raamwerk.

Interaksie met ander rolspelers

Een van die lede van die Batebouers netwerkis betrokke by die Gemeenskapspolisiëringsforum, die Buurtwag en die Stellenbosch Welsyn- en Ontwikkelingskoördineringskomitee, waar sy/hy 'n aktiewe rol speel in die beveiliging van die gemeenskap. Dit sluit aan by die bate omtrent die skep van ’n veilige omgewing. In een projek is ’n skeepshouer deur middel van befondsing deur skenkers bekom en omskep in ’n hoofkantoor vir die buurtwag. Dit is geplaas in ’n probleemarea in Cloetesville en word 24 uur per dag beman deur lede van die buurtwag. Hulle patrolleer ’n area van 200 meter om die skeepshouer. Hierdie aksie sluit aan by kategorie 2 van die eksterne bates (bemagtiging) en spesifiek bate 10, wat te doen het met die veiligheid van kinders in die gemeenskap. Uit die onderstaande uittreksel word die respondant se begeerte om die geloofsgemeenskap te betrek by die beveiliging van kinders ook uitgespreek. Dit is weereens ’n bevestiging van die Batebouers netwerkse toegewydheid om die verskillende sektore in die gemeenskap te betrek ten einde ’n kultuur van “all kids are our kids” (Benson 2006:xii) te vestig, nie net om die kultuur te help vestig nie, maar ook om die volhoubaarheid daarvan te help bewerkstellig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *Die feit dat hulle nou daar rondbeweeg . . . het misdaad geval na nul toe. Twee gelede, het die polisie dit skriftelik vir my bevestig. Nou, die volgende stap wat ons nou doen met daai 'container' is, ons is nou besig om met die kerke te gesels om 'n kwartier programmetjie daar aan te bied in die oggend voor skool. So weereens wil ons die gemeenskap inkry (Onderhoud 2).*

Die Stellenbosch Batebouers netwerkhet ook 'n navorsingspan op die been gebring. Hulle doel is om "navorsing te doen en te publiseer vir akademiese en populêre gebruik" (Onderhoud 10). Die span het 'n ondersteunende funksie in die Stellenbosch Batebou Netwerk, en hulle navorsing handel onder andere oor die effektiwiteit van die ontwikkelingsbatesraamwerk in vergelyking met ander raamwerke. Een van die gevolge van hul navorsing is 'n ongepubliseerde boekie, "40 dae met 40 bates". Hierdie navorsing sluit aan by die metodiek wat al vir meer as vyftig jaare deur die Search Institute gebruik is om hulle eie werk oor die ontwikkelingsbatesraamwerk te rugsteun. Dit is ook juis vanweë hierdie navorsing van die Search Institute dat talle akademiese en populêre publikasies oor die onderwerp al die lig gesien het. Vir die Search Institute is die kwaliteit is van hul navorsing net so belangrik soos hulle toegewydheid daaraan om die navorsing op papier om te skakel in dade (Search Institute 2007). Hulle doel is om die uitdagings wat deur die navorsing uitgelig word op so 'n manier te hanteer dat daar 'n positiewe verskil gemaak kan word in die lewens van kinders en jongmense in die gemeenskappe waar hulle woon.

> *Die idée was dat ons nou akademies sou bevestig dat 40 ontwikkelingsbates-raamwerk, kyk na die 40 bates en kyk na hoe kan ons dit implementeer en wat en so aan. And in terms of writing articles, you know speak to the youth, wat mense se aandag trek, wat nie vreeslik formele akademiese stukke werk moet wees nie. I don't know, I don't think we got this far. [Onderhoud 6]*

4.4.2 Tema 2: Resultate van die implementering van die Stellenbosch Batebou Netwerk

> *Die resultate . . . is maar moeilik. Ek dink met enige maatskaplike rigting, sosiale rigting weet jy mos nooit wat is die uitkoms nie en jy kan nie soos 'n produk wat jy*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *vervaardig dadelik die uitkoms sien nie. Jy sien dit maar eers na 'n periode van drie, vier jaar. So dis moeilik om resultate te kan identifiseer of om te kan sê dit is jy weet wat (Onderhoud 3).*

Soos hierdie deelnemer tereg sê, is die resultate van die Batebouers netwerk se werk nie eenvoudig om te bepaal nie. Dit is grootliks omdat daar nog nie navorsing gedoen is binne die konteks van die Stellenbosch Batebouersnetwerk om te ondersoek of die aksies van die Netwerk 'n noemenswaardige verskil gemaak het in die lewens van die mense wat betrokke is nie, met ander woorde of hul aksies gelei het tot 'n betekenisvolle toename in die veertig ontwikkelingsbates in kinders se lewens nie. In hierdie afdeling word daar 'n oorsig gegee oor die deelnemers se opinies oor die resultate van die Netwerk se aksies, soos dit uit die onderhoude na vore gekom het. Daar word eerstens gekyk na korttermynresultate, en daarna na moontlike langtermynresultate, soos gesien deur lede van die Batebou Netwerk.

Korttermynresultate

Die mees opvallende korttermynresultaat van die Batebouers netwerkse werk is dat die jeugbyeenkomste 'n groot aantal kinders in vakansies besig gehou het in gemeenskappe waar daar nie noodwendig baie aktiwiteite vir kinders is nie. Dit hou hulle van die straat af, plaas hulle in 'n veilige en gesonde sosiale omgewing en hou hulle weg van nadelige aktiwiteite af.

Langtermynresultate

Die grootste waarde van die projekte lê in die moontlike langtermynresultate wat dit mag hê. Die projek bou verhoudings tussen generasies en verskillende kulture in die gemeenskap. Die projekte ontwikkel ook praktiese vaardighede vir beide volwassenes en kinders, wat in die toekoms benut kan word. Een voorbeeld hiervan is die ontwikkeling van groepe en naskoolse aktiwiteite wat outonoom funksioneer, sonder die direkte leiding van die Batebou Netwerk. Die ontwikkeling van hierdie groepe skep ook selle waarmee die Batebouers netwerkin die toekoms kan skakel. Die volgende uittreksels uit die onderhoude ondersteun hierdie stelling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek weet nou spesifiek van een drama-groep byvoorbeeld in Idasvallei wat begin is as gevolg van hierdie projek, en wat nou nog loop. So daar is 'n handvol kinders wat middae aan 'n drama-groep behoort wat hulle 'n ander doelwit gee. Daar het in Vlaeberg 'n paar jeugdansgroepies ontstaan waar daar nie dansgroepies was nie, want hulle wou iets hê om deel te wees van die kompetisie. So toe skep hulle dit sommer en nou oefen hulle meer gereeld. Ek weet dat in 'n paar van die gemeenskappe is daar nou ook naskoolse aktiwiteite waar daar vroeër nie was nie, maar kyk dis nou alles as deel van ons groot wêreldbeker bewusmaking kanalisering, het al die klomp klein goedjies nou van dit losgekom. So naskoolse aktiwiteite wat nou in gemeenskappe bestaan waar daar nooit was nie, kinders om veilig na skool besig gehou te word. Nog vakansieprogramme wat aan die loop bly. Ek dink dit is amper die beste manier vir wat ons in Stellenbosch gesien het om die kinders te help, is om vir hulle besig te hou en geleenthede te gee na skool, en in vakansie. En om hulle aan te moedig om hulle passies bymekaar te sit en aan dit te werk, drama, dans, sport (Onderhoud 1).

Van die lede van die Netwerk het ook aangedui dat hulle 'n verandering in waardes kon oplet deur die optrede van ouers, familie en ander gemeenskapslede, soos die stelling van die volgende deelnemer illustreer. Hierdie nuwe uitlewing van waardes kan omskryf word in die taal van die Search Institute as dat meer ontwikkelingsbates in die gemeenskap gevestig is en sigbaar geword het.

So nou begin jy kry laat die pa en die pa's begin betrokke raak. Dis die eerste ding wat vir my gesê het laat hier rêrig 'n verandering kom. Jy't altyd die ma gekry, maar jy het nooit die pa gekry nie. Nou begin die pa's vergaderings bywoon . . .en die oumas en die oupas en so die ouergemeenskap het toe begin inkoop want hulle het die resultate gesien in die kinders wat nie meer die skollies is wat hulle altyd van praat nie en jou oorwegend blanke gemeenskap, wat ook in daai selle kompleks bly het ook begin minder rassisties raak. Hulle het ook begin, wat ek wil tog huiwering sê, om die ou Afrika-kultuur te kry van gemeenskap waar die mense inkoop in die gemeenskap. Nou begin die ouma vir die kind sê maar hoor hier maar dit wat jy doen is nie reg nie. Die ouma, die tannie sien die bure se kind wat verkeerde ding doen, nou begin hulle al gesamentlik verantwoordelik aanvaar vir die waardes wat daar aangaan. Vir die verkeerde goed soos hulle sê, om dit aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *te spreek. En dit het onmiddellik 'n positiewe resultate gehad, want nou begin almal inskakel (Onderhoud 2).*

Die aanhaling impliseer nog 'n moontlike resultaat van die projek, naamlik dat die gemeenskapslede eienaarskap aanvaar vir die probleme van die gemeenskap. Baie van die bates kan hierdeur in die gemeenskap gevestig word. Dit impliseer groei in ontwikkelingsbates 2 tot 4 van kategorie 1 van die eksterne bates, wat te doen het met ondersteuning van volwassenes aan kinders. Hierdie volwassenes kan deel wees van die kinders se onmiddellike familie, maar kan ook deel wees van die breër gemeenskap waarin die kinders woon. Verder ontwikkel bates 7 en 10 van kategorie 2 (bemagtiging), wat daaroor gaan dat die gemeenskap kinders as waardige lede van die gemeenskap waardeer en aanvaar en dat volwassenes 'n veilige omgewing help skep vir kinders om in te woon, asook bates 11, 13 en 14 van kategorie 3 (grense en verwagtings) wat handel oor hoe volwassenes kinders help om veilige grense te skep en kinders te help om te weet wat van hulle binne die grense verwag word.

Die projekgroepe wat steeds voortgaan met die projekte wat deur die Batebouers netwerkinisieer is, getuig ook daarvan dat eienaarskap in spesifieke gemeenskappe vir die versorging van die kinders aanvaar is. Dit geld veral ten opsigte van veiligheid en die stryd teen misdaad, soos die volgende persoon verduidelik:

> *Die vergaderings . . . se aard het geweldig verander. Die vergaderings het hulle (die kinders) nou skielik begin interessant vind. Nou begin hulle gemeenskaplike probleme aanspreek. Nou begin hulle om die veiligheid te bevorder. Nou begin die gemeenskap voel maar die polisie moet op 'n gereelde basis, eenmaal 'n maand kom kuier. . . . Hulle woon ons vergaderings by. Nou sê die mense, O.K. dit is die probleme wat ons het. Die polisie gee vir hulle 'n verslag van die misdaadsituasie in die omgewing. En die polisie sê vir hulle wat is die gevaarlike dinge wat, jy weet, hoe mense self misdaad aanhelp deur goed in karre te los en daai tipe goed (Onderhoud 2).*

Nog 'n resultaat is dat die projekte momentum optel, en dat deelname van 'n paar lei tot die deelname van meer gemeenskapslede. Die vorige deelnemer se stelling bevestig weereens die groter samewerking wat daar tussen die verskillende sektore van die gemeenskap is om die gemeenskap vir die kinders 'n meer positiewe omgewing te help

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maak. Dit mag daartoe selfs lei dat veranderinge vinniger begin plaasvind, soos die volgende aanhaling reflekteer:

> *En nou begin daar baie vinnig en dis interessant, dis soos 'n sneeubal effek, skielik begin dinge wat maande gevat het voorheen gaan nou sommer in 'n kwessie van twee, drie weke. Nou begin daar veranderings kom. So dit is wat ek sê wat nou vandat die gemeenskap begin inskakel het, kry jy die resultate, laat mense word sagter teenoor mekaar. Die mense begin . . . nou selfs help . . . met worsbroodjies verkope, sulke goed soos om gereeld . . . 'n bus te kry om die kinders uit te vat, om die ouer mense kerke toe te vat, en sulke tipe goed. Ons het 'n projek ook nou gekry waar die laerskoolkinders word aangery na hulle skole toe. So ons sit met waar dit op 'n stadium hier byna tien persent was, van ons laerskoolkinders wat ongereeld skool toe gegaan het, en nou is daar twee in die hele kompleks wat nog steeds die probleem het dat hulle nie wil skool toe gaan nie. So ek sien dit alles as gevolg van 'n beter waardestelsel van mense wat begin omgee, mense wat begin kommunikeer met mekaar, dit is waaroor die bates gaan.*

Die batebouers het dus reg te werke gegaan deurdat hulle eerstens mense uit die gemeenskap gekry het om deel te neem, die mense toe bemagtig het deur hulle te laat inkoop in die konsep van batebou en toe op lei, en gevolglik 'n gevoel van eienaarskap onder die mense aangewakker het, deur hulle deel te maak van die beplanning en implementeringsproses. Die betrokkenheid van die gemeenskapslede en hul aksies het oorgespoel na die res van die gemeenskap.

Uiteindelik toon die werk van die Stellenbosch Batebouersnetwerk die belangrike resultaat van bewusmaking. Dit sluit aan by die vorige resultaat. Die netwerk se aksies het die gevolg gehad dat dit belangrike kwessies na vore gebring het en veral die tekort aan bates uitgewys het. Gemeenskapslede het bewus geword van die stel bates wat nodig is in 'n gemeenskap:

> *Bate Bouers het gewys dat die oplossing is nie so kompleks nie. Die oplossing is eintlik eenvoudig. Die oplossing is nie om mense met doktersgrade, universiteitsgrade te kry om van buite af my probleme op te los nie. Die wat ons nou doen is in 'n baie groot mate om te fasiliteer, om brugbouers te wees, om die*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *hele gemeenskap te kry om net met mekaar te begin praat. Want eers as die gemeenskap met mekaar praat en saamstem oor die probleem en as 'n kind geïdentifiseer word wat op die verkeerde pad is . . . dan begin ouerhuise dink, dan begin hulle saampraat. En dit is die verskil wat ek voel die ontwikkelingsbatesraamwerk het, dit het dit baie makliker gemaak vir die verskillende komponente, die verskillende individue, die verskillende instansies in die spesifieke woonbuurt. Batebouers het dit makliker gemaak om 'n gesamentlike doelwit te kry en om mense te oortuig dat . . . jy gaan nie met polisie die ding uit polisieer nie. Die kerke, jy gaan nie, soos hulle dit baie lekker stel, die Christene inbring en ons met die Bybel teen die kop kom klap nie. Dit gaan oor daai basiese waardes, wat net eintlik neerkom op omgee vir mekaar (Onderhoud 3).*

Die ontwikkelingsbatesraamwerk het dus hier vir die gemeenskap die instrument geword waarmee hulle gemeenskapskwessies rakende kinders kon begin hanteer.

Die volgende deelnemer maak 'n belangrike punt in verband met 'n algemene resultaat van die batebouers se aksies:

> *Ek dink daar is 'n maklike manier om te sê hoor hier jy weet as jy op 'n 'way' vir 'n kind of vir 'n jeug iets doen . . . kom ons sê drie ure per dag aan hom aandag gee of hom help met huiswerk, dan is jy tog besig om bates te bou. Jy weet, en of jy dan nou jouself sien as 'n batebouer en of nie, dit is jou saak, maar punt is jy het op 'n 'way' het jy waarde toegevoeg tot daai kind se lewe en dit is nou seker dan maar toevallig maar, jy het op 'n way het jy netjies binne in die profiel ingeval of ingepas soos wat hierdie ouens navorsing gedoen het vir die veertig bates. So ja, ek dink die ding dat almal daarmee maklik kan assosieer maak dit ook maklik dat hulle sê hulle wil daaraan deelneem. En dis ook 'n ding van jy doen dit outomaties. Miskien hier en daar moet jy jouself instem of fokus daarop dat jy nou hierdie bates wil ontwikkel, maar meeste van die tyd as jy werk met jeug en jy wil waardes onder hulle verbreed, dan doen jy maar goeters, jy weet jy spandeer meer tyd met hulle per week. Jy help hulle met verskillende aksies, jy laat hulle meer deelneem aan verskillende aksies binne in die gemeenskap en so aan. So ja, so dit gebeur, jy weet, dan outomaties omdat jy regtig dit wil doen (Onderhoud 3).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As gevolg van die omvattendheid van die ontwikkelingsbatesraamwerk en die verskillende aspekte van die gewone, alledaagse lewe wat dit insluit, mag daar dus sekondêre gevolge wees van veral die jeugprogramme wat die ontwikkeling van sekere van die bates stimuleer. Voorbeelde hiervan is die ontwikkeling van verhoudings met ander volwassenes, ’n persepsie van ’n woonbuurt wat omgee, ouers se betrokkenheid in hul kinders se lewens, volwasse rolmodelle, die positiewe invloed van ’n portuurgroep, die skep van hoë verwagtinge, verantwoordelikheid, beplanning en besluitneming, interpersoonlike vaardighede, kulturele vaardighede, ’n ervaring dat die lewe betekenis het en ’n positiewe toekomsvisie. Al hierdie dinge verskyn op die lys van veertig ontwikkelingsbates van die ontwikkelingsbates-raamwerk, en alhoewel die jeugprogramme nie noodwendig direk hierdie vaardighede wil oordra nie, kan die bates wel as ’n indirekte gevolg van die programme gevestig word.

4.4.3 Tema 3: Voordele van die ontwikkelingsbatesraamwerk

Uit bostaande aanhalings is dit reeds duidelik dat die ontwikkelingsbatesraamwerk sekere voordele inhou vir die gemeenskappe wat dit implimenteer. ’n Belangrike voordeel wat uit baie onderhoude na vore gekom het, is die feit dat dit maklik verstaanbaar is en mense maklik aanklank vind daarmee. Van die deelnemers het ook genoem dat dit duidelike riglyne bied waarvolgens deelnemers hulle denke kon struktureer oor probleme in die gemeenskap en dat dit hulle dus gehelp het om sinvol oor die probleme te praat. Die volgende persone stel die saak in soveel woorde:

> *Ek dink die ding dat dit baie generies is, jy voel tuis, of jy voel jy kan jouself assosieer daarmee, sodat dit nie een of ander weird dogma is wat voor jou lê wat jy moet leer of heeltemal van voor af moet leer om actually te verstaan nie, of so nie. Jy resoneer sommer al klaar daarmee as jy net begin daarmee (Onderhoud 3).*

> *Die veertig bates as jy na hulle gaan kyk dan is dit eintlik logika. Jy hoef nie vreeslik slim te wees om daai goeters te weet nie. Ek wil nou nie afbreek maak aan die Search Institute nie, dit is eintlik logika, so behoort jy te leef. Dis ’n goeie manier om te leef, jy weet (Onderhoud 4).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *As jy die 40 bates gelees het ek bedoel dit slaan jou soos 'n hamer voor die voorkop. Dit is die beste formulering van common sense wat ek al gesien het (Onderhoud 10).*

'n Verdere voordeel van die ontwikkelingsbatesraamwerk wat blootgelê is deur verskeie lede van die Batebou Netwerk, is dat dit generies is of universeel toepasbaar is. Hulle sien dit dus as toepaslik op alle gemeenskappe, soos die volgende respondent verduidelik:

> *Weet jy, it doesn't matter what the context is, families remain families and children remain children and whether you're in Timbuktu or in Kakamas or wherever, children remain children en children het sekere goed nodig (Onderhoud 6).*

Die raamwerk word derdens as holisties gesien deurdat dit alle rolspelers en faktore in ag neem (Onderhoud 3). Dit word dus gesien as omvattend en gevolglik op die meeste lewensituasies van toepassing.

> *Al wat dit gedoen het, is dit het daai veertig waardes baie duideliker uitgebring. En of dit nou in die polisiëringsforum gaan en of dit in misdaadprogramme is, of dit in dwelmbehandeling is, daai waardes vorm 'n integrale deel van die totale prentjie, van die totale herstel (Onderhoud 2).*

> *Wat ek hou van die bates is . . . dat dit werk met kontekste. So dit werk met families, dit werk met skole en dit werk met buurte. En ek dink dat ons gaan dit in Suid-Afrika nie maak as ons nie kontekste gaan genees nie. En dit is belangrik om in die ouerhuis vir jou kind waardes of dan ook bates te leer. Maar daar is al hoe meer navorsing wat dui daar op, ek bedoel jy kan jou kind 'n baie definitiewe stel waardes leer, maar as jou kind voortdurend blootgestel gaan word aan kontekste, vriende, skole, omgewing. 'n Kind wat voortdurend blootgestel gaan word aan kontekste, wat daai waardes of bates uitkalwe, dan is die kanse baie goed dat jou kind een of ander tyd gepootjie gaan word daar deur, jy weet. So dit is, ek dink, een van die groot winspunte van die bates, dat dit spreek ook kontekste aan (Onderhoud 5).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vierdens word die ontwikkelingsbatesraamwerk gesien as ’n goed gegronde en geldige teorie omdat dit gebaseer is op meer as vyftig jaar se navorsing. Die feit dat die raamwerk teoreties getoets is en al elders positiewe resultate gehad het, gee die werk van die Batebouers netwerklegitimiteit en geloofwaardigheid.

> *Maar ek dink mense besef ook . . . die potensiaal en die waarde van die bates. En dat dit nie ’n soort van ‘fly by night’ ding is nie. As jy vat dit is oor meer as vyftig jaar onder iets soos 3 miljoen jongmense dat hulle hierdie bepaalde vrae gehad om te kyk wat ouers en volwassenes in gemeenskap doen en die invloed wat dit het op die jongmens. En uit dit alles uit het hulle hierdie veertig bates saamgevat. So ek dink mense besef die potensiaal en veral omdat dit gemeet is en jy die verskil in jongmense se lewe kon sien, besef mense dat dit kan individue maar ook gemeenskappe transformeer op die ou end. Dit is ’n getoetste ding en ek dink dit maak dat mense daarby betrokke raak omdat hulle besef dit kan deur gemeenskaplike werk mense se lewe verander. . . . dit gee legitimiteit, dit gee waardigheid, geloofwaardigheid.(Onderhoud 5).*

Nog ’n voordeel wat na vore gekom het uit die gesprekke met die lede van die Batebouersnetwerk is dat die ontwikkelingsbatesraamwerk ’n goeie kontrolelys is waarvolgens ’n mens programme kan implementeer (Onderhoud 1, 2, 10). Gevolglik word dit ook gesien as ’n goeie maatstaf waarvolgens programme evalueer kan word, vasgestel kan word of die programme die regte aspekte hanteer, en leemtes uitgewys kan word. Dit word ook gesien as maklik meetbaar, aangesien gemeenskapslede gevra kan word om af te merk watter bates aanwesig of afwesig in hulle gemeenskap is.

Laastens word die raamwerk gesien as ’n effektiewe raamwerk om tussen kinders en volwassenes se rolle te onderskei en gevolglike programme aan te pas vir elke teikengroep (Onderhoud 1). Dit word ook gesien as ’n raamwerk wat tussen generasies kan help verhoudings bou en tussen kulture brûe kan bou.

> *Baie ander raamwerke sal net sê die jongmense mis eerlikheid, hulle swoeg onder peer pressure hulle dit, hulle dat, dis baie probleem gefokus en dit is die goed wat aangespreek moet word in jongmense, hulle moraliteit, hulle is nie eties nie. So baie probleem gefokus en ek sou sê dit is miskien ’n . . . groot voordeel is dat die bate bouraamwerk ook fokus op watter soort ondersteunings prosesse daar moet*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wees vir die jongmense om daai goed te ontwikkel. Dis nie net probleem gefokus nie maar oplossing gefokus. (Onderhoud 1).

Die deelnemers van die Batebouersnetwerk was bykans eenstemmig in hul siening van die voordele van die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates vir die Suid-Afrikaanse konteks en vir verskillenede gemeenskappe binne daardie konteks. Die raamwerk is egter geensins ’n volmaakte oplossing vir elke probleem nie, en deelnemers het wel ook probleme met die implementering daarvan ervaar.

4.4.4 Tema 4: Probleme ervaar met die implementering van die ontwikkelingsbatesraamwerk

Die probleme wat deelnemers ervaar het, is waarskynlik nie beperk tot die implementering van die ontwikkelingsbates nie, maar struikelblokke wat elkeen wat as mens in ’n gemeenskap van mense werk, op een of ander stadium ondervind. Die vernaamste probleme wat deelnemers ervaar het, word vervolgens kortliks uitgelig.

Wantroue of weerstand deur gemeenskappe

’n Probleem wat dikwels gepaard gaan saam met gemeenskapsinteraksie of intervensie-programme is wantroue of weerstand vanuit die gemeenskap. Die volgende deelnemer meen dat dit grootliks die gevolg is van wantroue op grond van verdelings op grond van ras en geloof. Die deelnemer het egter ’n oplossing vir die probleem, naamlik volharding. Omdat hy/sy volhard het in sy/haar pogings, is vertroue opgebou in die gemeenskap.

Stellenbosch is ’n verskriklike interessante gemeenskap, maar ’n geweldige ingewikkelde gemeenskap. Want jy sit met alle lae van welvaart hierso. Jy sit met alle lae van geletterdheid hierso. Jy sit ook met omtrent alle kleure. . . . En ons groot voordeel is maar net ons het dit reg gekry om . . . nie in daai slagyster te trap nie . . . laat ons ook as ’n spesifieke groep beskou is nie. Jy weet die ‘ander’ . . . Dis ’n ander voordeel wat ek dink wat Voetspore ook gehad het, ek het van buitekant af gekom. Ek was ’n inkommer, maar ek het geen geraamtes in die kas gehad van ’n verlede om sê maar jy was saam met die klomp. So ons het neutraal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *ingekom, en deur genade is dit aanvaar. Ons en ons motiewe is aanvaar. Daar het rêrig na twee jaar het ek begin ervaar hulle begin glo ons doen dit rêrig omdat ons omgee. . . . Daar was baie keer beskuldigings van maar julle doen dit vir 'n kerk. Jy weet jy sit met die kleur-probleem. Dis nog steeds redelik dramaties want jy weet dis klomp 'whities' en daai tipe goed, dis die blanke kerke, dis die hoofstroomkerke. . . . as ek vandag weereens terugkyk op die vyf jaar wat ek nou al die projek aan die gang het, is dit eers hier in die tweede, derde jaar, wat die mense ons begin glo het. Omdat hulle ons heeldag sien, hulle is oortuig van hoekom ons dit doen. Daar's nie bybedoelings, daar's nie ander motiewe nie. Toe begin hulle ons vertrou. En dan begin hulle oopmaak, en die oomblik wat hulle met jou begin gesels, dan wil ek amper sê figuurlik gesproke, dan begin jy hulle taal praat. Hulle verstaan jou ook. Dan brug bou jy daai verhoudings met hulle wat hulle dan ontvanklik maak vir jou gedagtes en vir jou waardes (Onderhoud 2).*

'n Ander rede waarom gemeenskappe dalk weerstand mag bied, is vasgevang in die aard van intervensie-programme: dit wys probleme in die gemeenskap uit en fokus op tekortkominge in families. Mense kan dus beledig voel omdat hulle voel dat iemand van buite hulle persoonlike lewe "beter" wil maak.

> *Ek het selfs gehad dat hier in my eie gemeenskap, soos ek sê, ek is nie blind vir my eie gemeenskap se goed nie, het ek mense gekry wat my soort van geopponeer het toe hul gesê het 'man ons het nie goed nodig nie ons kinders is oraait'. Toe sê ek is jy seker? Gaan kyk na statistieke, gaan net in die skole gaan kyk maar wat vang die kinders deesdae aan so ver dit alkohol gebruik, minderjarige seks, dwelmgebruik aangaan. Jou buurman se kind of jou eie kind dalk. Moenie jou oë nou toemaak nie. Hierdie goed gebeur en of jy weet dit of jy wil dit nie weet nie, maar geen gemeenskap is op die stadium gevrywaar van die probleme nie. En dit was vir my eintlik skrikwekkend dat my eie mense gesê het nee hier is nie 'n probleme nie, maar hulle is soos 'n volstruis, sy kop in 'n gat druk dan sien jy mos niks nie, jy weet (Onderhoud 4).*

Gebrek aan samewerking tussen verkillende organisasies/groepe

Dit gebeur dikwels dat daar wanneer 'n nuwe inisiatief van stapel gestuur word, daar ander organisasies of groepe is wat reeds in die gemeenskap betrokke is. Die "nuwe"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

organisasie moet dus ook die vertroue en samewerking van hierdie organisasies bekom. Een van die grootste van sulke organisasies mag dalk die kerk wees, wat ook gewoonlik gefokus is op die probleme van die gemeenskap. Volgens verskeie deelnemers het dit voorgekom asof organisasies soos die kerk nie altyd bereid is om saam met die Batebouers netwerk te werk nie, moontlik omdat hulle vrees dat die Bate Bou Netwerk beheer by hulle wil oorneem of met hulle om fondse (of bronne van befondsing) sal kompeteer. Hieruit kan ons aflei dat fondse vir werk van sosiale of maatskaplike aard beperk is en dat dit eintlik ook vir die organisasies wat reeds daar werk 'n saak van oorlewing is. Hulle aanvanklike huiwering om saam te werk kan dus voortspruit uit vrees vir hulle eie toekoms indien hulle hul skaars hulpbonne moet deel. Dit word gesien as 'n groot versperring op die Batebouers netwerkse pad na sukses.

> *En wat nou stadig besig is om te gebeur, is dat al hierdie los drade, ek glo die sukses van die 'restourering' van die Stellenbosch-gemeenskap gaan afhang van die mate waar ons al die verskillende organisasies gaan kry om saam te werk. Want weereens nou kom ons terug na fragmentasie toe. Jy sit met vyf, hoofsaaklik vyf groepe. En dit is ongelukkig kerkgroepe ook. Primêr verskillende kerke wat aan die leiding van die groepe staan. Daai groepe is geweldig gefragmenteerd. Hulle kompeteer teen mekaar. En omdat hulle basies vir dieselfde, by dieselfde skenkers moet kompeteer om die fondse te kry. Nou wat dan gebeur is, dan is die fokus totaal op die groep en nie op die gemeenskap nie. So daai, ek wil amper sê daai kanker van wedywering en van kompetisie is van dag een af inherent in die ding (Onderhoud 2).*

> *En dit was miskien ook 'n bietjie van 'n sensitiewe situasie. Dat mense gesê het: 'Hoor, hierdie groep waar ek is, hier kan ons dit doen. Ek hoef nie aan jou netwerk te behoort nie'. Jy weet, so dit was ook iets wat ons die mense van moes oortuig. Ons wil jou juis daar waar jy is gebruik maar ons wil net hê jy moet deel van ons netwerk word want dan is daar 'n kommunikasie kanaal op en af. En ons moet 'n struktuur hê. . . . En as jy kommunikasie het om te doen, dan weet jy hoe om te kommunikeer, en hoe om terug te kommunikeer. . . . Dit help ook nie jy het 'n dryf in 'n ding en jy weet nie hoe suksesvol daai gemeenskapgroep daar in daai kerk is nie. Jy wil so nou en dan van hulle terug hoor en sê hoor hier ons het nou drie*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *vergaderings gehad en dit en dit bereik en ons het soveel mense gekry wat entoesiasties is en ons het dit of dat gedoen jy weet (Onderhoud 4).*
>
> *En dit is hoekom ek ook voel die een probleem wat ons nog bietjie sit met die batebouers met die konsep is om die bestaande organisasies, hetsy kerkgroepe, hetsy watse groepe hulle ook al. Hulle grootste vrees is lat die bate bouers, wil inmeng met hulle, met hulle projekte. . . . Hulle voel hulle is die hond en die bate bouers die stert. En die stert gaan nie die hond rondswaai nie (Onderhoud 10).*

'n Verdere probleem wat genoem is, is verdelings tussen gemeenskappe wat die aanbied van programme bemoeilik.

> *En nou sit jy ook met die verskillende kleurgemeenskappe. Jy weet Kayamandi, Cloetesville, Idasvallei. Dis een van die interessante situasies. Beide Cloetesville en Idasvallei is bruin gebiede. Maar hulle is absoluut teen mekaar. 'n Program wat jy in Idasvallei aanbied, Cloetesville se mense sal nie Idasvallei toe kom vir daai program nie. Jy moet hom by hulle gaan aanbied, want daar is ook 'n klasse-wedywering wil ek amper sê . . . en dit word dan ook deur die misdaadsituasie uitgebuit en vererger (Onderhoud 2).*

Waarskynlik lê hierdie probleem dus eintlik in die gemeenskap en nie in die ontwikkelingsbatesraamwerk nie. Die uitdaging vir die batebouersnetwerk is egter om aan die gemeenskappe te bewys dat hulle juis die verdeeldhede wil oorbrug.

Nie genoegsamen fondse en beperkte tyd

> *Daar was so baie dinge wat ons wou doen maar ons net nie die 'bling' . . . hulpbronne nie. Dis regtig 'n kragtige stuk gereedskap, maar ons het nou maar eenmaal 'n voltydse administrasie persoon nodig. Maatskaplike werker om die ding te doen (Onderhoud 10).*

Soos enige NRO, is die Batebouers netwerkafhanklik van befondsing om te funksioneer en om projekte te loods. Soos die bogenoemde deelnemer dit ook stel, is sekere voltydse werkers nodig om 'n sukses van die Netwerk te maak. Alhoewel baie take deur vrywilligers verrig word, het die gebruik van vrywilligers ook 'n beperking:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dan moet 'n mens ingedagte hou dat hierdie mense moet op 'n manier moet hulle ook kos op hulle tafel sit. Jy weet hierdie ding is 'n baie vrywillige storie, so jy weet vir my wat nou dit voltyds doen is ek gelukkig dat ek mense het wat my voltyds kan ondersteun om gemeenskap werk te doen, maar jy weet hierdie ouens moet 'n werk of 'n ding op 'n manier in die hande kry. So hulle moet kyk na hulle eie behoeftes ook (Onderhoud 3).

I can also do with money. Ons is creators van groot 'wat ook al', maar jy kan nie alles uit niks uit kry nie. So iewers moet 'n mens geld kry (Onderhoud 6).

Wat hier gebeur het is dat die meeste mense het aan al die goed deelgeneem vrywillig. Nou jy kan vrywillig wees as jy dit doen van uit jou surplus uit, maar as jy nie 'n surplus het nie dan moet jy betaal word daarvoor anders kan jy nie deelneem nie. Anders moet jy êrens anders gaan soek vir brood op jou tafel. En dit is wat met die navorsingspan gebeur het. 'Pieter' het nie gewerk nie, 'Sannie' het nie gewerk nie, sy het gewerk maar sy is nie betaal nie. Ek het op daai stadium . . . êrens weer begin 'n inkomste kry. 'Koos' was die enigste ou wat deurlopend betaal is die hele tyd. Jan het 'n werk. En daai dinamika het ons begin inhaal, want die ouens wat nie 'n werk gehad het nie het gesê hulle kan nie hier kom sit vir 'n uur lank en gesels nie, hulle moet gaan werk. Hulle moet gaan werk soek (Onderhoud 10).

Soos baie ander gemeenskapsprojekte, is die aksies van die Batebouers netwerk afhanklik van vrywilligers en hul deelname. Soos bogenoemde aanhaling illustreer, het die vrywilligers ook behoeftes. Vir dié wat werkloos is, is geld 'n probleem en dit kom nie voor asof die Netwerk genoegsame fondse het om hulle deurgaans te ondersteun nie. Verder moet hulle natuurlik ook 'n groot deel van hulle tyd gebruik om werk te soek en kan hulle nie onbeperkte tyd aan die Netwerk afstaan nie. Vir die vrywilligers wat wel werk, is tyd ook 'n kwessie, aangesien hul baie van hul tyd aan hulle beroepe spandeer en dus minder tyd het om aan die Netwerk te gee. Suid-Afrika het 'n hoë werkloosheid en armoedesyfer en hierdie harde feite dit mag vir gemeenskappe in hierdie konteks moeiliker maak as vir gemeenskappe in geïndustrialiseerde lande soos die VSA om langtermyn vrywilligers vanuit die gemeenskap te bekom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *As gevolg van die werkloosheid en die armoede sal iemand nie vir jou baie maklik iets verniet doen nie, jy verstaan. . . . Tot 'n sekere mate kan jy ook vir die mense deesdae nie meer kwalik neem nie want nêrens kry hy iets verniet nie, jy sukkel deesdae om 'n koerant te kry . . . (Onderhoud 8).*

Een van die deelnemers het ook gewys op die moontlike gevaar van die Batebouers netwerk te kommersialiseer, en op die probleme wat dit kan veroorsaak.

> *Jy moet nie die batebouersnetwerk hoegenaamd aan enige kommersiële belang koppel nie. Want sodra jy dit doen, dan het jy 70 verhale en ander lang stories. Jy moet dit nie doen nie. Verseker nie. En hier 2010 het ek maar geëksperimenteer met hoe kan 'n mens die batebouersnetwerk kommersieel volhoubaar maak. Ons het byvoorbeeld die vraag gevra as ons met die ouers wil kommunikeer en vir hulle 'n SMS stuur en vir hulle se jy moet 'n Batebouer wees en jy kan op hierdie manier 'n Batebouer wees dan kos dit geld. Nou jy betaal daarvoor. So ek het toe borge gaan soek daarvoor. Toe kom ek by een besigheidsman en hy se vir my maar hy gaan nie hiervoor betaal nie, want dit gaan die stert word wat die hond gaan swaai. Dit gaan belangriker word as die saak. Die geld vir die boodskappies gaan belangriker word as die saak van die 40 bates. So toe hy dit nou vir my sê toe begin ons ondersoek instel in die waarheid van hoe kan jy die storie kommersialiseer en dit nuttig maak. . . Maar sodra jy dit doen dan begin jy ander mense uitsluit. En sodra jy dit doen dan verloor hulle belangstelling en sodra jy dit doen dan het jy nie meer daai sinergie daai sneeu bal effek waarmee jy werk nie. So al wat ek weet is dat jy moet dit nie kommersieel maak nie. Definitief nie. Nou iemand moet nog steeds betaal vir die boodskappe. So 'n mens moet een of ander plan maak. En dis miskien 'n NGO of 'n NPO . . . Dis waarskynlik die regte manier om dit te doen. Maar moet nie probeer om geld te maak daaruit nie (Onderhoud 10).*

Belangrike probleme kom nie onder die soeklig nie

Een van die deelnemers was taamlik skepties oor die werk van die Batebouersnetwerk en die essensie van sy argument is 'n probleem wat baie intervensie-programme pla, naamlik dat die programme uiteindelik nie die belangrikste probleme in die gemeenskap hanteer nie:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kyk om te leer lees is nie 'n speletjie nie. Dit is 'n werk. Maar om betrokke te wees by 'n aktiwiteit waar jy iets bemeester is nie sleg nie. Dit doen jou goed. En as daai kind dan aan dié einde van die tydperk beter kan lees en hy kan sy skoolwerk beter doen en hy kan die einde van die jaar sy standard slaag. Dan is daar geen vergelyking in die genotswaarde tussen dit wat ek gedoen het toe ek sy lees verbeter het, en speletjies speel nie. Dit is net, om 'n graad te moet nie deurkom nie, dit moet baie sleg wees. Dit moet verskriklik sleg wees. Dit is so sleg dat hulle konsert hou en wat alles, om nie te wys hoe sleg hulle voel nie. Hy moet sy rapport vir sy ma en pa gaan wys. Hy't nie geslaag nie. Jy kan mos dink wat word daar gesê. Dis nie lekker nie, maar om deur te kom en hierdie goed te vermy dit is vir my die positiewe waarde van 'n ding soos leer lees as ek dit vergelyk met, ek het nou die hele vakansie, 3/4 weke tyd en ek het die kaskar gebou en ek het daai song gesing en ek het soveel kos geëet en soveel dit en dit en dit gedoen, dit was nou lekker vir 3 weke lank en dan kom ek terug skool toe en die einde van die jaar kom ek nie deur nie. So wat het die grootste genotswaarde? Dis nie vir nou net lekker in en wow wow wow nie. Die lekker is ingebou in 'n jaar se harde werk. Die lekker is ingebou en nou kan ek 'n boek van die rak afhaal en daar's 'n boek oor Ierland en nou gaan ek lees oor Ierland (Onderhoud 7).

Die deelnemer impliseer dat die vakansieprogramme van die Batebouers netwerk nie noodwendig fokus op dit wat nodig is vir die kinders en die gemeenskap nie. Alhoewel dit net sy/haar opinie mag wees, beklemtoon dit wel weer die punt dat daar 'n groot behoefte is aan navorsing om die tekortkominge in 'n gemeenskap te identifiseer voordat daar met 'n projek begin kan word. Hierdie punt sluit aan by 'n spesifieke probleem met die ontwikkelingsbates-raamwerk wat in die volgende afdeling behandel sal word, naamlik dat dit nie 'n praktiese handleiding het om implementering te lei nie en dus ook nie aandui watter bates voorkeur moet kry bo ander nie.

Leemtes in die ontwikkelingsbatesraamwerk

Alhoewel nie baie deelnemers aan die onderhoude leemtes in die ontwikkelingsbatesraamwerk kon noem nie, het daar wel 'n paar kwessies na vore gekom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voeding en gesondheid kom nie ter sprake nie

Vanweë die unieke Suid-Afrikaanse konteks met sy hoë vlakke van werkloosheid en armoede is daar moontlik ’n groter bewustheid van kinders se basiese behoeftes as in ’n ontwikkelde land soos die VSA. ’n Mens se mees basies behoeftes word gewoonlik beskou as die behoefte aan voedsel, skuiling en veiligheid en daar moet eers aan hierdie behoeftes voldoen word voordat ’n mens aan ander behoeftes aandag kan skenk. Die ontwikkelingsbatesraamwerk fokus nie eksplisiet op faktore soos voeding en gesondheid nie, en sommige deelnemers het dit uitgewys as ’n moontlike leemte in die raamwerk.

> *Een groot en belangrike leemte is dit spreek nie basiese gesondheid en higiëne aan nie. . . . Dis ’n bietjie subtiel. Ek bedoel ’n veilige omgewing moet ook veilig wees van kieme, virusse, jy weet basiese aid awareness. Jy weet basiese gesondheid goeters. Net van gesond eet en van gesond leef en hande was en toilette spoel. Daai basiese goed . . . is afwesig in die bates raamwerk. Behalwe as jy weet jy moet dit inbou en jy moet dit onder van die ander bates verstaan (Onderhoud 1).*

> *Ons het reeds byvoorbeeld gaan kyk na een van die bates wat ons nodig het, is voeding. Dit is baie belangrik, en ook higiëne. So in die opsig het ons al ’n bietjie begin kontekstualiseer, maar dit is interessant dat die res van die goed wat daar (VSA) geld, geld eintlik ook maar hier (Onderhoud 5).*

Hierdie aanhaling wys dat die implementering van die ontwikkelingsbatesraamwerk vereis dat implementeerders of gebruikers daarvan kultuursensitief moet wees en bedag moet wees op die sterk punte sowel as die leemtes wat die raamwerk vir hulle konteks het.

Dit kom dus voor of die rolspelers in die Stellenbosch omgewing tot die slotsom gekom het dat hulle ook moet omsien na die basiese behoeftes van hul gemeenskappe, naamlik opvoeding en veiligheid, wanneer hulle die ontwikkelingsbatesraamwerk wil implementeer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ontwikkelingsbatesraamwerk sluit nie die waarde van respek in nie

'n Verdere aspek wat volgens lede van die Batebouersnetwerk nie sterk genoeg na vore kom in die ontwikkelingsbatesraamwerk nie, is die waarde van respek, beide vir ander mense en die natuur. Volgens die volgende aanhalings is dit egter moontlik om hierdie aspek in die programme in te bou; die lede van die Batebouers netwerkhet dit trouens reeds gedoen:

> *Wat ons ook wel gedoen het, is ek probeer nou dink as ek dit reg het, in die bates kom respek nie as 'n waarde voor nie en ons het respek ook ingebring . . . Want ons het byvoorbeeld in 2009 'n skryfkompetisie gehad net in die Wes-Kaap onder graad 7's en graad 9's en graad 12's. En dit het alles oor waardes gegaan. Ons het dit 'n skryfkompetisie genoem maar . . . die temas was geformuleer rondom bates. En die een waarde wat absoluut deurgaans sterk na vore gekom het, is die waarde van respek. So in ons konteks is daai spesifieke waarde 'n doelstelling en daarom het ons dit ook ingevoeg in die werk boekie waarmee ons werk. En dit is interessant by die Search Institute verskyn hy nie as een van die bates nie. So ek dink mens moet kontekstualiseer (Onderhoud 5).*

> *Ook die ander ding wat vermis word uit die veertig bates is 'n bewustheid van die belang van die natuur. Daar is nie 'n bate wat sê pas jou omgewing op nie. Maak jou rivier skoon nie. . . As jy dit weet dink ek jy sou dit kon inbou in die ander bates. Respek kan jy versprei van respek tussen mense na respek vir diere en vir die natuur. En om die waarheid te sê ons het dit gedoen in ons programme (Onderhoud 1).*

Wie moet die gesprek aan die gang sit?

Lede van die Batebouersnetwerk het dit ook as 'n leemte ervaar dat die raamwerk vaag is oor wie gesprekke of inisiatiewe ten opsigte van die aanwend van die raamwerk in 'n gemeenskap behoort te begin. Die volgende respondant som die saak so op:

> *Want die dominee en sy kerkraad is baie swak deelnemers in die batebouers-konsep. Maar die dominee moet daai suurdeeg laat deursuur in sy gemeente in. Dat die gemeente inkoop in hierdie konsep, en dat die gemeente deel, in hulle*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap waar hulle elke dag Maandag tot Saterdag beweeg, daar moet hulle die bate, die batebouerskonsep, die waardes uitdra (Onderhoud 2).

Bogenoemde stelling onderstreep die belangrikheid dat die paradigmaskuif oor die bates ook eerste in die harte van die leiers behoort te leef voordat dit in die res van die gemeenskap kan leef. Veral in gemeenskappe soos Stellenbosch waar nuwe idees of konsepte met agterdog begroet word, is die kanse groter dat dit aanvaar sal word deur die gemeenskap indien die leiers in die gemeenskap eerste die boodskapdraers van nuwe inisiatiewe word.

By die gesprek oor die leemtes in die ontwikkelingsbatesraamwerk moet egter ook genoem word at die implementering van die raamwerk aanvanklik nie die doel van die Stellenbosch Batebouersnetwerk was nie. Hulle wou dit slegs gebruik as denkraamwerk om in ag te neem wanneer programme ontwerp word, en nie noodwendig as uitkomste wat gemeet moes word nie. Dit is dalk hier waar deel van die dilemma van die Batebouersnetwerk lê. Die Search Institute het beskikbare kontrolelyste wat gemeenskappe help om te kan meet watter bates en hoeveel daarvan beskikbaar is binne gemeenskappe. Dit help die gemeenskap om behoeftes in die gemeenskap te indentifiseer en dit dan in ag te neem wanneer hulle besluit watter bates om in die gemeenskap te ontwikkel (Search Institute 2006a).

4.4.6 Tema 5 - Voorstelle vir die pad vorentoe

Die Batebouers netwerkhet sekere leemtes in die batebounetwerk geïdentifiseer en het voorstelle vir die hantering daarvan aan die hand gedoen. Dit het as laaste tema in die onderhoude na vore gekom, en hierdie voorstelle word vervolgens bespreek. Afleidings wat die navorser uit die ondersoek en uit die onderhoude gemaak het, word ook kortliks belig.

Samewerking tussen verskillende rolspelers in die gemeenskap en samelewing

Die ontwikkelingsbatesraamwerk kan slegs suksesvol aangewend word as die deelname van verskillende rolspelers in en om die gemeenskap verkry word. Op gesinsvlak vra dit ouers om betrokke te raak in hulle kinders se lewens. Hulle moet dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die begin af ingesluit word in die programme wat daarop gemik is om sekere bates in kinders se lewens te vestig. Een deelnemer verwoord die saak soos volg:

> *Wat is daai minister van onderwys, ek dink dit is in Gauteng wat sy gepraat het, en toe word dit gesê dat hulle vind dat ouers dink hulle verantwoordelikheid is om 'n kind in 'n skool uniform te sit en hom vir die skool te gee dat die skool van hom 'n mens maak. Dis nou net daar waar die probleem kom. En ek dink die ouerhuis, dis hoekom ek gesê het die volwassenes moet betrek word. Die ouerhuis is die begin van alles. Soos hulle ook daar weer gesê het, 'n kind van twee, drie dis wanneer jy al jou saadjies begin plant. Nie as hy sestien of ses is en al begin skool toe gaan nie. Daar van kleins af al daar word dinge aan hom geleer. So ons het eers nodig om die ouers te leer sodat hulle weet wat om hulle kinders te leer. Ouerskap daar is mos nie 'n manual daarvoor nie en as jy self groot geword het waar daar nie veel vir kinders gedoen word ingesit is nie, help dit nie. Huiswerk, en alle rande goeie waardes geleer is, tafel manier geleer is. Ons het nog aan tafel geëet. Tafel maniere, messe en vurke jy weet, word dit nog gedoen in ouerhuise. Dis nou 'n baie eenvoudige voorbeeld maar dit illustreer net die belangrikheid van hoe kinders grootgemaak word. daai ouens gaan ouers word (Onderhoud 4).*

Die punt wat hierdie deelnemer maak, sluit aan by die holistiese aard van die ontwikkelingsbatesraamwerk, daardie eienskap wat dit juis volhoubaar kan maak. Dit is dus nodig dat alle rolspelers binne die familie betrek sal word om die beste invloed op kinders te verseker en om dit volhoubaar te maak. Om gesinslede betrokke te kry, is die begin, maar nie die enigste vereiste nie. Soos vroeër in die hoofstuk vermeld is, is die samewerking van al die rolspelers in die gemeenskap uiters belangrik. Al die sektore in die samelewing moet dieselfde boodskap leef, en dit is dat hulle die gemeenskap 'n meer positiewe omgewing vir kinders wil maak.

> *Ons het besef dat 'n enkelgroep nie die oplossing is nie. Die oplossing is nie in finansies of wat ook al nie. Dit is 'n baie breë front van probleme wat aangespreek moet word, maar dan ook vertikaal in alle ouderdom groepe. Jy kan nie konsentreer op skoolkinders nie. . . Veral jou jongmense het ek ondervind is soos sponse, hulle suig alle inligting baie vinnig en gretiglik op. Die oomblik wat hulle begin verander, toe vind ons dan word hulle 'n bedreiging vir die pa of die*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *ma of die res van die mense waar hulle bly. Want nou begin hulle waardes aanhang en so. En so dit het ons toe gelei tot by die punt om te sê, basies dieselfde program moet op alle vlakke van ouderdomme gedoen word (Onderhoud 2).*

Hieruit is dit duidelik dat daar nie net op een groep in ’n gemeenskap gefokus kan word nie, en dat organisasies nie in isolasie van mekaar kan werk nie. Gemeenskapswerk in die breë en kinderbediening in die besonder is slegs volhoubaar indien samewerking tussen verskillende rolspelers in die gemeenskap gefasiliteer kan word. Die bou van netwerke is dus ’n integrale deel van die implementering van die ontwikkelingsbatesraamwerk. Een organisasie of groep kan onmoontlik by almal in 'n gemeenskap uitkom. ’n Netwerk van organisasies wat dieselfde doel het en dieselfde boodskap oordra, kan egter meer suksesvol wees. Samewerking tussen organisasies het die verdere voordeel dat enige program waar daar interaksie tussen die verskillende dele van die gemeenskap plaasvind terselfdertyd die ontwikkeling van die bates by kinders stimuleer.

> *Die kritieke punt is weereens . . . die batebouerbeweging se een groot prioriteit . . . is om die verskillende gemeenskapsorganisasies en groeperings te oortuig dat batebouers wil waarde toevoeg tot hulle. Batebouers wil vir hulle boublokkies gee, want die meeste mense sien ’n bedreiging in organisasies soos Batebouers want hulle vrees is, batebouers wil nou inkom, batebouers wil vir hulle dikteer wat om te doen, en batebouers wil hulle gemeenskapsprogramme oorneem. Ek is dankbaar om te sien dat daar is baie van hulle wat reeds begin het om batebouers te glo . . . (Onderhoud 2).*

’n Voorbeeld van ’n organisasie wat deur die Batebouers netwerk se lede geïdentifiseer is as besonders belangrik om mee saam te werk, is die kerk. Die volgende deelnemer verduidelik dit so:

> *Die grootste plek myns insiens waar batebouers homself moet vestig eers is by die kerke. Ja, dit gaan tyd neem, en die tyd wat dit gaan neem glo ek gaan in ’n groot mate bepaal word deur fondse. Want fondse, kan jou in staat stel om meer personeel te kry, om die skakeling te doen. Ons sal moet geweldig sterk skakeling doen, en die rede hoekom ek die kerke as seker die belangrikste komponent sien*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *in die sukses van Batebouers is, in jou kerkgemeenskap sê my verstand vir my dat 60%-70% van jou gemeenskap sit elke Sondag in 'n kerk. Dis die een plek waar die grootste deel van die gemeenskap baie gereeld op 'n weeklikse basis bymekaar kom. So, dan moet jy die kerke oortuig tot op die punt waar die dominee bereid is om te sê hy gaan hierdie 'n gemeenteprojek maak (Onderhoud 2).*

Dit is ook belangrik om ondersteuning van buite die gemeenskap te kry, vir beide kundigheid en fondse.

> *Nou so hierdie konsep moet uitbeweeg in 'n tipe selgroepe waar ons later in die verskillende beroepe mense kry wat kan inskakel. Want elkeen het 'n deel van die oplossing vir hulle. En ek wil sê as ons dit kan doen, dan het ons die, volhoubaarheid. Dan as ons net op daai pad gaan. Ons sal moet verskillende vlakke Batebouers ontwikkel. Jy moet die beleidmakers hê. Batebouers moet 'n vlak bo hê wat luister na wat die praktiese probleme is en op daai boonste vlak gaan die mentors van die Batebouers, na die universiteite toe om te sê help ons hiermee, want jy't navorsing nodig . . . (Onderhoud 2)*

> *Ons het vir hulle gesê kyk in jou gemeenskap wat het jy. Jy kan nie van eksterne funding afhanklik wees nie, jy kan nie van de World Cup afhanklik wees nie, wat jy nodig het moet jy in jou gemeenskap kry of jy moet weet hoe om dit te vra van 'n standhoudende source. Partner met mense buite jou gemeenskap, local partners nie ouens wat gaan hier wees vir die world cup en dan weg nie. (Onderhoud 4)*

Kontekstualiserng van die ontwikkelingsbatesraamwerk

Deur die rolspelers uit die verskillende vlakke by die proses te betrek, kan beter gesprekke gevoer word en navorsing gedoen word oor die regte invalshoek vir die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk vir die betrokke konteks. Elke gemeenskap is uniek en die ontwikkelingsbatesraamwerk word nie op dieselfde manier in elke deel van die wêreld waar dit gebruik word, geïmplementeer nie. Die vraag is of daar binne die konteks van die Stellenbosch Batebouersnetwerk 'n handleiding geskryf moet word oor die implementering daarvan en of daar liewer prosesse in gemeenskappe ontwikkel moet word sodat elke gemeenskap die raamwerk vir sy unieke konteks kan aanpas. Moet daar navorsing gedoen word of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet ’n bloudruk geskryf word waarvolgens gemeenskappe die raamwerk kan implementeer? Die deelnemers aan die onderhoude beskryf die ontwikkelingsbatesraamwerk as “universeel”, “common sense” en “logies”. Soos in die afdeling oor voordele van die ontwikkelingsbatesraamwerk bespreek is, word die generiese aard van die ontwikkelingsbatesraamwerk en die gevolglike oordraagbaarheid na verskillende samelewings as ’n voordeel gesien. Alhoewel die konsepte generies mag wees, is die toepassing nogtans nie eenvoudig nie, soos hierbo aangetoon is. Die teorie is dus oordraagbaar, maar nie noodwendig die bronne wat benodig word om dit toe te pas nie. Hierdie uitdaging is egter nie onoorkombaar nie. Die voorbeelde wat vanaf die webwerf van die Search Institute verkry kan word, vertel hoe wyd uiteenlopende gemeenskappe wat die ontwikkelingsbatesraamwerk gebruik, dit binne hulle konteks implementeer en benut. Dit sou kon dien as basis vir gesprekke oor die kontekstualisering van die Ontwikkelingsbatesraamwerk. Wat egter nie moet gebeur nie is, dat gemeenskappe probeer om die gevallestudies net so toe te pas en nie die beginsels agter die gevallestudies gebruik vir die proses van kontekstualisering nie.

> *Ja, ek dink dit is generies genoeg. Ek dink jy moet natuurlik net kom ons sê kultuur relativisties daaroor dink. So dit is maar ’n ding van jy moet kyk, jy weet, hoe lyk die kultuur waarbinne jy dit wil implementeer. Jy moet eers die kultuur baie goed ken. So hierdie is alles goed en wel maar jy gaan nog steeds die kultuur moet verstaan oor hoe die bates kan manifesteer binne in die kultuur. En hoe dit ‘actually’ vir mekaar kan aanvul op die ou einde van die dag. Dit gaan maar net oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. So wat ek in een, kom ons sê kultuurgroep, sal doen om een van die bates te bevorder, sal ek nie noodwendig op dieselfde manier in ’n ander kultuur kan doen nie. Kom ons sê onder jou swart gemeenskappe kry jy kwaito, dis ’n ongelooflike trekpleister vir hulle wat ’n mens kan gebruik, waar as jy nou weer iets soos sokkie, jy weet, soos wat wat wit mense aan gewoond is, hulle gaan nou weer nie kwaito verstaan nie. Maar . . . daar’s verskillende ‘ways’ hoe ’n mens hieroor kan dink. . . . So en hierdie goeters veral die veertig bates is nou wel opgestel op ’n baie generiese model, so jy kan dit implementeer maar hoe dit op die ou end van die dag gesien gaan word en hoe dit geïmplementeer gaan word, fisies, prakties*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dink ek gaan op ’n paar verskeie maniere gebeur en gesien word. . . (Onderhoud 3).

Eienaarskap van die gebruik van die 40 Ontwikkelingsbatesraamwerk

’n Belangrike aanduiding van die batebouers se sukses in Stellenbosch is die vorming van outonome projekgroepe wat die missie van die Batebouers netwerk op hulle eie uitvoer. Dit blyk dat die opleiding wat aan die volwasse vrywilligers uit die gemeenskappe verskaf is, hulle bemagtig het en die vrymoedigheid gegee het om self verdere programme aan te bied in hulle gemeenskappe. Die pad na volhoubaarheid lê definitief in die feit dat die beheer van die projekte nie net by 'n uitgesoekte paar lê nie, maar dat die gemeenskap verantwoordelikheid aanvaar vir projekte.

Die restourasie behels dat die gemeenskap . . . moet in hulleself begin glo. . . . Daai woonbuurt moet verantwoordelikheid aanvaar vir daai woonbuurt en dit moet gelei word deur die mense van daai woonbuurt, nie buitestaanders nie. En met alle respek dink ek is dit die groot probleem wat in Kayamandi byvoorbeeld heers. Die meeste van die vyf groot groepe wat ek genoem het wat baie aktief daar is word gelei deur mense wat uit ’n ander gebied. In die oggend ry hulle, hulle gaan Kayamandi toe, hulle sit in die kantoor en vanaand gaan hulle uit. En dis hoekom hulle nie die noemenswaardige of die resultate so maklik bereik wat hulle graag sou wou bereik het nie (Onderhoud 2).

Die programme wat aangebied is, is so gestruktureer dat dit mense uit die gemeenskap bemagtig het om self in hulle gemeenskappe te gaan werk. Met die ondersteuning van die Batebouers netwerk het hierdie projekspanne suksesvolle programme aangebied, wat waarskynlik vir hulle die selfvertroue gegee het om die proses verder te voer. Dit is moontlik ’n aanvaarbare aanname dat gemeenskapslede dikwels bewus is van probleme met die jeug maar nie noodwendig weet hoe om te werk te gaan om dit op te los nie. Die Batebouers netwerk het egter die proses geïnisieer en vir die volwassenes van die verkillende gemeenskap die gereedskap gegee om probleme op ’n kreatiewe en georganiseerde manier aan te pak. Hierdie aspek maak die proses volhoubaar: Die Batebouers netwerk hoef nie die proses konstant te dryf nie, want die gemeenskap aanvaar die verantwoordelikheid van eienaarskap en bestuur hul eie proses.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit gaan oor die mense in wie jy invest, dit gaan oor om mense te laat verstaan dat hulle is die mense wat die verskil gaan maak in die gemeenskap. En so met die veertig bates kan hulle 'n baie duidelike verskil maak. So dit gaan nou oor die individue moet regtig voel dat hulle word bemagtig in die proses sodat hulle kan eienaarskap neem en dat hulle 'n passie kan ontwikkel vir hulle gemeenskap (Onderhoud 3).

Navorsing

Die volhoubaarheid van die ontwikkelingsbatesraamwerk is opgesluit in die resultate wat dit in die lewens van die verskillende teikengroepe het. As die programme wel 'n effek gehad het en die uitkomste bereik is, dan sal dit die bates van die teikengroepe beïnvloed en vestig, sodat dit dan oorgedra kan word na ander mense in die gemeenskap en selfs die volgende geslag. As programme suksesvol is, word bates oorgedra, gevestig en uitgeleef, en word die stelsel volhoubaar. Navorsing is dus noodsaaklik, verkieslik in die vorm van voor- en natoetsing, om die impak te meet. 'n Ander moontlike tipe navorsing wat hieruit voortvloei, is navorsing oor die suksesvolle implementering van die batebounetwerk op ander plekke, sodat die resultate die implementering in die Suid-Afrikaanse kan belig en bevorder. Vergelykende studies oor die implimentering op verskillende plekke en kontekste is ook moontlik.

Daar het ons byvoorbeeld agtergekom maar jy sit met laerskoolkinders wat nie meer skool toe gaan nie. En toe ons nou ondersoek instel, hoekom gaan daai kind nie skool toe nie, toe deur kundiges wat ek baie bevoorreg was om te geken het, in samewerking met die universiteit, het hulle ingegaan op die probleem, toe vind hulle uit, en dis hoofsaaklik ongelukkig in ons voorheen benadeelde groepe, . . . hulle kan basies nie lees nie. Dis nie dat hulle dom is nie, maar as gevolg van wanvoeding, nie ondervoeding nie. En nou sit jy met 'n ander redelike probleem in die Wes-Kaap. Die voorkoms van fetale alkohol sindroom in 'n mindere of meerdere mate. Jy sit met geweldige morele en maatskaplike probleme in huise wat geweldige gevolge op die klein kindertjies het, jou voorskoolse kinders. En dan kom jou kind in die skool en hy begin met 'n agterstand, want hy kan reeds nie lees nie, nou raak hy al hoe verder agter. Nou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *word hy in die oë gesit soos hulle sê, en hy word 'n bespotting van gemaak en dan is dit vir hom baie makliker om nie skool toe te gaan nie, want dan raak hy onmiddellik in bende aktiwiteite betrokke en van daar af is dit net een pad. . . . So vandat ons dit geïdentifiseer het dat die kinders doen swak in die skool omdat hulle nie kan lees nie het ons 'n program begin om hulle die basiese leesvaardighede weer aan te leer (Onderhoud 2).*

Daar is ook moontlik 'n behoefte om die bates te rangskik in 'n hiërargie van belangrik tot mins belangrik. Basiese behoeftes soos voeding en leesvaardighede moet eers aandag kry voordat dramaprogramme aan die orde kan kom. Op hierdie gebied kan navorsing lig werp op die wyse waarop die raamwerk in 'n spesifieke gemeenskap geïmplenteer behoort te word.

'n Konsep wat moontlik aansluit by navorsing is die ontwikkeling van gebruikersvriendelike publikasies wat versprei kan word onder predikante en hul gemeentes. Gesprekke met deelnemers het aan die lig gebring dat hulle reeds 'n informatiewe handleiding uitgereik het en ook 'n meer omvattende handleiding beplan wat gestruktureer sou word rondom dagstukkies oor elke bate (Onderhoud 5). Die hoop is uitgespreek dat predikante hulle preke om die bates sal begin struktureer en sodoende die boodskap vanaf die preekstoel aan gemeentelede oordra.

> *Ek hoop wat Batebouers baie vinnig kan doen is om 'n vorm van 'n handleidinkie saam te stel, wat jy probleme identifiseer en sê wat is die oplossing. Nou die oplossings gaan nie in elke gemeenskap dieselfde wees nie. Die probleme in elke gemeenskap gaan ook nie dieselfde wees nie. Maar die basis van die gesonde waardes om daai boodskap oor te dra (Onderhoud 2).*

Kontinuïteit

'n Belangrike punte is dat organiseerders 'n moeite sal doen met hul programme en dit deurlopend aanbied. Dit kom voor asof die Batebouers netwerkdaarin slaag om dit te bewerkstellig. Een lid het egter gemeen dat daar selfs kontinuïteit van een projek na 'n volgende moet wees:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *Op die oomblik is ek 'n bietjie swartgallig as ek dit sê, ek dink ons het nog 'n lang pad om te loop. Vir die eenvoudige rede is ons pak 'n projek aan, maar nooit met 'n volgende een voor oog nie. En ek glo* ***kontinuïteit*** *is in die kerk, net so 'n groot skaarste. . . . Ons kyk net vir 'n jaar . . . (Onderhoud 8).*

Vir hierdie deelnemer is die ideaal 'n werklik langtermynbetrokkenheid, wat waarskynlik 'n bewys is van die waarde wat hy of sy daarin sien.

4.5 Samevatting

Uit die gesprekke met die lede van die Batebouers netwerk kom dit voor asof die implementering van die ontwikkelingsbatesraamwerk tot meer volhoubaarheid kan lei, alhoewel hulle ook uitdagings in die gesig staar wat die pad kan bemoeilik. Ten slotte dan enkele uitdagings wat die netwerk myns insiens die hoof moet bied:

1. Die samewerking tusen die verskillende sektore in die gemeenskap is nog nie heeltemal in plek nie. Dit is seker die moeilikste element om in plek te kry, maar ook een van die heel belangrikste elemente wat die gebruik van die raamwerk kan laat slaag, aldus die Search Institute.

2. Die Kerk se deelname aan die Batebouers netwerk behoort ook groter aandag te geniet. Twee van die deelnemers aan die navorsing het die belangrikheid van die rol van kerkleiers binne die Netwerk en gemeenskap onderstreep en genoem dat die meeste mense binne die invloedsfeer van die Batebouers netwerk aan 'n kerk behoort. Die kerk het dus kontak met baie mense in die gemeenskap.

3. 'n Derde uitdaging is na my mening die assessering van die projekte van die netwerk. Daarmee saam is die bepaling van uitkomste. Indien die werk evalueer moet word, is dit noodsaaklik om te besluit oor uitkomste vir die werk, sodat die teenwoordigheid, afwesigheid en groei van die bates in die gemeenskap (met ander woorde die uitkomset van hul werk) uiteindelik geassesseer kan word.

4. Befondsing is vir enige gemeenskapswerk 'n groot uitdaging. In hierdie verband moet die netwerk 'n besluit neem oor die kommersialisering van die raamwerk. Gaan 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sekere fooi gekoppel word aan deelname en/of die gebruik van die raamwerk, of gaan dit beskikbaar gestel word aan almal om na goeddunke te gebruik. Die opsie van ’n kombinasie van kommersialisering en algemene gebruik is ook op die tafel aangesien van die deelnemers die Stellenbosch-gemeenskap as ’n gemeenskap van uitersstes beskryf het. Hiermee het die deelnemers bedoel dat daar uiterste armoede en baie ryk mense in die gemeenskap is.

Indien die huidige leierskap van die Batebouers netwerkantwoorde kan vind vir die uitdagings, sal dit natuurlik die volhoubaarheid van die werk bevorder.

Die navorsingsvraag van hierdie studie is die vraag of die ontwikkelingsbates-raamwerk aangewend kan word as ’n raamwerk vir ’n meer volhoubare kinderbediening. In hoofstuk 5 word die bevindinge van die literatuuroorsig en die kwalitatiewe navorsing saamgevat om ’n moontlike antwoord op hierdie vraag aan te bied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

In Hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem uitgewys as die soeke na ’n raamwerk vir ’n meer volhoubare Kinderbediening. Die navorsingsvraag is dus soos volg geformuleer: Kan ’n ontwikkelingsbatesraamwerk bydra tot ’n meer volhoubare kinderbediening? Die navorsing het probeer bepaal of die gebruik van die ontwikkelingsbatesraamwerk van die veertig ontwikkelingsbates van die Search Institute kan help om die bediening van kinders meer volhoubaar te maak. Die waarde en bydrae van die studie tot die Praktiese Teologie is aan die hand van die vier take van die Praktiese Teologie soos beskryf deur Richard Osmer (2001:31-78) bepaal. Die beperkinge van die navorsing is ook uitgewys.

Die volgende sleutelkonsepte toepaslik vir hierdie studie is in hoofstuk 1 bepaal en gedefinieer.

- Kinders
- Kinderbediening
- Volhoubaarheid
- Volhoubaar
- Holisties
- Gemeenskapstransformerend
- Ontwikkelingsbatesraamwerk

Hierdie konsepte is reg deur die studie gebruik as riglyn vir die bespreking van die ontwikkelingsbatesraamwerk as raamwerk vir meer ’n volhoubare kinderbediening.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Hoofstuk 2 is ’n oorsig gegee van enkele faktore wat ’n invloed het op kinderbediening. Kinderbediening is gedefinieer volgens die navorser se verstaan daarvan en op grond van navorsing gedoen deur Grobbelaar en Hendricks (2009:350-353) (vergelyk ook punt 4 van Hoofstuk 1), White (2008: 5) en Grobbelaar (2008:331 en 467). Die uitgangspunt van my definisie was Matteus 5 (vergelyk 2.2.1). Enkele modelle wat tans gebruik word vir die bediening aan kinders is ook verken en evalueer aan die hand van die navorsingsvraag, definisie van kinderbediening en die definisies van die sleutel konsepte van hierdie studie.

In Hoofstuk 3 is ’n oorsig gegee oor die ontstaan van die ontwikkelingsbates-raamwerk van die Search Institute. Die raamwerk is kortliks in sy verskillende kategorieë verdeel en beskryf en elke bate is aan die hand van gepaardgaande navorsing verken (vergelyk 3.3). Elemente wat die ontwikkelingsbatesraamwerk moontlik geskik maak vir ’n meer volhoubare kinderbediening is aan die hand van die navorser se definisie van kinderbediening bespreek.

In Hoofstuk 4 is ’n beskrywing van die kwalitatiewe navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, gegee. Die metodiek wat vir die empiriese navorsingskomponent gebruik is, is bespreek. Die ontleding van data uit die semi-gestruktureerde onderhoude is bespreek aan die hand van vyf temas wat uit die getranskribeerde data na vore gekom het, en verbande is gelê met die navorsingsvraag (vergelyk 4.3.1 en 4.4).

Uit die literatuurstudie en gepaardgaande empiriese navorsing kan sekere gevolgtrekkings gemaak word, en dit word nou kortliks bespreek.

5.2 Gevolgtrekkings

Uit die literatuurstudie en empiriese navorsing het sekere tendense aan die lig gekom, en die volgende gevolgtrekkings word daaruit gemaak:

5.2.1 Meer akademiese navorsing is nodig

Die behoefte aan meer akademiese navorsing oor kinderbediening in Suid Afrika het duidelik na vore gekom. Grobbelaar (2008:168-191) is van mening dat daar ten opsigte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Kinderbediening internasionaal en plaaslik oor die veranderinge wat nodig is, en die paradigmas wat geskuif moet word, nagedink moet word. Die behoefte het duidelik na vore gekom oral waar kinderbediening in die Suid-Afrikaanse konteks onder bespreking gekom het.

5.2.2 Kinderbediening as inklusiewe bediening

Die navorsing oor die ontwikkelingsbates het aangetoon dat kinderbediening slegs volhoubaar kan wees as dit ’n meer omvattende, inklusiewe bediening word. Dit het geblyk dat te veel kinders nog van kinderbediening soos wat die kerk dit normaalweg doen (met ’n fokus op die kinders wat reeds in die kerk is), uitgesluit is. Hoofstuk 1 en 2 het uitgewys dat alle kinders ingesluit behoort te wees, en nie net kinders wat deel vorm van die gemeente nie. Kinderbediening behoort as deel van die missionale roeping en taak van die kerk uit te reik na al die kinders in die hele gemeenskap. Jesus sê immers in Matteus 5 dat die persoon wat kinders ontvang, niemand minder nie as Christus self ontvang. Volgens Guder (1998:78) lê een van die grootste uitdagings van die kerk daarin dat tradisies en roetines ‘n houvas op die funksionering van die kerk het en daardeur haar gestuurde roeping inhibeer. Die kerk behoort dus haarself te herposisioneer en te vra hoe relevant en getrou sy nog ten opsigte van haar roeping in die wêreld is. Die kerk kan nie net geestelik betrokke wees in die samelewing nie, die bediening van die kerk behoort die dualiteit van gees en liggaam te oorbrug en ook ernstig op neem die totale menswees as geskapene van God. Waneer die kerk hierdie aangeleentheid wil oorbrug in terme van kinderbediening kan die ontwikkelingsbatesraamwerk van hulp wees in die verband.

5.2.3 Langtermynoplossings is nodig

’n Meer volhoubare kinderbediening vra vir langtermynoplossings. Daar is nie net een regte manier om die uitdaging van ’n meer volhoubare kinderbediening die hoof te bied nie. Die ontwikkelingsbatesraamwerk kan een manier wees om dit te doen. Denke oor hierdie uitdaging begin egter voor denke oor raamwerke en metodes, naamlik by denke oor kinders en kinderbediening (iets wat aansluit by die eerste gevolgtrekking, naamlik navorsing oor kinderbediening). Eers dan sal die probleme duidelik beskryf kan word, sal die nodige paradigmaskuiwe gefundeer kan word, en sal daar werklik kreatief

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedink en gewerk kan word aan die vind van langtermynoplossings. Die resultaat sal hopelik ’n werklik volhoubare kinderbediening wees.

5.2.4 Paradigmaskuiwe is nodig

Die faktore wat kinderbediening beïnvloed, vra ook paradigmaskuiwe. Die verskillende faktore wat ’n invloed het op kinderbediening soos wat dit in Hoofstuk 2 bespreek is, vra dat nuwe maniere om kinderbediening te doen, indringend ondersoek behoort te word. Die faktore is:

- Die familielewe in Suid-Afrika
- Die sosio-ekonomiese werklikhede in Suid-Afrika
- Die sosiale uitsluiting van kinders
- Armoede
- Opvoeding
- Die inligtingsera

Hierdie faktore het ’n radikale invloed op die gemeenskappe en kontekste waarin kinders leef (veral die huis, skool en kerk). Hierdie faktore dwing ons om te vra hoe relevant die metodes is waarvolgens kinderbediening tans gedoen word.

5.2.5 Oop gesprekvoering is noodsaaklik

’n Meer volhoubare kinderbediening behoort by oop gesprekvoering begin. Die woorde van een van die deelnemers aan die navorsing vat hierdie kwessie miskien die beste saam: “*Ons het vir nege maande lank net gepraat. En ons het gepraat en gepraat en gepraat ...”* ’n Volhoubare kinderbediening vereis sekere paradigmaskuiwe, en hierdie skuiwe is nie moontlik tensy daar ruimte of ruimtes vir oop en kreatiewe gesprekvoering daaroor geskep word nie. Die plek waar die gesprek moet begin, is myns insiens die leierskap en besluitnemers wat reeds besig is om Kinderbediening te doen, maar dit is ook noodsaaklik om alle rolspelers op een of ander manier by die gesprek in te sluit.

Hier is dit uiters belangrik dat die gesprek oor meer moet gaan as net nog ’n nuwe program, wat kinderbediening vir ’n kort rukkie “lekker” of “oulik” kan maak. Die ontwikkelingsbatesraamwerk is nie net nog ’n program nie, maar ’n lens waardeur die kerk objektief en krities haar betrokkenheid by haar eie kinders en dié van die res van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gemeenskap kan evalueer. Dit vra nie dat Sondagskoolpersoneel en ander vrywilligers “stertjies” plak by bestaande programme om hulle nog meer oorvol en besiger te maak nie. Dit vra ’n saamlooop met ander rolspelers van verskillende rasse, klasse en denominasionele grense, en selfs met nie-Christene. Dit impliseer ’n pad van saam ’n strategie ontdek vir die positiewe ontwikkeling van kinders.

Een van die kenmerke van die tyd waarin ons leef is dat mense nie sonder meer gesag aanvaar nie. Dus behoort die kerk daarop attent te wees dat al begin ons dalk die gesprekvoering oor die bou van bates in die gemeenskap ons dalk nie “in beheer” sal wees van waarheen die proses van bate bou die gemeenskap lei nie. Dit op sigself is “ongemaklik”, maar die kerk behoort eerder ou paradigmas van kinderbediening opsy te skuif en “ongemaklik” uitgedaag te word om weer haar relevansie en getrouheid aan haar roeping terug te kry. Guder (1998:79) vra waar die kerk werklik tot haar reg kom en beantwoord sy eie vraag in die woorde van Dawid Bosch: “The marks of a true church is that such a church exists where the gospel is rightly preached, and the sacraments are rightly administered.” Indien dit dus impliseer dat die kerk haar regmatige plek in die samelewing inneem sonder om kompromieë aan te gaan, dan is dit die skuif wat die kerk nou behoort te maak.

5.2.6 Kontekstualisering van die ontwikkelingsbatesraamwerk

Elke gemeenskap behoort self te besluit hoe hulle hul kinderbediening kan of moet kontekstualiseer. Indien die ontwikkelingsbatesraamwerk hier gebruik gaan word, is dit ook belangrik dat die rolspelers sal besluit hoe hulle die raamwerk binne hulle konteks wil gebruik en dat hulle dit dan daarvolgens kontekstualiseer. Die unieke uitdagings van die Suid Afrikaanse konteks vra uiteraard dat aanpassings gemaak word sodat die raamwerk die konteks kan dien. As deel van die kontekstualisering van die raamwerk is dit belangrik om te onthou dat nie al veertig bates op een slag geïmplementeer hoef te word nie. Dit onderstreep weereens die belangrikheid van oop en kreatiewe gesprekvoering oor kinderbediening.

5.2.7 Ontbrekende bates

Daar is bepaalde bates wat “ontbreek” binne die raamwerk wat eie is aan die Suid Afrikaanse konteks. Dit is belangrik om hier te onderstreep dat die bates wat deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deelnemers geïdentifiseer is as ontbrekende bates nie in die lys van veertig bates voorkom nie, maar dat hulle wel binne reeds bestaande kategorieë ondervang sou kon word. Die navorsing het vasgestel dat dit nodig is om die bates van basiese gesondheid, voeding en higiëne; omgewingsbewustheid; die uitwis van armoede; en respek en menswaardigheid by die lys bates te voeg wanneer die raamwerk vir Suid-Afrika gekontekstualiseer word.

5.2.8 Die verantwoordelikheid om bates te bou, berus by almal

Die verantwoordelikheid vir die bou van bates berus nie net by een organisasie of persoon nie. Soos die definisie van kinderbediening vir hierdie studie verduidelik is, moet alle sektore in die gemeenskap toesien dat kinders positief ontwikkel – elkeen se bydrae is noodsaaklik. Dit word in die diagram hieronder illustreer. Elke sektor dra ŉ ander element by tot die positiewe ontwikkeling van kinders in gemeenskappe; kinders en jongmense moet trouens self ook bydra tot hul eie ontwikkeling. Dit onderstreep net weer die noodsaaklikheid van samewerking. Die verskillende sektore moet dieselfde boodskap oor bates aan die hele gemeenskap uitleef en verkondig. Die samewerking tussen die sektore is die kritieke element in die positiewe ontwikkeling van kinders. Dit sal die kultuur help vestig vir die positiewe ontwikkeling van kinders. Dit help skep ook dadelik die ruimte om holisties met kinders te werk en erken dat kinders uit meer as net een dimensie bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5.1: Vyf aksie-strategieë vir die transformering van gemeenskappe en die samelewing (Search Institute 2006b).

